# DIE KONSEP VAN 'N GAY-PARADIGMA MET BETREKKING TOT HOOFSTROOM - LITERATUUR

DEUR
IAN WILLIAM VAN ROOYEN

VERHANDELING AANGEBIED TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MAGISTER ARTIUM**

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEERLANDISTIEK

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

SEPTEMBER 1997

STUDIELEIER : PROF. H.J. SNYMAN

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

*Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.*

# DANKBETUIGING

Hiermee wil ek graag 'n besondere woord van dank en waardering aan die volgende persone uitspreek:

**My Ouers:**

- Vir jul ondersteuning, opoffering, maar veral liefde.
- Pa - dat jy my inspireer sonder dat jy daarvan bewus is, om na hoër hoogtes te reik.
- Ma - vir jou bemoedigende geaardheid.

**Professor Snyman:**

- Wie vir my as akademiese boompie gebuig en gesnoei het.

**Garth en Donna-Leah:**

- Vir jul liefdevolle aanmoediging.

**Joy:**

- Vir jou bereidwilligheid met die voltooiing van hierdie skripsie.

**Joel:**

- Vir jou voortdurende aanmoediging. Ek waardeer dit, broer.

**My proeflesers Dr Chris Van Der Merwe, Biebie Van Der Merwe en Dr Hester Waher:**

- Vir jul insiggewende advies en die noukeurige proeflesing van my skripsie.

**Die Universiteit Kaapstad:**

- Vir addisionele finansiële ondersteuning.

# SAMEVATTING

Met die gay-teks as primêre objek van ondersoek, is daar in hierdie studie gekyk na die onderskeiding tussen hoofstroom- en gay-literatuur.

Die hipotese van hierdie studie is dat bogenoemde onderskeiding nie in alle gevalle geregverdig kan word nie. Hierdie studie ontken nie die verskille tussen die gay-teks en hoofstroom-literatuur nie. Inteendeel, daar word kennis van die onderskeiding geneem. As vertrekpunt word die aard van die gay-teks ondersoek. Dit word gedefinieer as 'n geordende opeenvolging van sinne wat as 'n samehangende eenheid geproduseer en/of geïnterpreteer word waarin homofiliteit 'n rol speel - primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit. Die verskil tussen gay- en hoofstroom-literatuur vind veral op tematiese vlak plaas waar die bogenoemde definisie duidelik van toepassing is.

Die kern van die hoofstroom-teks bestaan daarin dat die teks grotendeels op die uitbeelding van 'n menslike kondisie fokus. Hierdie menslike kondisie behels ervaringe wat alle mense met mekaar gemeen het. 'n Teks kan op verskeie vlakke geïnterpreteer word. Met Edmund White se roman, <u>A Boy's Own Story</u> as proefteks, toon hierdie studie dat een teks as

beide gay- en hoofstroom-teks gelees kan word. Hiermee word bewys dat die gay-teks en hoofstroom-literatuur nie antonieme van mekaar hoef te wees nie.

Literêr-teoretiese bewysvoering soos die voorafgaande het egter baie min impak op konserwatiewe lesers. Hindernisse wat verhoed dat die gay-teks hoofstroom-status geniet, is onsuksesvolle bemarkingsstrategieë, beperkte leserskap, die leser se vooroordeel met betrekking tot die teks en die skrywer, en resensente wat versuim om die teks te plaas binne die breër konteks van eietydse literatuur.

Die oplossing is dat skrywers dieper in die gay-belewenis moet delf sodat hulle aspekte aanraak wat die breër heteroseksuele gemeenskap sal interesseer. Gay-skrywers se verlange om hoofstroom-status te verkry sal bewaarheid word as hulle daarna streef om hul plek vol te staan in die geskiedenis van die ontwikkeling van die gay-teks, maar ook as morele en sielkundige kwessies aangespreek word wat alle mense raak. Die uitdaging wat verder bestaan, is dat daar aan die kritiese leser se vooroordeel gewerk moet word.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat die onderskeiding tussen die gay-teks en hoofstroom-literatuur nie in alle gevalle geregverdig kan word nie, en dat die teks ten alle tye hoofstroom-status sal geniet as bogenoemde kondisies beantwoord word.

# ABSTRACT

In analysing the distinction between gay and mainstream literature, this study bases itself primarily on the gay text.

The hypothesis underlying this study is that the above-mentioned distinction is not totally justified. This study does not deny the differences between gay and mainstream literature. On the contrary, the nature of the differences are expounded to provide an objective argument. The primary investigation is concerned with the nature of the gay text. A gay text may be defined as a sequence of arranged sentences which are produced and/or interpreted as a coherent unit in which homosexuality plays a role - primarily, secondarily or merely as a suggestion or sensibility. The difference between gay and mainstream literature in especially visible on the thematic level where the abovementioned in clearly applicable.

The characteristic of a mainstream text is that it focuses mainly on the depiction of a human condition. This human condition include experiences which all people have in common. A text can be interpreted on various levels. After analysing Edmund White's novel A Boy's Own Story it is illustrated

how one text can be read as both gay and mainstream text. It is hereby proved that the gay text does not have to be antonymous with mainstream literature.

Literary-theoretical evidence like the aforementioned has very litte impact on conservative readers. Obstacles which prevent the gay-text from being acknowledged as mainstream literature include ineffective marketing strategies, limited readership, the reader's bias toward the text and author, and reviewers who fail to read the text within the context of contemporary literature.

The solution is that writers should penetrate the gay experience to the point where they address issues that affect and interest broader society. The aspiration of gay writers being acknowledged as mainstream writers will be realised when they claim their position in the historical development of the gay text. In addition to the above, they must address moral and psychological issues which affect all people.

We reach the conclusion that the distinction between the gay text and mainstream literature is not totally justified and that the gay text will receive mainstream status at all times provided the abovementioned conditions are met.

# INHOUDSOPGAWE

**INLEIDING**

Uiteensetting van onderwerp en navorsingsmetodes............... 1

**HOOFSTUK EEN**

1. AARD VAN DIE GAY-TEKS

1.1 Die konsep *teks*...................................... 4

1.2 Die konsep *gay-teks*.................................. 4

1.2.1 Drie eras van gay-literatuur........................ 5

1.2.2 Drie modelle waarna gay-teks streef................ 8

1.2.2.1 Die Narcissus-mite................................ 9

1.2.2.2 Die Apollo-mite................................... 10

1.2.2.3 Die Herakles-mite................................. 12

1.2.3 Die gay-teks as ´n globale begrip................... 13

1.2.4 Die genre van subkultuur-bestaan.................... 15

1.2.4.1 Die posisie van die gay-subkultuur met betrekking tot die heteroseksuele werklikheid.................... 15

1.2.4.2 Aspekte van die gay-subkultuur.................... 18

1.2.4.2.1 Drie tipes gay-figure........................... 19

1.2.4.2.1.1 Die transvestiet.............................. 20

1.2.4.2.1.2 Die verwyfde gay.............................. 20

1.2.4.2.1.3 Die verhulde gay.............................. 20

1.2.4.2.2 Bedrywe in die gay-subkultuur........................ 21
1.2.4.2.2.1 Transvestisisme.................................. 21
1.2.4.2.2.2 Cruising......................................... 25
1.2.4.2.2.3 Hustling......................................... 30
1.2.4.2.2.3.1 Motivering vir hustling........................ 31
1.2.4.2.2.3.2 Hoe die hustler in die subkultuur funksioneer.................................. 34
1.2.4.2.2.3.3 Profiel van 'n hustler......................... 36
1.2.4.2.2.4 Ooreenkomstes tussen cruising en hustling ..... 38

**HOOFSTUK TWEE**

2. GAY-TEKS EN TEMA

2.1 Inleiding............................................... 40
2.2 Die vooroordeel van die leser........................... 40
2.3 Temas wat die gay-teks onderskei van hoofstroom-literatuur.............................................. 46
2.3.1 Inisiasie-situasies................................... 47
2.3.2 Homofiele oriëntasie.................................. 50
2.3.3 Mans in afsondering................................... 54
2.3.3.1 Tronke.............................................. 54
2.3.3.2 Myne................................................ 58
2.3.4 Gay bedrywighede: Cruising, Hustling en Transvestisisme...................................... 64
2.3.5 Die getroude gay...................................... 65
2.3.6 Gay politiek.......................................... 68
2.3.7 VIGS en die dood...................................... 71

HOOFSTUK DRIE

## 3. DIE GAY-TEKS EN HOOFSTROOM-LITERATUUR


3.1 Primêre leesvlak van A Boy's Own Story.............. 80

3.2 A Boy's Own Story as hoofstroom-teks................. 99

3.2.1 Uitbeelding van die menslike kondisie in A Boy's Own Story....................................... 100

3.2.1.1 Die menslike kondisie van liefde in A Boy's Own Story................................ 100

3.2.1.1.1 Filiale liefde in A Boy's Own Story............ 100

3.2.1.1.2 Romantiese liefde in A Boy's Own Story.......... 105

3.2.1.1.3 Vriendskaplike liefde in A Boy's Own Story...... 109

3.2.1.1.4 Gevolgtrekkings met betrekking tot die menslike kondisie van liefde in A Boy's Own Story....... 116

3.2.1.2 Die menslike kondisie van eensaamheid in A Boy's Own Story.................................. 117

3.2.2 Die evaluasie van A Boy's Own Story as hoofstroom-teks... 119

3.3 A Boy's Own Story as gay-teks....................... 120

3.3.1 Die seun se gay-ontwikkeling in A Boy's Own Story... 121

3.3.2 Gay temas in A Boy's Own Story..................... 129

3.3.3 Die mitologiese model waarna A Boy's Own Story streef. 132

3.3.4 Evaluasie van A Boy's Own Story as gay-teks......... 134

3.4 Opmerkings met betrekking tot die gay-teks en hoofstroom-literatuur.................................. 134

HOOFSTUK VIER

4. SLOT........................................................ 137

**BIBLIOGRAFIE**.................................................. 144

# INLEIDING

## UITEENSETTING VAN ONDERWERP EN NAVORSINGSMETODES

In 'n kultuur waar daar 'n onderskeid gemaak word tussen diegene wat die norme van die samelewing gehoorsaam en diegene wat dit verontagsaam, vind ons dat daar op letterkundige vlak ook 'n onderskeiding ontstaan tussen skrywers wat deel uitmaak van die literêre kanon en skrywers wat uitgelaat word weens die aard van hul werk. Onder die onderwerp: *Die konsep van 'n gay-paradigma met betrekking tot hoofstroom-literatuur,* sal ons ondersoek of die onderskeiding tussen hoofstroom-literatuur en literêre werk wat deel uitmaak van die gay-paradigma, geregverdig word.

As ons praat van 'n *gay-paradigma,* dan verwys ons na die eenheid wat bestaan uit 'n versameling primêre eenhede, naamlik die gay-teks. Omdat die gay-teks die boustof is van die omvattende term, *gay-paradigma,* is die ondersoek na die aard van die gay-teks ons vertrekpunt. In hoofstuk een benader ons die konsep *gay-teks* vanuit verskillende hoeke. Nadat dié konsep gedefinieer is, kyk ons oorsigtelik na die ontwikkeling van die gay-teks sodat ons bespreking binne konteks plaasvind. Daarna stel ons drie modelle voor, waarna die gay-teks streef. Literêre tekste wat in hierdie studie gebruik word, toon aan dat daar 'n ooreenkoms is tussen die gay-teks en dit wat in die werklikheid plaasvind. Om

hierdie rede word die gay-teks ook ondersoek binne die konteks van die gay-subkultuur. In hierdie onderafdeling kyk ons veral na bedrywighede wat in die gay-subkultuur voorkom.

In hoofstuk twee neem ons kennis van die onderskeiding tussen die gay-teks en hoofstroom-literatuur, maar hier ondersoek ons uitsluitlik die gay-teks op die tematiese vlak. Raakpunte tussen hierdie hoofstuk en hoofstuk een word gevind met die tematiese verwysing na die verskeie gay-bedrywighede. Dit is nie ons doel om bloot hierdie aspek te herhaal nie, maar dit is nodig om hierdie bedrywighede weer te noem omdat dit ´n ander faset van ons bespreking belig.

Nadat ons die aspekte belig het (op die tematiese vlak) wat die gay-teks van hoofstroom-literatuur onderskei, stel ons uiteindelik die gay-teks teenoor hoofstroom-literatuur. Hierdie aspek van die skripsie vind op die literêre vlak plaas. Ons gebruik Edmund White se A Boy´s Own Story as proefteks en ons probeer aantoon dat een teks as beide hoofstroom- en gay-teks geïnterpreteer kan word. Hiermee bewys ons dat die gay-teks en hoofstroom-literatuur nie antonieme van mekaar hoef te wees nie.

In die slot, noem ons verskeie hindernisse wat keer dat die gay-teks hoofstroom-status geniet. Ons stel ook voor hoe hierdie struikelblokke oorbrug kan word. Ons kom tot die gevolgtrekking dat die onderskeiding tussen die gay-teks en hoofstroom-literatuur nie in alle gevalle geregvedig word nie, en dat die teks ten alle tye hoofstroom-status sal geniet as aan bepaalde kondisies beantwoord word.

Waar moontlik, word alle stellings toegelig met voorbeelde. Die keuse van steuntekste is nie toevallig nie. Omdat daar 'n tekort aan Afrikaanse bronne is (beide teoreties en literêr), word daar gesteun op die werk van Amerikaanse en Britse skrywers. Indien Engelse bronne gebruik word, in plaas van beskikbare Afrikaanse bronne, word dit nie gedoen om die die Afrikaanse tekste te ondermyn nie. Daar word van die gekose tekste gebruik gemaak omdat dit myns insiens, bepaalde aspekte beter illustreer. Omdat 'n spesifieke onderwerp met hierdie skripsie bespreek word, is dit onmoontlik om van alle denkbare gay-bronne gebruik te maak. Daar is talle interessante tekste waarvan kennis geneem word, maar nie in dié skripsie gebruik is nie, omdat dit buite die grens van die onderwerp val. Weens die universele aard (met betrekking tot taal) van dié onderwerp, poog hierdie skripsie om 'n antwoord te verskaf wat oor die taalgrens van toepassing sal wees.

# HOOFSTUK EEN

## AARD VAN DIE GAY-TEKS

### 1.1 Die konsep *teks*

Voordat ons kan vasstel wat die begrip *gay-teks* inhou, is dit van belang om duidelikheid rondom die konsep, *teks* te kry. *Teks* word algemeen as ŉ stuk taalgebruik gesien wat sintakties, semanties en pragmaties ŉ samehangende eenheid vorm. Van Gorp in Cloete (1992:530) definieer ŉ teks as ŉ geordende opeenvolging van sinne wat as ŉ samehangende eenheid geproduseer en/of geïnterpreteer word. Hierdie omskrywing gee te kenne dat daar verskillende tipes tekste, soos byvoorbeeld, literêre tekste, reklametekste, joernalistieke tekste, wetenskaplike tekste, ensovoorts, gevind kan word.

### 1.2 Die konsep *gay-teks*

Vanuit ŉ historiese perspektief, kan literatuur wat as gay-literatuur bekendstaan, met betrekking tot inhoud, ruweg in drie eras geklassifiseer word. Die noem van die eras is van belang omdat die klassifikasie daarvan ons ŉ beter indruk sal gee van wat die konsep *gay-teks* behels.

### 1.2.1 Die drie eras van gay-literatuur

Literatuur wat ons vandag as gay-literatuur bestempel, het momentum gekry in die Stonewall-era, wat in 1969 begin ontwikkel het. Met dié ontwikkeling, het die skrywers probeer vasstel wat 'n gay-teks eintlik moet inhou. Mordden (1994:xii) beweer dat in die sogenoemde Stonewall-era, gay-literatuur sy verskyning gemaak het om hoofsaaklik die gay kondisie vir gay lesers te identifiseer. Die skrywers het ook gepoog om vyandigheid teenoor gays teen te kamp en om 'n verdraagsamer sosiale verdrag voor te stel. Die dinge het hulle probeer aanspreek deur gay-literatuur te ontwikkel. Mordden (1994:xii) beweer verder dat 'n mens nie 'n bepaalde boek as 'n tipiese gay-verhaal kan klassifiseer nie, omdat daar soveel verskillende lewens is wat gay mans en vrouens lei.

In die Stonewall-era was dit vir die skrywers noodsaaklik om 'n wye reeks ervarings, met betrekking tot die vervreemding van die gay persoon van 'n onverdraagsame kultuur uit te beeld. Die skrywers het ook die gevoel gehad dat dit noodsaaklik was om 'n opname van hul lewens te maak omdat niemand anders dit sou doen nie. Die oorsprong van die gay-teks word gekenmerk deur die feit dat dit spesifiek gebruik word om die algemene te belig. Anders gestel, is dit ooglopend dat 'n oortuigende siening van enige menslike kondisie, in hierdie geval die gay-belewenis, die mens toerus om 'n beter begrip van humaniteit te kry.

Na die vestiging van die gay-teks is daar veral in die 1980's 'n beweging om die gay-teks te herdefinieer. Hier lê die klem op die avonture van die gay man en hoe hy sy lewe lei. Een van die tagtigers se prioriteite is om die gay se vriendekring en familieverband te verken. Diegene wat die tagtigers voorgegaan het, het gepoog om die skryfproses as 'n kuns met betrekking tot die gay belewenis, na te streef. Gay-literatuur van die tagtigers beweeg weg hiervan en lê groter klem op die nabootsing van die lewe self. In aansluiting tot die belangrikheid van die uitbeelding van die gay en sy vriendekring of familieverband probeer die skrywers in die tagtigs vasstel wat 'n gay identiteit vir hulle as individue behels. In hul strewe probeer hul terselfdertyd om 'n beter begrip van die konsep *gay samelewing* te kry.

In die uitbeelding van die vriendekring en familieverband, word verhale dikwels met sensitiwiteit en deernis uitgebeeld. Die verhale word vir die leser sensitief omdat die tweede beweging daarna streef om die werklikheid na te boots. Karakters is nie uitspattig nie, maar is die tipe waarmee ons kan identifiseer, soos byvoorbeeld, 'n buurman, 'n kollega of 'n goeie vriend. Die verhale word op so 'n wyse uitgebeeld dat dit 'n bepaalde werklikheid naboots. Elke nabootsing is verskillend omdat individu van individu verskil en omdat elkeen 'n ander faset van die werklikheid uitbeeld.

Aan die einde van die 1980's waar toenemende klem op VIGS en politiek gelê word, kry dit ook in die literatuur, veral gay-literatuur gestalte. Hierdie twee onderwerpe is die grondslag van die derde beweging juis omdat die teks begin

om polities te word. Die derde beweging staan nie onafhanklik van die tweede beweging nie omdat dit daarop bou. In hierdie beweging, word die mening dat gays uitgeworpenes in die heteroseksuele kultuur is, versterk. Aandag word nog steeds aan die familieverband geskenk en krisisse wat op die gay persoon betrekking het, word dikwels komies uitgebeeld.

Die verskil tussen die tweede en die derde beweging is dat die tweede beweging deur middel van die literatuur uitbeeld hoe dit voel om gay in ŉ heteroseksuele werklikheid te wees. Die derde beweging daarenteen, beskou die reële werklikheid as gay, en heteroseksuele teenhangers as die indringers.

Ons het oorsigtelik gekyk na die drie bewegings wat gay-literatuur tipeer. Ons moet daarop bedag wees dat nie alle skrywers hulle by ŉ bepaalde beweging aanpas nie en dat daar wel verhale is wat van die patroon afwyk. Ten spyte hiervan kan ons nie loskom van die feit dat al drie eras ŉ aspek van die gay-belewenis belig nie. Met die in gedagte kan ons Aucamp (1990:9) se werkdefinisie van gay-literatuur in aanmerking bring. Hy definieer dit as "letterkunde waarin homoseksualiteit ŉ rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as ŉ suggestie of ŉ sensibiliteit".

Die gebruik van die woord *homoseksualiteit* in Aucamp se definisie is problematies omdat dié woord te veel negatiewe konnotasies daaraan verbonde het. Dit lê byvoorbeeld te veel klem op die seksuele verhouding tussen mans en impliseer dat verhoudings tussen mans deur seksuele omgang gekenmerk word.

Die lees van gay-tekste illustreer egter dat die gay-belewenis meer kompleks is as wat dit op die oog af lyk. Verhoudings tussen mans het nie noodwendig net met seksuele omgang te doen nie, omdat dit meer as net seks kan insluit. Soos met heteroseksuele verhoudings, openbaar verhoudings tussen gay mans gesamentlike ervarings en die deel van 'n innerlike en emosionele lewe. Seksuele kontak kan 'n belangrike rol in die verhouding speel, maar kan ook afwesig wees. Om hierdie rede sal ons die woord *homoseksualiteit* vermy en ons sal dit slegs gebruik as ons die klem op seksuele omgang wil plaas. Vir ons doeleindes sal ons die minder gelaaide term *homofiliteit* gebruik omdat dit meer klem op die aangetrokkenheid en liefde tussen mans lê.

As ons dus Aucamp (1990:9) se definisie moet aanpas, kan ons gay-letterkunde definieer as letterkunde waarin homofiliteit 'n rol speel- primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit. Met Van Gorp in Cloete (1992:530) se definisie van wat 'n teks behels, kan ons Aucamp (1990) en Van Gorp (1992) se definisies saamsmelt om uiteindelik 'n definisie van 'n gay-teks te kry. Ons kan dus 'n gay-teks definieer as 'n geordende opeenvolging van sinne wat as 'n samehangende eenheid geprodusseer en/of geïnterpreteer word waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit.

### 1.2.2 Drie modelle waarna die gay-teks streef

Die vlugtige oorsig van die ontwikkeling van gay-literatuur sedert die Stonewall-era, waarna ons kortliks gekyk het, voorveronderstel nie dat dit sy oorsprong in die sestigs het nie. Aspekte van die homofiele bestaan kan sover as die klassieke mitologie teruggevoer word. 'n Studie van die mitologie toon dat die gay-teks ten minste drie mites nastreef, naamlik, die Narcissus-, Apollo- en die Herakles-mites. 'n Studie van hierdie mites sal aantoon dat dit in een of ander vorm in gay-literatuur aangetref kan word. Ons sal kortliks na die afsonderlike mites kyk en later ons aandag vestig op hoe dit in die literatuur gemanifesteer word.

### 1.2.2.1 Die Narcissus-mite.

Die **Narcissus**-mite vertel van 'n jong man wat die liefde verag het. Die welbekendste weergawe van hierdie mite word in <u>The Penguin Dictionary Of Classical Mythology (1990)</u> beskryf. Narcissus, die seun van die god Cephissus en die nimf Liriope was as jeugdige so beeldskoon dat talle minnaars, beide manlik en vroulik, na hom gevry het. Hy het alle toenadering afgeweer. Ook die nimf Echo het op hom verlief geraak, maar hy het haar geïgnoreer en sy kon nie verder as die ander vryers kom nie. Sy het haar na 'n eensame plek onttrek waar sy doodgekwyn het. Die ander minnaresse wat ook deur Narcissus verwerp is, het die hemele om wraak gesmeek. Nemesis het hul pleidooi verhoor en het dit laat gebeur deur Narcissus op 'n warme dag, terwyl hy oor 'n stroom gebuk het om water te drink, op sy eie weerkaatsing verlief te laat raak. Hoe meer hy na sy eie weerspieëling gekyk

het, hoe meer het hy op homself verlief geraak. Van toe af het hy oor sy eie weerkaatsing gewaak, waar hy uiteindelik doodgegaan het. Op die plek waar hy doodgegaan het, het daar later 'n blom opgekom wat sy naam dra.

Die Beosiëse weergawe verskil wesenlik. 'n Jong man Armeinias raak op Narcissus verlief, maar is nie met gelyke munt betaal nie. Narcissus het voorgegee om hom te verwerp en het hom uiteindelik 'n swaard present gegee. Armeinias pleeg voor Narcissus se deur selfmoord en voordat hy sterf, skree hy 'n vloek op hom uit. Toe Narcissus homself op 'n dag in 'n waterbron sien, word hy op homself verlief en uit hartstog pleeg hy selfmoord.

### 1.2.2.2. Die Apollo-mite

Die Olimpiër Apollo, seun van Zeus en Leto, word uitgebeeld as 'n god van uitmuntende skoonheid en groot statuur. Hy word uitgeken deur sy lang, swart, krullerige hare. Tussen die Grieke en die Romeine word hy as een van die grootste gode beskou. Hy is die hoof-god van voorspelling en van die kunste, veral musiek. As beskermheer van geneeskunde kon hy plae aanbring en ook afweer. Dit is bekend dat hy veewagters beskerm het alhoewel hy ook met een van hul grootste vyande, die wolf, verbind word.

Apollo het talle liefdesverhoudings met nimfe, sterflike vroue en selfs met mans gehad. Sy liefdesverhoudings sluit onder andere sy verhouding met die nimf Daphne in, wat nie sy begeertes kon bevredig nie. Hy was met die nimf Cyrene meer

suksesvol en het die demigod Aristaeus by haar verwek. Hy het ook verhoudings met die muses gehad en het kinders by hulle verwek. Deur Thalia het hy byvoorbeeld Corybantes verwek, en deur Urania was hy die vader van die musikante Linus en Orpheus.

Al Apollo se verhoudings was nie met geluk besaai nie. Hy was die slagoffer van Coronis, wat as gevolg van haar ontrouheid geboorte geskenk het aan Asclepius. 'n Soortgelyke lot het hom 'n tweede keer beval in sy verhouding met Marpessa. Apollo het haar bemin, maar sy teenstander, Idas, het haar na Messina weggedra waar hy en Apollo oor haar geveg het. Zeus het die geveg stopgesit en Marpessa die geleentheid gegee om tussen die twee te kies. Uit vrees dat Apollo haar op haar oudag sou verlaat, besluit sy daarteen om hom te kies.

Apollo se liefde vir Cassandra het ook ongelukkige gevolge gehad. In sy poging om haar te verlei, het hy haar die kuns van voorspelling belowe. Sy het bekwaamheid verwerf, maar het geweier om haarself aan hom oor te gee. Uit wraak het hy verseker dat niemand haar voorspellings sou glo nie.

Dit is ook bekend dat Apollo jong mans bemin het. Sy verhoudings met hulle was nie veel gelukkiger as sy mislukte verhoudings met vrouens nie. Hy het byvoorbeeld die jeugdige Hyacinthus per ongeluk met 'n diskus doodgegooi. 'n Hiasint het opgekom waar sy bloed gestort het. Sy geliefde Cyparissus het per ongeluk 'n mak hert doodgemaak en kon nie vertroos word nie. Om vrede in Cyparissus se hart te

bewerkstellig, het hy hom in 'n sipresboom verander. Albei gebeurtenisse het hom net soveel hartseer as sy vorige mislukte verhoudings besorg.

Die algehele indruk wat ons van Apollo kry, is dat hy beeldskoon was en dat hy 'n atletiese liggaamsbou gehad het weens die feit dat hy ook as 'n kryger bekend staan. Die feit dat hy beide mans en vrouens bemin het, gee te kenne dat 'n tweeledige seksuele geaardheid in een liggaam bewerkstellig is.

**<u>1.2.2.3 Die Herakles-mite</u>**

Die naam Herakles roep onmiddellik die idee van fisieke krag op. Hy was die seun van sy sterflike vader Amphityron en sy moeder Alcmene. Sy regte vader was egter Zeus.

Voor Herakles se geboorte was Hera se toorn en jaloesie teenoor Alcmene sigbaar. Zeus het verklaar dat die eerste kind wat tot die Perseidese ras gebore word, oor Argos sou regeer. Hera het toe onmiddellik met Eilithyia, die godin wat geboorte aanbring, gereël dat Herakles se geboorte vertraag word terwyl sy neef, Eurystheus, s'n verhaas word. Die gevolg was dat Eurystheus eerste gebore is. Ten spyte daarvan dat Herakles fisiek sterker as Eurystheus was, moes hy aan hom onderdanig wees omdat Eurystheus voor hom gebore is. Eurystheus het by wyse van spreke oor Herakles geheers en onder sy heerskappy moes hy verskillende take afhandel. Die take wat hy aangepak het, herinner ons aan die tipe waarvan ons in sprokies lees waar 'n ridder verskillende gevare moet

trotseer om die hand van die skone prinses te wen. Die take was nie maklik nie en die oorwinning daarvan het beide fisieke krag sowel as slimheid geverg.

Nadat Herakles al twaalf take votooi het, was hy ook by ʼn reeks veldtogte betrokke. Sy meesterskap en oorwinnings van hierdie veldtogte is ʼn bevestiging van die assosiasies wat sy naam oproep. In die literatuur word die falliese en ook die kragfiguur aan die Herakles-mite verbind.

### 1.2.3 Die gay-teks as ʼn globale begrip.

Die konsep *gay-teks* is ʼn alomvattende term wat op verskillende wyses benader kan word. Een benadering is om die gay-teks te sien as ʼn globale begrip wat in genres onderverdeel kan word.

Tradisioneel gesproke, dui *genre* op ʼn tipologie of klas waartoe ʼn literêre werk behoort. Die Franse teoretikus Tzvetan Todorov (1982:6) definieer genre as "... a class of texts which has a historically attested existence. It is an ambiguous entity on the level of analysis: on the one hand it is empirical, since it can be situated in time and space, it's exemplifications can be listed, testimony as to it's relevance for producers (writers) and receivers (readers) of texts can be collected; on the other hand it is theoretical, because it should be possible, ideally (that is

if the descriptive apparatus of poetics were rich enough), to deduce the genres from the combinatory possibilities of the characteristic features of literary discourse."

Die konsep van genre kan tot Aristoteles teruggevoer word, waar hy in sy Ars Poetica slegs twee genres onderskei, nl. die verhalende en die dramatiese. Hy het die volgende as maatstaf gebruik: In die geval waar daar slegs een stem aantoonbaar is, waar spreekbeurte aan verskillende karakters gegun word, klassifiseer hy die teks as lid van die epiese genre. As verskillende karakters of akteurs ´n spreekbeurt gegun word sonder die "beheer" van ´n oorkoepelende mag, heet die teks *dramatiese genre* (Hambidge 1992:148). Oor die liriek word daar deur Aristoteles nie gepraat nie.

As gevolg van die feit dat daar ´n verandering in genrevoorskrifte van periode tot periode te bespeur is, verskil teoretici van mening oor watter betekenis die begrip vir hulle inhou. Hambidge in Cloete (1992:148) toon aan dat die klassieke digters oor die aard en samehang van literêre genres geteoretiseer het en dikwels geen afwyking van die norm verduur het nie. Om te verseker dat hul werk gekanoniseer word, het skrywers streng by die norme van die tyd gehou. Saayman (1982) noem die werk van die Griekse dramaturg Aischilos as voorbeeld waar die optrede van die gode as karakters in die Griekse tragedie voldoen aan genrevoorskrifte van die tyd en ook aan die verwagtinge van die gehoor. Saayman (1982) noem ook verder dat die dramas nie noodwendig ´n voorstelling van die werklikheid gee nie en dat dit hoegenaamd nie ´n refleksie van die Griekse denke is

nie. Trouens Aischilos en die Grieke was sinies oor die gode en het slegs daaroor geskryf omdat dit deel uitgemaak het van die literêre tradisie. In die geval waar 'n skrywer, soos Aischilos genrevoorskrifte getrou navolg, het ons te make met die estetika van identiteit. Waar skrywers doelbewus genrevoorskrifte verontagsaam of doelbewus negeer, word dit beskou as 'n voorbeeld van die estetika van opposisie.

Talle teoretici meen egter dat daar breedweg in die literatuur drie argigenres te bespeur is, naamlik *epiek, liriek* en *dramatiek*. Ons het reeds genoem dat die gay-teks, soos in die geval van hoofstroom-literatuur, in genres onderverdeel kan word. Die gay-teks kan dus enersyds in literêre genres verdeel word, met ander woorde, daar is gay-tekste wat tot die epiese, die liriese of tot die dramatiese genre behoort. Dit is vanselfsprekend dat die gay-teks nie streng aan een van die drie argigenres hoef te behoort nie, omdat daar talle mengvorme in wêreldliteratuur bestaan.

### 1.2.4 Die genre van subkultuur-bestaan.

Die gay teks kan andersyds in genres verdeel word (nie-literêr) waar die gay-subkultuur met 'n slegs gay tema uitgebeeld word. Met die uitbeelding van hierdie subkultuur word daar klem gelê op al die fasette wat aanspraak op die gay belewenis maak.

#### 1.2.4.1 Posisie van die gay-subkultuur met betrekking tot die heteroseksuele werklikheid

Met betrekking tot die ontwikkeling van die gay-teks, fokus die tweede era (die 1980's) op die uitbeelding van die werklikheid. Dit lê dikwels klem op die emosies van die homofiel wat by die heteroseksuele werklikheid moet inskakel. Weens die feit dat daar besliste verskille tussen die homofiele en heteroseksuele bestaan is, vind die gay persoon dikwels sy toevlug in die subkultuur-bestaan.

In John Weir (1992) se "Homo in Heteroland", vertel uit 'n eerstepersoons-perspektief, word die klem op die gay persoon se persepsie van die werklikheid gelê. Die verhaal illustreer die probleme waarmee die gay individu te kampe het as hy van die gay-subkultuur geïsoleer word en verklaar sodoende die posisie van die gay-subkultuur met betrekking tot die heteroseksuele werklikheid.

Die verteller vertel van sy somervakansie wat hy met sy broer en gesin deurgebring het. Hy vergesel hulle as kinderoppasser na Atlanta waarheen sy broer beoog om te verhuis. In die motor op pad na Atlanta besef hy dat hy tydens sy vakansie in 'n heteroseksuele klimaat vasgevang gaan word. Hy voel ingehok, omdat hy nie ten volle aan sy gay bestaan uiting kan gee nie. Hy sê, "It's easy to be a card-carrying queer on Avenue A, or a brave young fag at some suburban shopping mall, with comrades in tow. But to burn the torch of gay identity in a blue Chrysler van and keep it lit for sixteen hours straight, from the Tappan Zee bridge to the peachtree center, through diaper changes and bottle feedings and yet another reading of Where's Waldo, was

more than I could manage" (Weir in Mordden 1994:5). Hy besef ook dat sy broer se kinders dinge vir hom moeiliker gaan maak omdat kinders volgens hom heteroseksualiteit se geheime wapen is. Hy maak hierdie aanname omdat die kind se behoeftes alles bepaal, soos byvoorbeeld, die tipe onderwerpe wat in die gesprekke moet voorkom sodat hulle behoeftes beantwoord kan word. Hierdie beperking is vir die verteller 'n doring in die vlees omdat die beperking van gespreksonderwerpe sy identiteit ondermyn. Dit is vanselfsprekend dat hy nie sy gay-bestaan kan propageer terwyl daar kinders is wat na die gesprek luister nie.

Op 'n dag terwyl sy broer en skoonsuster uit is, het hy die taak om na hul twee seuns te kyk. Hulle gaan na die buitekant van die motel, waar hulle tydens hul verblyf in Atlanta woonagtig is. Terwyl hy met hulle buitekant speel, noem die sesjarige John terloops dat hy eendag met sy beste vriendin, Abby, wil trou. Sy tweejarige broertjie James, wat hom in alle opsigte wil na-aap gee te kenne dat hy ook eendag wil trou, maar met Abby se broer Ethan. John begin giggel en sê vir sy broer dat dit nie moontlik is nie, omdat mans nie met mekaar kan trou nie. Tydens die afspeel van hierdie gebeure vind die verteller homself in 'n moeilike situasie. Hy moet óf besluit om John se stelling te staaf en sy eie oortuiging te negeer weens die realiteit van 'n dominante heteroseksuele samelewing, óf hy moet sy identiteit verdedig en sy persepsie van die waarheid propageer.

Die verteller besef dat hy 'n kans gegun word om tydelik die ingehoktheid van 'n heteroseksuele samelewing te ontsnap deur sy broerskinders eerlik te beantwoord. Wanneer hy hulle meedeel dat dit wel moontlik is vir mense van dieselfde geslag om met mekaar te trou, stel hy die kind, heteroseksualiteit se geheime wapen, tydelik of dalk permanent buite aksie. Waar hy aan die begin van die verhaal homself as 'n indringer tot die heteroseksuele samelewing beskou het, vind hy dat hy ten minste 'n impak op die kinders veral James kan hê.

Die verhaal begin met die familie op reis na Atlanta, waarheen die verteller se broer wil verhuis. Die gemoedstoestand van die verteller is dié van 'n uitgeworpene. Aan die einde van die verhaal is die familie weereens op reis, maar dié keer, keer hulle terug na Westchester. Op pad terug is hy nog steeds bewus van die implikasies van sy seksuele oriëntasie, maar hy word getroos deur die feit dat hy eendag dalk 'n hoofrol in James se lewe gaan speel weens die stelling wat hy vroeër buite die motel gemaak het.

"Homo in Heteroland" slaag nie net daarin om die gay tema te belig nie, maar slaag terselfdertyd daarin om die impak wat die dominante heteroseksuele samelewing op die homofiel het, voor te stel. Die verhaal beklemtoon ook die ingehoktheid van die homofiel tydens sy isolasie van die gay-subkultuur.

**<u>1.2.4.2 Aspekte van die gay-subkultuur</u>**

Uit die lees van gay-literatuur blyk dit dat die homofiel kwalik in isolasie van ʼn gay vriendekring en samelewing kan bestaan. Met die uitbeelding van die gay-subkultuur in die literatuur, vind ons dat die gay tema deurlopend is en dat literatuur wat daarop betreking het as ʼn aparte genre beskou kan word. Omdat die uitbeelding van die subkultuur die gay-teks in ʼn aparte genre kan verdeel, sal dit noodsaaklik wees om juis hierdie subkultuur deur middel van die literatuur te ondersoek.

As gevolg van die geweldige druk wat die samelewing op die homofiel plaas, word dit vir hom noodsaaklik om deel van ʼn subkultuur uit te maak. In hierdie subkultuur merk ons op dat daar ʼn verset kom teen konvensies en sosiale norme. Die verset wat die ooglopendste is, is die individu se seksuele voorkeur vir sy eie geslag. Hierdie verset is die aanvanklike eienskap wat hom as lid van die gay-subkultuur kwalifiseer.

#### 1.2.4.2.1 Drie tipes gay-figure

ʼn Studie van gay-verhale wat ook die gay-subkultuur uitbeeld, openbaar verskeie elemente wat die gay belewenis betref en ruim ʼn aantal wanopvattings uit die weg. Van die stereotipiese siening dat alle gay persone verwyfd is, moet ons dadelik afstand doen, omdat dit onmoontlik is om ʼn gay persoon deur middel van slegs sy fisieke eienskappe uit te ken. Gay-literatuur wys ons dat daar ten minste drie tipes gay-figure te bespeur is.

### 1.2.4.2.1.1 Die transvestiet

Noem die woord "gay" in ʼn heteroseksuele konteks en die eerste gedagte wat opkom is dat daar gepraat word van ʼn "Drag Queen" of transvestiet. Die samelewing het hierdie siening omdat transvestiete heel sigbaar die homofiele belewenis tot die uiterste uitleef. As transvestiet word daar teen die konvensies van die samelewing verset aangeteken deur oop en bloot hul identiteit bekend te maak. Die algemeenste vorm van verset is die oortreding van die samelewing se kleredragskode. Hulle illustreer ook die begeerte om die rol van die vrou te verwesenlik. Ons sal later wys hoe die transvestiet in die subkultuur funksioneer.

### 1.2.4.2.1.2 Die verwyfde gay

Die tweede tipe gay-figuur is die verwyfde gay wat ook na aan die sterotipese siening kom. Hierdie tipe kan ontwikkel tot transvestiet, maar nie noodwendig nie. Dié individu word as verwyfd bestempel omdat hy verwyfde karaktertrekke vertoon, maar hy oortree nie die kleredragskode nie. In homofiele verhoudings neem dié figuur gewoonlik die onderdanige rol aan.

### 1.2.4.2.1.3 Die verhulde gay

Die verhulde gay se karakter is ʼn totale verbreking van die stereotipiese siening. Die persoon se seksuele oriëntasie is die enigste aanwysing dat hy gay is. Tekste toon dat gays in hierdie groep hulself as volbloed man beskou, met die uitsondering dat hulle tot ander mans aangetrokke voel.

Hierdie tipe gay figuur is moeilik om uit te ken omdat hy so goed met die res van die samelewing assimileer. Hy assimileer goed met die samelewing omdat hy gewoonlik die gestalte van die atletiese of kragfiguur aanneem. Die verhulde gay hoef nie die perfekte liggaam te hê nie. Hy kan ook 'n normale liggaamsbou hê en selfs deur die huwelik vermom wees.

### 1.2.4.2.2 Bedrywe in die gay-subkultuur

Literêre tekste wat die gay-subkultuur beskryf, toon aan dat daar sekere bedrywe is wat uniek tot die gay belewenis is. Drie bedrywe wat veral ons aandag sal geniet, is transvestisisme, cruising en hustling. Deur middel van die literatuur sal ons hierdie bedrywe ondersoek en probeer vasstel watter rol dit in die gay-subkultuur vervul.

#### 1.2.4.2.2.1 Transvestisisme

Die transvestiet of "drag queen" gee die heteroseksuele samelewing slegs 'n beperkte blik van die homofiele bestaan aangesien hy slegs een faset daarvan belig. Die nie-gay samelewing het 'n subjektiewe siening van die transvestiet omdat hulle te dikwels net 'n manlike wese in vroueklere raaksien. Die kennis wat hulle van die tranvestiet het, is gebrekkig omdat hulle nie bewus is van die rol wat sy in die gay subkultuur vervul en ook die aansien wat sy in die subkultuur geniet nie.

Ethan Mordden (1984) se "Interview with a Drag Queen" belig die transvestiet-bestaan binne die konteks van die subkultuur waarvan hulle deel uitmaak. Die buitestaander se opinie van die gay, maar meer spesifiek, van die transvestiet kan deur die skeldnaam, "moffie" opgesom word. In Mordden (1984) se verhaal is dit interessant hoe daardie stereotipiese siening geen plek in die gay-subkultuur vind.

Met die aanvang van die verhaal, wanneer die verteller 'n onderhoud met 'n transvestiet voer, spreek sy die samelewing se siening van transvestiete in die volgende woorde aan, "They say we dressed up because we were flops as men. Born to be freaks. They say we didn't care what other folks thought". In dieselfde asem noem sy, "Well, it's not true. We dressed up so they could see how beautiful we are. We hope they see it" (Mordden 1984:276). Die indruk wat die transvestiet se stelling op die leser het, is dat sy uit 'n posisie van trots spreek en dat haar eksentrieke houding juis 'n uitdaging op die samelewing se norme is. Soos die verhaal vorder, besef ons dat die verhaal van 'n spesifieke transvestiet, Miss Titania vertel word. Deur middel van die onderhoud leer ons dat sy as 'n absolute transvestiet beskou word en dat sy in haar domein deur niemand op enige gebied, veral deur woord of daad, uitgedaag mag word nie.

In die drinkplek waar sy "aan bewind" is, word daar 'n onderskeiding gemaak tussen die tipe mense wat daar gevind kan word. Daar is eerstens "straight" mans, wat met groot respek vir die transvestiete, daar verkeer. Tweedens is daar

"trades", homofiele wat hul liggaame teen vergoeding aanbied en wat onaangeraak is deur belediging. Hul sekondêre doel is om queens te pla en daar is dikwels konflik tussen dié twee groepe. Laastens is daar ook queens, wat emosioneel van die "trades" onderskei kan word in dié sin dat hul enigste sosiale vrees is dat alle vreeslike beledigings wat aan hulle toegeswaai word dalk waar mag wees. Hierdie vrees is begryplik omdat die "queen" in die breë samelewing as ′n uitgeworpene beskou word. As haar karakter aangeval word in die subkultuur waar sy eintlik haar toevlug vind, sal sy meer sensitief teenoor beledigings wees.

"Interview with a Drag Queen" fokus nie op die kwesbaarheid van die transvestiet nie, maar fokus op die teenoorgestelde, naamlik, hoe outokraties die absolute "queen", Miss Titania, oor haar "onderdane" regeer.

Die tweestryd tussen "queen" en "trade" was in Titania se hofgebied ′n werklikheid en het haar onmiddellike aandag vereis. Daar was veral een "trade" genaamd Carl, wat talle probleme veroorsaak het. Hy het byvoorbeeld by die toilette mans verlei deur hulle te laat glo dat hy liggaamlike dienste teen vergoeding aangebied het. Sodra hulle hom vergesel het, het hy met behulp van sy fisieke krag hulle van al hul geld beroof. Sy gewetenlose optrede het Titania se aandag vereis omdat hy ook "queens" bedrieg het. Titania het almal uit die staanspoor laat verstaan dat niemand, veral in haar hofgebied ooit ′n "queen" mag verneuk nie. As gevolg daarvan dat Carl doelbewus die kode verbreek het, was

dit vir haar noodsaaklik om hom te dissiplineer. Carl se tugtuging was nie soseer om hom van houding te laat verander nie, maar moes geskied om Titania se gesag te bevestig.

Die beskrywing wat van Carl in " An Inteview with a Drag Queen" gegee word, kan met die Herakles-figuur vergelyk word, veral wanneer sy uitbeelding op die fisieke afgestem is. Omdat hy met die Herakles-figuur vergelyk word, is dit ooglopend dat hy nie maklik deur middel van oorweldigende fisieke krag op sy knieë gebring kan word nie. As ons Titania uiterlik met Carl vergelyk, vind ons dat sy nie 'n fisieke stryd met hom kan voer as sy haar heerskappy wil behou nie.

Haar aanslag op Carl neem dus 'n ander vorm aan. Sy maak 'n afspraak om hom te spreek en tydens dié ontmoeting met behulp van nog 'n "queen", The Duchess of Diva, kry hulle dit reg om hom onverwags bewusteloos te slaan. Hulle draai hom op sy maag en bind hom op 'n bed vas. Daarna laat hulle almal na die binnehof roep, waar hulle 'n voorbeeld van hom maak. Terwyl hy vasgebind lê, wil die Duchess of Diva hom met 'n sweep skend, maar Titania raai dit af. In plaas daarvan om hom fisiek aan te rand voer sy 'n emosionele stryd. Soos hy oopgespalk en weerloos ten toon gestel word, maak Titania hom mak deur anale-orale seks met hom te hê. Tydens sy beproewing word hy tot die uiterste verneder, eerstens omdat almal toekyk hoe sy mag op 'n nie-fisieke wyse van hom ontneem word en tweedens omdat hy deur iemand gedissiplineer word wat swakker as hy is.

Aangesien Carl 'n ooreenstemming met die Herakles-figuur toon, kan sy aanvanklike aanpraak op die gemene "cruising"-gebied vergelyk word met Zeus se aankondiging, dat die eerste kind wat tot die Perseidese ras gebore word oor Argos sou regeer. Titania se uiteindelikke oorwinning oor Carl maak dus van haar 'n Eurystheus (Herakles se neef, wat eindelik oor Argos regeer het omdat hy eerste gebore was). As gevolg van haar oorwinning, word Carl een van haar onderdane, die Herakles wat ter wille van Eurystheus 'n reeks take in sy knegskap moet voltooi.

As gay-teks is Ethan Mordden (1984) se "Interview with a Drag Queen" van belang omdat dit die leser groter insig tot die transvestiet gee en leer ons dat transvestisisme veel meer behels as net mans wat hulself in eksentrieke vroueklere vertoon. Ons het ook suksesvol getoon hoe die Herakles-mite in die verhaal gemanifesteer word. Met betrekking tot die rol wat transvestisisme in die gay-subkultuur vervul, vind ons dat dit 'n geleentheid bied vir mans wat hul homofiliteit op so 'n wyse, sonder enige inhibisies, wil beoefen.

**1.2.4.2.2.2 Cruising**

Die Afrikaanse taal is gebrekkig in dié sin dat dit nie ten volle vir die gay-paradigma kompenseer nie. Wat die Engelse woord "cruising" betref, is daar nog nie 'n gepaste Afrikaanse woord daarvoor nie. The Queens Vernacular, 'n woordeboek wat gay terme verklaar, maak 'n onderskeid tussen twee tipes "cruising", naamlik, "heavy cruising" en "john cruising". Heavy cruising word beskryf as "looking for sex

partners seriously: no time to chit-chat with acquaintances on the street" en John cruising word aan die anderkant beskryf as, "looking for agreeable men in public toilets".

Getuienisse, films en literatuur wys dat cruising as konsep nie tot die gay gemeenskap beperk is nie. Die elementêre verskil tussen homofiele cruising en heteroseksuele cruising is dat die teiken in die eersgenoemde van dieselfde gelag is as die cruiser. Deur middel van twee verhale van Danie Botha, sal ons probeer wys hoe homofiele cruising van heteroseksuele cruising verskil.

Danie Botha (1995) se "Die Halwe man" gee 'n uitbeelding van heavy cruising. 'n Addisionele faset van cruising word hier beskryf. In die verhaal kan die verhouding tussen die twee cruisers as 'n magsverhouding tipeer word omdat elkeen verskillende gedragspatrone openbaar. Die magsdraer is Frans, wat die ervaring van homofiele kontak geniet, maar wat nie as een geklassifiseer wil word nie. Ons lees byvoorbeeld dat hy getroud is, maar dat hy tersefdertyd homofiele orale prikkeling toelaat. Frans is die magsdraer omdat hy seksuele beheer oor die naamlose verteller het. Hy beperk seksuele kontak deur orale seks toe te laat, maar weier om anale seks te beoefen en om self gepenetreer te word. Hy weier ook om bo die heup betas te word.

Die verteller daarteenoor word dwarsdeur die verhaal as die onderdanige beskryf. Hy laat byvoorbeeld toe om op 'n onmenslike wyse verneder te word. Dit is ook ooglopend dat hy geen verset daarteen lewer nie. Sy stilswye gee dus te

kenne dat die verhouding waarin hy betrokke is aan 'n bepaalde nood voorsien. Die gedagte dat hy, die onderdanige in diens van iemand anders kan wees, bevestig dat hy op 'n bizarre wyse van nut is.

Vir die buitestaander sal dit lyk asof cruising as daad bloot op seksuele kontak uitloop. "Die halwe man" wys egter dat cruising op sigself aan 'n behoefte voorsien. Frans laat dit toe om gecruise te word ten spyte daarvan dat hy 'n getroude man is. Die verhaal verskaf nie genoeg inligting met betrekking tot die rede vir sy seksuele gewoontes nie, maar ons kan veronderstel dat, wat dit ook al is, dat cruising as middel dien waardeur hy aan sy frustrasies uiting kan gee.

Die feit dat die getroude Frans cruising toelaat, bevestig dat daar 'n tweestryd in hom heers. Ons merk eerstens op dat hy binne die samelewing as heteroseksueel optree, maar nie volle bevrediging uit sy verhouding met sy vrou kry nie. Hierdie gegewens lei ons na die gevolgtrekking dat hy nie tevrede is met die rol wat die samelewing aan hom toeken nie. Ons vind tweedens dat hy homself aan 'n homofiele verhouding blootstel, dat hy keer op keer na dieselfde persoon vir homofiele kontak terugkeer en dat die kontak al 'n ritueel geword het. Ten spyte hiervan wil Frans onder geen omstandighede as gay geklassifiseer word nie. Tydens sy eerste ontmoeting in die verteller se woonstel, maak hy dit aan hom duidelik dat hy hom nie soos 'n vrou moet liefkoos nie. Hierdie gevoel druk hy kras met die volgende woorde uit, "Ek's nie 'n fokken vrou nie. Jy kom

nie hoër as my maag nie.", (Botha 1995:116). Later in die verhaal wanneer Frans die verteller op 'n onmenslike wyse behandel as gevolg van die verteller se poging om hom ten volle te besit, besef ons dat Frans se bitterheid teenoor gays, van die samelewing se invloed op hom spruit. Wanneer Frans die verteller as 'n "haas" aanspreek en vir oulaas die vertrek verlaat kom hul verhouding tot 'n einde. Frans bly in sy wese 'n halwe man weens sy negasie van volmaaktheid.

Danie Botha (1985) se "'n Middag langs die voor" gee 'n uitbeelding van john cruising. Die verhaal speel af in 'n publieke toilet op 'n treinstasie, waar die hoofkarakter Jasper op iemand wag wat hy kan cruise. Hy staan langs 'n urinaal waar hy op die gepaste teken wag. "Jasper wag gewoonlik dat die stroom ophou. As die man langs hom dan nóg bly staan, teen daardie tyd hom nog nie drooggeskud en toegemaak het nie, beteken dit daar's 'n kans", Botha (1985:53). Die kans waarvan gepraat word, is die moontlikheid van seksuele toenadering. Tot en met hierdie oomblik was Jasper se dag onsuksesvol omdat niemand op sy uitnodigings reageer het nie.

Ten spyte daarvan dat hy niemand se aandag trek nie, vind ons dat hy tog kieskeurig is. Ons lees byvoorbeeld dat as hy nie van 'n spesifieke man se gesig, ras of ouderdom hou nie, hy buite sal gaan staan totdat daardie persoon die toilet verlaat. Wanneer hy uiteindelik na 'n mislukte dag van cruising die toilet verlaat om huiswaarts te keer, stel hy homself voor hoe ander mans wat die toilette gebruik hom aansien. Hy veronderstel dat hulle hom sien as,

"...geset. Vet. Enkeles sal hom dalk as frisgebou beskou. Krom rug. Groot rooi gesig wat van lings na regs roer. Die gesig van 'n lywige vrou of van 'n tienderjarige seun by die lyf van 'n vyf-en-dertig-jarige man. Die mond wat oophang. Die hand aanhoudend op dieselfde plek - voor tussen sy bene", Botha (1995:54).

As Jasper by die huis kom, gaan hy na sy badkamer waar hy sy lippe teen sy weerspieëling in die spieël sit en as gevolg van sy mislukking bevredig hy homself.

"'n Middag langs die voor" openbaar 'n reeks elemente van cruising in die subkultuurbestaan. 'n Ooglopende aspek van john cruising, wat veral in die bogenoemde verhaal uitgebeeld word, is dat dit meer durf vereis as heavy cruising omdat die cruiser sy identiteit op die spel plaas. Ten spyte van die vrees van ontdekking, gaan die cruiser nog steeds voort om sy behoeftes te bevredig. Hierdie gewaagdheid wat Jasper terloops ook openbaar, gee te kenne dat cruising 'n obsessie kan word. Uit die verhaal kan daar afgelei word dat cruising beoefen word omdat die cruiser deur middel van sy dade probeer om 'n leemte te vul. As die cruiser wel iemand vind wat in hom belangstel, word daardie leemte tydelik gevul. Dit word tydelik gevul omdat cruising gewoonlik nie op 'n vaste verhouding uitloop nie. Omdat die cruiser daarna streef om die leemte te vul, kan ons aflei dat die persoon op daardie oomblik nie in 'n vaste verhouding is nie. Ons kan dus veronderstel dat die gebrek aan 'n homofiele verhouding op cruising kan uitloop.

Wanneer Jasper na sy huis terugkeer nadat hy verwerp is, vind ons dat hy sy emosies wat vir sy "prooi" bedoel was, op homself rig. Hy staar nie net na homself in die spieël nie, maar uit verlange vir iemand anders, soen hy sy eie weerspieëling. Hierdie gedragspatroon toon duidelike ooreenkomste met die Narcissus-mite. As hy tydens sy dag van cruising, keer op keer verwerp word, kan sy karakter met die vryers, en meer spesifiek met Armenias vergelyk word, wat deur Narcissus verwerp is. As hy verwerp huis toe keer, kan hy met die kwynende Echo vergelyk word. Sy karakter kan ook met die Narcissus-figuur vergelyk word. As Narcissus-figuur verag hy die liefde van die teenoorgestelde geslag. Die samelewing wil dit nie aanvaar nie en verwerp hom as homofiel. Hierdie verwerping neem die vorm van die talle mans aan wat die toilette besoek en nie in hom belangstel nie. Die kamer in sy huis waar hy na sy weerspieëling kyk en selfliefde beoefen word die waterbron waaroor Narcissus waak nadat Nemesis die towerspreuk uitgespreek het.

**1.2.4.2.2.3 Hustling**

In Sexual Outlaw sê John Rechy(1977:153), "Hustling is one of those activities that has to be experienced first-hand to be fully understood; sociology doesn't work." As Rechy(1977) se aanname in die kol is, sal ons hoegenaamd nie 'n volle begrip van "hustling" kry deur bloot tekste te lees nie. Met die lees van bepaalde tekste, kan ons wel as vojeurs optree en sodoende deur middel van die karakters tweedehandse "ervaring" daarvan opdoen.

In Ethan Mordden(1984) se "Interview with the drag queen", het ons vlugtig met Carl die "hustler" kennis gemaak. Ons wil nie soseer ons aandag op hom as mens vestig nie, maar liewer op die bedryf waarmee hy homself besig hou. Ons het voorheen genoem dat die Afrikaanse taal gebrekkig is met betrekking tot terme wat op die gay paradigma van toepassing is. Omdat Afrikaans myns insiens, ook nie vir die die woord "hustling" kompenseer nie, sal ons vir ons doeleindes die Engelse woord aanneem.

Carl se bedrywe in "Interview with the drag queen" stel ons in staat om 'n definisie van "hustling" te gee. "Hustling" is 'n bedryf waardeur 'n man liggaamlike dienste teen vergoeding aanbied. Die persoon wat sy liggaam teen vergoeding aanbied, staan dus as 'n "hustler" bekend. Deur middel van verskeie tekste, sal ons poog om hustling te isoleer om sodoende te bepaal hoe die hustler in die subkultuur funksioneer. Deur middel van die literatuur sal ons verder probeer om 'n profiel van die hustler op te stel. Ons sal dan kyk of die hustler enige ooreenkoms toon met 'n karakter of karakters van een of meer van die mites waarna die gay-teks streef.

<u>1.2.4.2.2.3.1 Motivering vir hustling</u>

Phil Andros (1992) se "A trap for tigers", gee motivering vir hustling. Die verhaal gaan oor 'n naamlose hustler-verteller wat deur die agtien-jarige Clint genader word sodat hy hom kan leer om te hustle. Ons leer dat Clint die kuns wil aanleer omdat hy sy verdienste wil gebruik om

seminarie toe te kan gaan. Die verteller verduidelik aan Clint dat hustling nie iets is wat 'n mens bloot in 'n boek kan oplees nie, maar dat 'n hustler se sukses op sy praktiese ondervinding berus. Na Clint se opleiding is daar 'n konfrontasie tussen die verteller en Clint se broer T.J., waar die laasgenoemde die verteller vra om Clint te oortuig om met sy bedrywighede op te hou. Die verteller wat deur ander as een van die beste hustlers beskou word, het uit ondervinding geleer om enige situasie ten volle uit te buit. Toe hy die gaping sien, kry hy dit reg om seksueel met T.J. betrokke te raak. Tydens die konfrontasie, voordat T.J. en die verteller hulself aan hul drange oorgee, sê T.J. dat hy nie die verteller as 'n tipiese homoseksueel beskou nie. Nadat hulle seksueel verkeer, verstaan ons waarom hy hierdie uiting maak. Hy verduidelik dat toe hy van die vloot af gekom het, hy homself vir vier jaar aan hustling skuldig gemaak het en dat hy dit bowendien geniet het. Ten spyte daarvan het hy homself nie as gay beskou nie, en het selfs later getrou.

As verhaal, lê "A trap for tigers" die klem op drie perspektiewe. Dit fokus eerstens op die perspektief van die jong man wat graag hustling wil aanleer sodat hy sy verdienste kan gebruik om 'n priester te word. Dit fokus tweedens op die perspektief van die verteller, wat aktief hustle en ook sy bedryf propageer, deur in te willig om Clint die kuns van hustling aan te leer. Dit fokus laastens op die perspektief van die heteroseksuele T.J., wat self aan hustling skuldig was, maar wat uit die bedryf getree het om sy heteroseksuele lewenswyse voort te sit.

As ons die drie karakters in "A trap for tigers" se motiewe sou ontleed, sou ons vind dat al drie hustle of wil hustle om in 'n bepaalde nood te voorsien. Clint se motivering spruit uit 'n finansiële nood wat deur hustling voorsien kan word. Wat die verteller betref, wil dit voorkom of hy grotendeels hustle ter wille van die fisieke genot wat hy daaruit put. Ons vind dat T.J. dalk dieselfde motivering as die verteller gehad het, maar dat die finansiële aspek van hustling hom ook aangetrek het.

In sy Sexual Outlaw beweer John Rechy (1977:153) dat een van die mites wat hustlers betref, is dat hulle hustle op soek na liefde. Hy negeer nie heeltemal die aanname nie, want hy erken dat dit dalk 'n onderbewuste motivering kan wees. Rechy (1977:153) verklaar verder, "There is a terrific, terrible excitement in getting paid by another man for sex. A great psychological release, a feeling that this is where real sexual power lies - not only to be desired by one's own sex but to be paid for being desired..."

In die reedsgenoemde "A trap for tigers" waar groot klem op die eksplisiete uitbeelding van die seksdaad gelê word, word ook die indruk geskep dat, om begeer te word 'n belangrike aspek by hustling is. Clint het spesifiek die verteller genader om hom te leer hoe om te hustle, omdat hy by ander gehoor het dat hy as een van die beste hustlers beskou word. Hy was een van die beste hustlers omdat hy soveel ondervinding opgedoen het. Hy kon slegs ondervinding opdoen,

omdat ny seksuele kontak met soveel mans gehad het. Die aantal mans wat die verteller op sy kerfstok het, kan hoofsaaklik aan sy seksuele aantrekkingskrag toegeskryf word.

Die verhouding tussen die kliënt en die "hustler" is tweeledig. Ons weet dat die kliënt die hustler begeer, omdat hy bereid is om van sy finansies afstand te doen in ruil vir 'n oomblik waar hy die hustler se liggaam kan besit. Rechy (1977:154) noem dat die hustler ook deur die kliënt verafsku mag word, juis omdat hy die hustler so erg begeer en omdat die hustler deur middel van sy liggaam 'n houvas op hom het. 'n Interessante opmerking wat deur Rechy (1977:154) gemaak word is, "Hustling is all too often involved in mutual exploitation and slaughter, of the young and the old, the beautiful and the unattractive." Hierdie stelling gee te kenne dat die kliënt ook 'n belangrike rol vervul. In aansluiting by 'n finansiële behoefte wat deur die kliënt vervul word, is sy begeerte vir die hustler ook belangrik. As die hustler nie begeer was nie, sou hy nie in die bedryf gewees het nie. Die hustler sou eerstens nie 'n inkomste hê nie en tweedens, sou sy liggaamlike aantreklikheid nie juis 'n bate vir hom wees nie.

**1.2.4.2.2.3.2 Hoe die "hustler" in die subkultuur funksioneer**

Ons het ons aandag geskenk op wat hustling is en wat die hustler se motivering is, maar ons het nog nie beskryf hoe hy in die subkultuur funksioneer nie. Rechy (1977), wat praktiese ondervinding van hustling het, beweer dat die

tegnieke wat deur hustlers aangewend word, van persoon tot persoon verskil, maar dat daar algemene aspekte is wat in die hustling-aksie bespeur kan word.

Voordat die hustler sy vangs maak, staan hy op een van die talle welbekende straathoeke, of plekke wat as bekende hustling-terreine beskou word. Diegene wat gereeld hustle, het gunsteling plekke waar hulle op kliënte wag. Een van die redes hiervoor is dat, as 'n spesifieke kliënt van 'n bepaalde hustler hou, hy sal weet waar hy hom in die toekoms kan vind. As 'n kliënt 'n hustler wil oplaai, sal hy sy motor stilhou en die hustler 'n teken gee. Daarna sal die hustler na die motor oorstap, onderhandel en dan inspring.

'n Goeie hustler weet dat fantasie 'n belangrike rol speel en dat terwyl hy in die geselskap van sy kliënt is, hy 'n rol moet speel wat aan hom toegeken word. Sekere hustlers, veral jongelinge hoef nie rolle te speel as hulle deur kliënte opgetel word wat slegs in hul jeug belangstel nie. Rechy (1977:156) is van mening dat rolspel die middel is waardeur die soekende hustler 'n reeks wêrelde kan ervaar wat andersins vir hom geslote was. Met betrekking tot rolspel noem Rechy (1977:155) ook, "Many masculine streethustlers still think of themselves defensively as straight, a role those attracted to them expect, even at times demand they play". Hierdie aanhaling illustreer hoedat fantasie en die werklikheid deur 'n fyn lyn geskei word.

Hustling as bedryf geskied nie in die beskermde omgewing van die subkultuur nie. Inteendeel, die hustling-terreine is ten alle tye die teiken van gevaar. Gevaar kan verskeie vorms aanneem. Dit kan wissel van polisiemanne wat in siviele drag geklee is, tot bendelede wat die terreine oes. Die hustling-gebied kan ook die teiken wees van karakters wat geestelik versteur is, in dié opsig dat sommige van hulle hustlers verafsku, terwyl ander weer 'n obsessie met hulle het. Omdat hustling aan 'n nood voorsien, moet die hustler al die bogenoemde gevare trotseer indien hy optimaal wil funksioneer.

**1.2.4.2.2.3.3 Profiel van 'n hustler**

In 'n onderhoud, waarin John Rechy (1977:46) van sy hustling-dae vertel, is dit voor-die-hand-liggend dat hy narcisties voorkom. Hy erken aan sy ondervraer, "... appearance ... bodybuilding ... muscles ... My body is important, I love my body..." Terwyl die hustler op straat is en deur talle bewonder en begeer word, is hy bewus daarvan. Die narcisme wat die hustler beheers, lei daartoe dat hy al die aandag wat op hom gevestig is, geniet.

As ons moet poog om die hustler te koppel aan een of meer van die karakters van die mites waarna die gay-teks streef, sal dit ons aanvanklike reaksie wees om hom met die Narcissus-mite te verbind. Die rede hiervoor is dat die hustler se liggaamlike aantreklikheid, sy grootste bate is en dat hy eers homself moet liefhê, voordat hy sal glo dat ander hom ook begeer.

Omdat die hustler gewoonlik deur uitmuntende skoonheid gekenmerk word, kan hy ook ooreenkomste met die Apollo karakter toon. Die talle verhoudings wat aan Apollo toegeskryf is, kan met die vele kortstondige verhoudings vergelyk word wat die hustler met sy kliënte het. In die Apollo-mite word daar vertel van Apollo se verhouding met Marpessa en hoe hy met Idas moes meegeding om uiteindelik haar hand te wen. Tydens die geveg met Idas, tree Zeus in en gee Marpessa die geleentheid om een as haar minnaar te kies. Uit vrees dat Apollo haar op haar oudag sou verlaat, kies sy toe vir Idas.

Wanneer die hustler op straat is, bevind hy homself in 'n soortgelyke situasie. Hy moet met ander hustlers meeding om deur 'n kliënt opgelaai te word. Omdat ouderdom een van die hustler se grootste vyande is, bestaan die gevaar dat hy, namate hy ouer word, deur 'n jonger hustler geopponeer word. As gevolg van die feit dat talle kliënte die jonger hustlers verkies, mag die ouer hustlers, verwerping in die oë staar.

Met behulp van John Rechy (1977) se Sexual Outlaw het ons daarin geslaag om vas te stel hoe die hustler in die subkultuur funksioneer. Gesamentlik het Sexual Outlaw en Phil Andros (1992) se "A trap for tigers" gehelp om 'n profiel van die hustler op te stel. Dit het ons ook in staat gestel om die hustler-figuur te koppel aan spesifieke karakters wat in die mitologie voorkom.

### 1.2.4.2.2.4 Ooreenkomste tussen cruising en hustling

Oorsigtelik vind ons dat hustling en cruising ooreenkomste met mekaar toon. In beide gevalle vind ons dat die persoon wat homself aan die bedryf skuldig maak, 'n leemte het wat vervul moet word. In die geval van cruising glo die persoon dat as hy 'n verhouding met iemand kan aanknoop, hy dalk daardie leemte sal vul. Wanneer 'n persoon cruise is hy op soek na iemand wat in hom belangstel. As hy uiteindelik iemand vind, word die leemte slegs tydelik gevul omdat cruising nie op 'n vaste verhouding uitloop nie. As gevolg daarvan kan cruising 'n obsessie word en selfs verslawing tot gevolg hê.

In die geval van hustling, is die hustler se primêre doel nie om 'n verhouding met iemand aan te knoop nie, maar om sy bates te gebruik om aan 'n nood te voorsien. Die nood kan wissel van 'n finansiële nood tot die nood om deur ander begeer te word.

Binne die gay-subkultuur sal die gay-individu in een of ander stadium, met een of meer van die reedsgenoemde bedrywe in aanraking kom. Die feit dat 'n persoon homself in 'n gay-subkultuur bevind, voorveronderstel nie dat hy noodwendig aan die bedrywe gaan deelneem nie, maar hy sal beslis daaraan blootgestel word. Deur middel van die literatuur, het ons daarin geslaag om die gay-subkultuur te ondersoek en om die hoof-bedrywe te isoleer. Die ondersoek na die hoof-bedrywe het daartoe gely dat ons 'n beter begrip het van hoe die gay-subkultuur funksioneer.

Noudat ons die aard van die gay-teks bespreek het, kan ons dit onder die vergrootglas plaas om vas te stel hoe dit van hoofstroom-literatuur verskil. Die volgende hoofstuk sal groot klem lê op die tematiese ondersoek met betrekking tot die gay-teks, waar ons sal probeer wys hoe bepaalde temas die gay-teks van hoofstroom-literatuur onderskei.

# HOOFSTUK TWEE

## GAY-TEKS EN TEMA

### 2.1 Inleiding

Philippe Sollers (1968) is van mening dat die roman, meer as enige ander literêre vorm of enige ander skryfkuns as model dien waardeur die gemeenskap homself bedink en dat dit ′n diskoers is waardeur en waarin dit die werklikheid artikuleer. Myns insiens, kan die kortverhaal ook hier ingesluit word. Die leser dra hierdie kennis onderbewustelik, want voordat ′n roman gelees word, het die leser reeds die verwagting dat ′n bepaalde werklikheid geskep gaan word. Hierby kan ons byvoeg dat dié bewering dalk die kern mag wees vir waarom die leser hoofstroom-literatuur en gay-literatuur as aparte entiteite beskou.

### 2.2 Die vooroordeel van die leser

Gestel ons lê byvoorbeeld ′n ongekende, ongetitelde roman aan ′n leser voor. Met Sollers (1968) se bewering in werking, is ek oortuig dat die leser veel later met die lees van die roman ′n bepaalde indruk van die roman sal vorm, weens die feit dat daar nie ′n aanvanklike hoë verwagting deur die

roman op hom/haar geplaas word nie. As ons daarenteen 'n gelaaide titel aan daardie selfde roman gee, en aan 'n ander leser voorlê, is dit hoogs waarskynlik dat sy/haar leesstrategie 'n ander rigting sal inslaan.

In aansluiting by Sollers (1968) se bewering is dit voor-die-hand-liggend dat die vooraf bestempeling van literatuur verreikende implikasies mag hê. Om 'n teks as *gay* te bestempel, plaas byvoorbeeld 'n vooroordeel op daardie teks. Die leser beskou hoofstroom-literatuur as die norm, maar besef tersefdertyd dat 'n spesifieke werklikheid opgeroep gaan word, naamlik, 'n werklikheid wat eie is aan die gay belewenis. Op hierdie primêre vlak, ontstaan daar reeds 'n skeiding tussen hoofstroom- en gay-literatuur. Ons kan nie loskom van die feit dat daar wel elemente is wat eie is aan gay-literatuur nie, maar dit wil nie sê dat dit hoogs bepalend op die evalueringsvlak moet wees nie. Volgens die bogenoemde maatstaf vind ons dat aangesien die leser 'n skeiding tussen hoofstroom- en gay-literatuur maak, word hulle uit die staanspoor teenstrydig met mekaar gestel. Ten spyte daarvan dat gay-literatuur oënskynlik losgemaak is van hoofstroom-literatuur, kan dit tog in sekere gevalle deel daarvan uitmaak. Ons sal probeer om hierdie aanname deur middel van 'n literêre teks te staaf.

Larry Kramer (1994) se "Mrs Tefillin" skets die verhaal van Rivka Trout, 'n 81-jarige vrou wat haar man na 52 jaar aan die dood afstaan. Die verhaal kan as 'n

verhoudingsverhaal tipeer word aangesien die misterieuse spanning wat geskep word, aan die verstrengeling van menseverhoudings toegeskryf word.

Voor sy dood noem Rivka se man, Peter, dat hy nie genoeg geld vir haar sal kan agterlaat indien hy voor haar sterf nie. Hy gee haar wel die opdrag om na sy dood sy beste vriend, Herman, op te soek om hom van die sterfte te verwittig.

Met sy dood voel Rivka ingehok, want etlike jare gelede het Herman sonder Peter se wete, keer op keer, sonder sukses probeer om haar hand te wen. Sy het sy aanbiedings van die hand gewys en het liewer met Peter getrou. Na hierdie besluit het hulle paaie geskei en sy het hom daarna nooit weer gesien nie. Om hierdie rede wou sy nie vir Herman na haar man se dood gaan sien nie. Omdat sy hom verwerp het, het sy elke jaar poskaarte en briewe van hom ontvang wat hy oënskynlik uit wraak aan haar gestuur het. In elke brief of poskaart het hy met sy rykdom gespog en het altyd 'n verslag van die huidige waarde van sy bates gegee. Die briewe het haar ontstel omdat dit haar nie toegelaat het om te vergeet van die keuses wat sy in haar jeug gemaak het nie. Sy het ook haarself verwyt omdat sy dalk daardie finansiële versekering sou geniet het as sy met hom getrou het.

Sy besluit dus daarteen om Herman op te soek. Sy oorweeg liewer die enigste ander uitweg, om Gertrude, Herman se gekeide vrou wat sy laas in 1930 gesien het, te gaan opsoek. Sy het gehoop dat Gertrude haar uit bejammering finansieel sou ondersteun.

Omdat die leser daarvan kennis het dat " Mrs Tefillin" in 'n gay bundel opgeneem is, wonder hy/sy op hierdie punt, waarom dit die geval is. Die leser kry diė gevoel, want die hoofsaak is Rivka se eensaamheid en haar vrees vir wat die toekoms vir haar inhou. Daar is ook tot hierdie punt geen gay gegewens nie. Indien die verhaal gedeeltelik beoordeel sou word (tot voor Rivka se ontmoeting met Gertrude), sou dit sonder enige twyfel deel van hoofstroom- literatuur kon uitmaak weens die feit dat dit 'n menslike kondisie aanspreek.

Die verhaal neem egter 'n wending en stuur af op 'n klimaks wanneer Rivka en Gertrude van aangesig tot aangesig met mekaar kom, want diė ontmoeting bepaal Rivka se uiteindelike lot. Met hul ontmoeting beken Rivka dat sy gereeld briewe en poskaarte van Herman ontvang. Gertrude ontken die moontlikheid daarvan omdat hy twintig jaar gelede gesterf het. Sy verduidelik dat sy en Rivka slegs pionne in hul mans se spel was en dat Herman nie lief vir haar of vir Rivka was nie, maar wel vir Peter. Sy was daarvan oortuig omdat sy die twee telkens in die bed betrap het en omdat hulle nie 'n geheim daarvan gemaak het nie. Rivka hoor verder dat Herman deur Peter verwerp is en dat hy hom vertel het dat hy met Rivka wou trou. Uit desperaatheid probeer Herman self

om Rivka se hand te wen omdat hy daarvan oortuig was dat as sy plan sou slaag, hy Peter uiteindelik vir homself sou behou.

Die omstandighede rondom Herman se dood was dat hy selfmoord gepleeg het toe hy nuus van Peter se eerste beroerte gekry het. Toe Rivka uiteindelik van sy dood hoor, was sy ontnugter deur die feit dat Peter oor die jare al die briewe en poskaarte aan haar gestuur het. Sy besef dat haar huwelik 'n mislukking was en dat sy slegs 'n middel was waardeur haar man sy selfsugtige behoeftes kon verwesenlik. Met betrekking tot haar man se rykdom, noem Gertrude dat Tim, Rivka en Peter se enigste seun, dit geërf het, maar dat hy ook oorlede is. Ten spyte daarvan dat Peter 'n "closet-bestaan" gevoer het, het hy tog die begeerte gehad dat sy vrou die waarheid moes weet, maar slegs na sy dood. Hy het sy eie wens bewaarheid deur haar op Herman se spoor te sit, sodat sy met haar soeke uiteindelik die waarheid by Gertrude kon hoor.

Die aanvanklike angs wat Rivka beleef het, met betrekking tot haar eensaamheid en vrees vir wat die toekoms inhou, word 'n bysaak. Die openbaring van haar man se geheime verlede laat haar besef dat sy die toekoms kan tegemoetgaan. Sy was tydens haar getroude lewe 'n gevangene sonder dat sy daarvan bewus was en die onhulling van die verlede het haar bevry van die leuen wat haar lewe beheers het.

Op die evalueringsvlak besef ons dat "Mrs Tefillin" uit die aard van die verhaal, op ten minste twee wyses benader kan word. Dit kan eerstens deel uitmaak van gay-literatuur, dit wil sê letterkunde waarin homoseksualiteit ´n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as ´n suggestie of ´n sensibiliteit (Aucamp 1990:9). "Mrs Tefillin kwalifiseer as ´n gay-verhaal omdat Peter en Herman se verhouding ´n nuwe dimensie aan die verhaal gee. Die onthulling van dié verhouding is bo die leser se verwagting en hy/sy word dus op dieselfde wyse as Rivka geskok. Hierdie onthulling stel ´n dubbele ontnugteringsproses in aksie, naamlik, die ontnugtering van beide hoofkarakter en leser. Met dié ontnugtering word ´n reeks gebeurtenisse duideliker, soos byvoorbeeld, waarom Herman keer op keer probeer het om met Rivka in die huwelik te tree en waarom Peter onder Herman se naam die poskaarte en briewe aan sy vrou gestuur het.

Tweedens vind ons dat "Mrs Tefillin" deel van hoofstroom-literatuur kan uitmaak. Die rede hiervoor is dat die verhaal nie heeltemaal op die gay belewenis afgestem is nie. Ten spyte daarvan dat ´n paar karakters gay is, word die leser se aandag ook op die uitbeelding van ´n menslike kondisie toegespits. ´n Groot deel van die verhaal fokus op ´n karakter se vrees vir die konsekwensies van eensaamheid. Larry Kramer (1994) slaag daarin om ´n fyn balans tussen die gay gegewens en die menslike kondisie te skep. Die balans is so perfek dat die verhaal maklik as slegs ´n hoofstroom-teks óf gay-teks kan kwalifiseer as daar aan die balans gepeuter word. Indien daar meer op gay gegewens gefokus word sal die verhaal sonder enige twyfel hoofsaaklik in die

rigting van gay-literatuur inslaan. As daar aan die ander kant meer op die menslike kondisie gefokus word, kan daar verwag word dat die verhaal as 'n hoofstroom-teks bestempel gaan word.

"Mrs Tefillin" het gewys dat hoofstroom-literatuur en gay-literatuur nie antonieme van mekaar hoef te wees nie. Die teks het bewys dat daar wel ooreenkomste tussen die twee tipes literatuur is. Ons kan terselfdertyd nie loskom van die feit dat hoofstroom-literatuur en gay-literatuur tog ook verskillend van mekaar is nie. Met die lees en studie van gay-tekste word ons daarvan bewus dat 'n teks grotendeels as gay bestempel word weens die aard van sy inhoud. Aucamp (1990:9) se aangepaste definisie van gay-literatuur, naamlik, letterkunde waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of 'n sensibiliteit, gee te kenne dat die gay-teks op die tematiese vlak van ander tipes literatuur verskil. Aangesien die gay belewenis self van sentrale belang is tot die gay-teks, is dit vanselfsprekend dat die temas wat die gay-teks van hoofstroom-literatuur onderskei juis sal fokus op aspekte wat betrekking het op die gay belewenis.

## 2.3 Temas wat die gay-teks onderskei van hoofstroom-literatuur.

In gay-literatuur, dit wil sê letterkunde waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr of bloot as 'n suggestie of 'n sensibiliteit, vind ons dat die teks tematies afgebaken kan word. As die teks op hierdie wyse afgebaken word, wil dit nie sê dat dit slegs aan een tema hoef te beantwoord

nie. Omdat die gay belewenis talle aspekte behels, is dit vanselfsprekend dat dit in die literatuur gemanifesteer sal word. Daar is dus 'n aantal temas met betrekking tot die gay-teks wat dit van hoofstroom-literatuur isoleer. Vanweë die kompleksiteit van die gay belewenis is dit onmoontlik om al dié temas te verken. Ons sal wel die vernaamste temas behandel, naamlik, inisiasie-situasies, homofiele oriëntasie, mans in afsondering, cruising, hustling, transvestisisme, VIGS en die dood, die getroude gay en gay politiek om te wys hoe die gay-teks van hoofstroom-literatuur verskil.

### 2.3.1 Inisiasie-situasies

'n Persoon is al van kleins af daarvan bewus dat hy/sy 'n individu is. In aansluiting hiermee besef die gay individu dat sy seksuele oriëntasie van die meerderheid van sy ouderdomsgenote verskil. Die inisiasie-situasie as tema betrek die ontwaking van die homofiele gevoel. In die literatuur word dié ontwaking in verhale uitgebeeld waar karakters óf in, óf op die rand van puberteit staan.

Tydens hierdie fase van ontwikkeling is die seun hiperbewus van sy seksualiteit en potensiële prikkelsituasies word dikwels uitgebuit. Sielkundiges voer aan dat dit nie ongewoon is dat seuns in hierdie fase van ontwikkeling met hul ontwakende seksualiteit eksperimenteer nie. Eksperimentasie kan 'n reeks vorms aanneem. Sulke eksperimentasie sluit selfbevrediging in en kan wedersydse selfbevrediging met ander seuns insluit. Seuns wat hulself in inisiasie-situasies bevind, ontwikkel nie noodwendig tot homofiel nie. Met betrekking tot homofiliteit,

is Kellogg (1985) van mening dat homofiele kinders daarvan oortuig is dat hulle die enigste wesens is wat homoërotiese gevoelens openbaar totdat hulle met ander homofiele in aanraking kom. Met betrekking tot die ontwikkeling van die homofiele identiteit, het die sielkundiges Isaacs en McKendrick (1992:15) 'n model voorgelê wat hierdie ontwikkeling voorstel. Hulle bevindings is gebaseer die ekstensiewe analise van literatuur, op hul praktiese ondervinding as kliniese sielkundiges en op die uitslae van opnames. Hulle het gevind dat kinders in hul puberteitsjare opgewasse moet wees teen die eise wat deur hul kultuur gestel word, sowel as teen die sosiale druk, met betrekking tot hul seksuele belangstellings.

Welma Odendaal (1978) se kortverhaal "Barrie", openbaar die inisiasie-situasie in al sy fasette. Barrie is in die hart van sy puberteitsjare en word uitgebeeld volgens die tradisionele manlike stereotipe. Hy het "knop-gebarste vingers", tel gewigte op, beoefen rugby as sport, het 'n geweer in sy besitting en net soos die macho-figuur in sigaretadvertensies, rol hy ook 'n "skyf".

Die jonger vriend, vir wie hy oornooi, is blykbaar op die rand van puberteit en word deur ander dinge geamuseer. Hy is byvoorbeeld gefassineer deur die wete van 'n "geheime" afgebreekte fort wat Barrie ontdek het. Hy is ook opgewonde oor die patroondoppe wat hulle dalk daar mag vind. Hy is nog nie hiperbewus van die teenoorgestelde geslag nie en glo dat seuns en dogters nie met mekaar moet fraterniseer nie. As hy uitvind dat Barrie die "geheim" aan 'n meisie verklap

het, sê hy byvoorbeeld "Ag nee, Barrie, dis g'n reg nie ... jy't belowe, Odendaal in Aucamp (1990:41). Op 'n aand terwyl hulle alleen in sy kamer is, probeer Barrie met sy vriend wat hy vroeër met die meisie, Lennie by die fort probeer het. Omdat hy nie sy ware gevoelens vir Barrie wil verraai nie, onderwerp hy homself nie aan die sekssuggestie nie. Hy verplaas eerder sy emosie op die geweer, 'n duidelike simbool van die fallus.

Isaacs en Mckendrick (1992:15) voer aan dat gay seuns in hul puberteitsjare hul seksuele oriëntasie bevestig deur te fokus op die manlike erotiese sones, soos byvoorbeeld, die geslagsgebied, boude, die dye en die borsarea. Odendaal (1978) se Barrie staaf literêr hierdie aanname. Wanneer die spreker en Barrie byvoorbeeld in die kamer is, vra hy vir Barrie hoeveel gewigte hy kan optel. Alhoewel ons aanvanklik nie weet wat die spreker se seksuele oriëntasie is nie, word hy deur die fokus van sy aandag verraai. In sy beskrywing van hoe Barrie die gewigte optel, is die fokus op Barrie se postuur. "Sy maag trek hol, sy kop ruk, sy mond byt vas en hy ruk sy oë agtertoe", Odendaal in Aucamp (1990:42). Wanneer die verteller hom help om die gewigte te laat sak, val hulle saam op die grond neer. Daar sien hy by Barrie, "...die harde knop voor by sy kortbroek uitbult, hard en taai soos sy spiere", Odendaal in Aucamp (1990:43).

Die kern van die inisiasie-situasie word dus in "Barrie" belig. Die betrokke karakters is in hul puberteitsjare en as gevolg van hul ontwakende seksualiteit lei die eksperimentasie, vir die jonger seun, tot sy eerste kennismaking met 'n

homoërotiese gevoel. Uit die gegewens in die verhaal is dit vanselfsprekend dat Barrie as heteroseksueel gaan ontwikkel. Wat die jonger seun betref, is daar die suggestie dat hy anders gaan ontwikkel weens sy fokus op Barrie se erotiese sones en weens die verplasing van sy emosies op die geweer, 'n simbool van die fallus.

## 2.3.2 Homofiele Oriëntasie

Homofiele oriëntasie vind aansluiting by, maar kan ook as 'n uitvloeisel van die inisiasie-situasie gesien word. In die milieu wat gewoonlik met hierdie tema gepaard gaan, naamlik skool, koshuis en weeshuis, word daar dikwels met seks geëksperimenteer. Aucamp (1990:190) voer aan dat die afsondering van skool en koshuislewe en die nog groter afsondering van weeshuislewe ook 'n klimaat vir intense emosionele vriendskappe skep.

Na 'n individu se homofiele besef, beweeg sy ontwikkeling in die rigting van homofiele oriëntasie. Inisiasie verskil van oriëntasie in die sin dat inisiasie grotendeels op eksperimentasie gegrond is. Die hoofsaak by die inisiasie-situasie is die rede vir eksperimentasie. Een rede vir homofiele eksperimentasie is dat dit as verplasing dien. Daar word hoofsaaklik geëksperimenteer om uiting aan heteroseksuele gevoelens te gee.

'n Tweede moontlike rede vir eksperimentasie is die nuuskierigheid rondom homofiele kontak. Hierdie rede verskil van die eerste aangesien dit hier nie gaan oor die verplasing van heteroseksuele gevoelens nie.

'n Derde moontlike rede is dat eksperimentasie plaasvind weens die invloed van 'n ander, soos in die reedsgenoemde "Barrie", waar Barrie die homoërotiese gevoel by die jonger seun inisieer.

Homofiele eksperimentasie kan twee moontlike gevolge hê. Dit kan óf lei tot die verwerping van die homoërotiese gevoel, óf dit kan lei tot die bevestiging van gay gevoelens. Die laasgenoemde as resultaat kan uitvloei tot homofiele oriëntasie, waar daar weg beweeg word van eksperimentasie en waar daar plek gemaak word vir verkenning.

Homofiele oriëntasie is 'n veelkantige proses. Vir die gay persoon word inisiasie deur selferkenning gevolg, waar die persoon besef dat hy anders is. Self-erkenning wat tot die "coming-out"-fase lei, kan sonder enige twyfel as een van die belangrikste fases in die emosionele ontwikkeling van die homofiel beskou word, omdat die gay persoon tot op hierdie stadium intense selfkennis opdoen. Hy aanvaar homself vir wie hy is en is bereid om die samelewing se siening van hom te bestry. Ten spyte daarvan dat die "coming-out"-fase 'n onvermydelike aspek is van die gay belewenis, sal ons sulke verhale nie tematies afbaken nie. Verhale waarin "coming-out" uitgebeeld word, fokus gewoonlik op die person se homofiele oriëntasie en bou op tot die klimaks, naamlik, die oomblik

van "coming-out". Hierdie oomblik word gewoonlik met net 'n frase of 'n paar reëls beskryf. "Coming-out" word dus nie onder 'n aparte opskrif beskryf nie omdat meer aandag op die oriënteringsproses gevestig word.

Wat die skool, kosskool en weeshuis-milieu betref, word die indruk geskep dat dit slegs kinders is wat ander kinders oriënteer. Ons vind by tye dat ook onderwysers hul leerlinge aan homofiele kontak blootstel. In die grusame verhaal, "Swepe" van P.J. Haasbroek in Aucamp (1990), word daar gewys watter effek 'n bepaalde omgewing en die bygaande omstandighede op 'n individu kan hê.

Die verhaal van Martiens, 'n weeshuisseun, word vertel. Ten spyte daarvan dat hy in 'n omgewing vasgekeer is wat nie ideaal is nie, het hy die begeerte om eendag daaruit te ontsnap. Wanneer 'n onderwyser, meneer Eben, hulle in die klas vertel van die kinders in die kinderkruistogte, ontsnap Martiens in 'n dagdroom. Dit wil voorkom of hy oor sy eie lewe besin, want hy vereenselwig die weeshuiskinders met die kinders van die kruistog. Die twee bullebakke, Muis en Erik, is ook daar en hulle neem die gedaantes van die slawedrywers aan.

As meneer Eben Martiens se dromery oplet, spreek hy hom later in sy kamer, waar hy hom aan die een kant aanspreek oor sy onoplettentheid in die klas, maar waar hy ook die geleentheid misbruik om hom op 'n subtiele wyse te betas. "Meneer Eben vat aan sy skouer en kom langs hom sit ... Eben se hand gly oor Martiens se arm. Die lang wit vingers

druk sag teen die spier. 'Jy's 'n mooi seun sê hy'" - Haasbroek in Aucamp (1990:60). Martiens wat daarvan bewus is, weer die handtastelikhede nie af nie omdat dit hom veilig laat voel te midde van die harde weeshuislewe. Wanneer Eben vir Martiens betas, verraai hy sy onderdrukte homofiele begeertes.

As Eben later in die verhaal ondersoek instel nadat Gertjie Bester by hom kom kla dat hulle deur Erik en Muis afgeknou word, word 'n dodelike kringloop oopgevlek. Eben wat die gesagsdraer moet wees, kan in die kamer waar Erik en Muis hul perverte speletjies speel, nie orde handhaaf nie. In dié kamer word Eben deur Erik as homoseksueel ontmasker. Hy word aan die verlede herinner, waar hy Erik misbruik het. Tye het egter verander en Erik het intussen fisiek sterker geword. Na 'n worsteling, word Eben verkrag en die kringloop word dus voltooi.

Erik as aanvanklike onskuldige, word klaarblyklik teen sy wil tot homofiele daad geïnisieer. Na sy inisiasie ontwikkel hy tot boelie waar hy georiënteer word om ander seuns te inisieer. Wanneer hy Eben verkrag, gradueer hy in sy mikrokosmos tot gesagsdraer. Martiens besef dat as hy ongeskonde van sy weeshuisbestaan wil ontsnap, hy tot sy eie verdediging moet kom. Hy bewapen dus homself met 'n mes wat hy van een van die bullebakke kry in ruil vir die boek wat hy van Eben present gekry het.

"Swepe" slaag daarin om die weeshuis-milieu te koppel aan een aspek van homofiele oriëntasie. Omdat homofiele ontwikkeling nie 'n statiese toestand is nie, is dit onmoontlik om homofiele oriëntasie aan een situasie te koppel. In verhale wat die skool, weeshuis of koshuis as milieu het, is dit nie vanselfsprekend dat dit tot gay-verhaal gaan ontwikkel nie. Die bogenoemde milieu dien slegs as waarskuwing dat die verhaal wat gelees word, moontlik 'n gay-verhaal kan wees. Daar moet tersefdertyd besef word dat die milieu dié ontwikkeling nie waarborg nie. Ons kan nietemin nie wegkom van die feit dat die skool, weeshuis of kosskool gunstige toestande vir homofiele gedrag skep nie. Om hierdie rede aanvaar ons dat die bogenoemde tema die gay-teks op die inhoudsvlak van hoofstroom-literatuur kan onderskei.

### 2.3.3 Mans in afsondering

Die tema *mans in afsondering* kan fokus op 'n reeks gebiede, waar daar gefokus word op gevalle waar mans hulself in situasies bevind waar hulle van die vroulike geslag afgesonder word. Twee milieus wat veral hierdie tema belig is die tronk en myne.

#### 2.3.3.1 Tronke

Aucamp(1990:197) is van mening dat tronke, vanweë die skeiding van geslagte, 'n broeikasklimaat vir homoseksualiteit skep. Net soos die wet poog om orde in die gemeenskap te handhaaf, het die tronk ook sy eie reëls wat gehandhaaf moet word. As gevolg van die afwesige vrou, word haar rol verplaas en

homoseksualiteit word geïnstitusionaliseer. Twee verhale van Jan van Tonder in Aucamp (1990), naamlik, "Laaities" en "Jare", illustreer hoe homoseksualiteit in tronke geïnstitusionaliseer word.

"Laaities" beeld die lot van jong tronkryp seuns uit wat tronk toe gestuur word. Hierdie jong gevangenes of laaities is "kosbaarder as kos" en selfs "as 'n hele arm dagga." Sodra 'n laaitie die tronk binnestap, word sy vryheid in alle opsigte van hom weggeneem. Sekere gevangenes, soos mans wat "groot en sterk is, kokke of dié wat goed kan smokkel" het meer regte as ander omdat hulle hul eie laaities besit. Die verteller verduidelik dat dit nie maklik is om in besit van 'n laaitie te wees nie omdat daar eers teen ander tronkgenote meegeding moet word. Die laaities word óf voor baklei, gekoop óf sommer geneem. Hulle word van hul menslikheid gestroop en word gereduseer tot besittings en handelsware.

Die uitvoer van die seksdaad in die tronk dien dus 'n drieledige doel. Dit vervul eerstens die behoefte aan heteroseksuele seks. Dit is tweedens 'n teken wat die magsdraers se seggenskap bevestig. Hierdie bevestiging spruit uit die kode dat die persoon wat penetreer, die draer van mag is. Seks word laastens vir die swakker gevangenes, soos byvoorbeeld die laaities, nie beoefen weens 'n behoefte wat vervul moet word, of 'n uitwys van mag nie. Hulle laat dit toe uit vrees, deur dwang en as 'n weg na oorlewing.

As verhaal beklemtoon "Laaities" die wreedheid van tronkseks, hoe die swakker gevangene tot homoseksuele dade gedwing word en hoe die mens tot seksgerief gereduseer word. Die verhaal wys ook dat homoseksuele verhoudings wat in tronke plaasvind, drasties van die gewone gay verhouding verskil.

Die tronkverhaal "Jare" belig die impak van gevangenskap op die emosionele vlak van die prisonier en die wrywing wat dit plaas op sy verhouding met sy eggenoot wat op hom wag. Net soos die adolessent in sy puberteitsjare deur verskillende invloede gebombardeer word, word die gevangene ook daagliks gedwing om keuses te maak wat gewigtige konsekwensies het.

Dirk, ´n gevangene, moes aan verskillende dinge in die tronk gewoond raak, soos die roetine waarin hy vasgevang is, die ander gevangenes se doen en late, "die gespletenheid, die afdreiging, die bakleiery, en die valsheid", Van Tonder in Aucamp (1990:82). Alhoewel hy aan al dié dinge gewoond geraak het, kon hy nie gewoond raak aan die situasie van ´n afwesige vrou nie. Die herinnering aan sy afwesige vrou spook by hom tydens sy gevangenskap en dit lyk asof sy lot vererger word deur verskeie foto´s wat hy van haar het. Sy lyding word vereenselwig met die onttrekkingsimptome van ´n dwelmslaaf, maar hy is vasberade om sy drange onder beheer te hou. Met verloop van tyd vind daar egter progressie in sy houding plaas. Hy is aanvanklik deur sy selmaats, Chris en Loutjie, se seksuele verhouding gewalg, maar hoe meer die daad gebeur, hoe meer word hy daaraan gewoond. Wanneer sy selmaats gemeenskap het, dink hy aan sy vrou, Leandie, en partykeer voel hy hoe sy liggaam op die driftige asemhalings

reageer. Die besef dat hy nog vir ses jaar opgesluit gaan word, breek sy moed en hy gee toe aan Loutjie se voorstel dat hulle intiem verkeer.

Na hul gemeenskap kyk hy na Leandie se foto en wil haar om vergifnis vra vir sy ontrouheid. Sy skuldgevoel wat aanvanklik oorheersend was, is steeds aanwesig, maar neem nou die tweede plek na die gevoel van verlossing van sy knaende drange. Sy uiteindelike keuse geskied weens die geweldige druk wat op hom geplaas is. Ten spyte daarvan dat hy in een opsig bevry is, bly hy nog steeds 'n gevangene van sy gedagtes. Sy lot word dus verswaar, omdat hy beide fisiek en emosioneel ingehok is.

Soos daar voorheen genoem is, is daar 'n duidelike verskil tussen die gewone gay verhouding en die geïnstitusionaliseerde, homoseksuele tronkverhouding. Ten spyte daarvan is daar ook sigbare ooreenkomste. Alhoewel tronkverhoudings (anders as gewone gay verhoudings) gebeur weens 'n uitoefen van mag, 'n weg na oorlewing of weens die afwesige vrou, gaan die persoon wat in 'n homoseksuele verhouding geforseer word deur duidelike fases. Sodra die gevangene in die tronk opgeneem word, vind sy inisiasie plaas. Die inisiasie behels die blootstelling aan verskillende dinge wat uniek is aan die gevangenis-opset en sluit homoseksuele kontak in. In die reeds genoemde "Jare", moes Dirk byvoorbeeld aan verskillende dinge gewoond raak, veral aan die ongewone homoseksuele verhouding tussen sy selmaats. Met sy inisiasie ervaar hy die homoseksuele verhouding slegs as toeskouer en maak hy nog nie deel van dié sisteem uit nie. Hy wil ook nie deel daarvan

uitmaak nie. Met verloop van tyd vind daar wel progressie in sy houding plaas. Daar vind geleidelik assimilasie plaas totdat hy deel van die sisteem uitmaak. Wanneer hy uiteindelik tot homoseksuele kontak toegee, vind sy oriëntasie plaas en die assimilasie-proses word voltooi.

In tronkverhale waar homoseksuele verhoudings uitgebeeld word, word die klem hoofsaaklik op heteroseksuele gevangenes gelê. Ons lees weinig van homofiele gevangenes. Dit is dus moeilik om deur middel van die literatuur vas te stel hoe hulle in die tronk ontvang word en deur watter prosesse hulle moet gaan wanneer hulle opgesluit word. Tronkverhale slaag nietemin daarin om die gevolge van die afwesige vrou te belig. Sodoende wys dit ook hoe die *geïsoleerde man* tema die gay-teks van hoofstroom-literatuur onderskei.

### 2.3.3.2 Myne

Gevangenes word tronk toe gestuur as terugbetaling deur 'n samelewing vir wie hulle veronreg het. Mynwerkers daarenteen, bevind hulself in hul situasie weens 'n samelewing wat hulle finansieel uitbuit. Die myn-milieu is gelyksoortig aan die tronk-milieu en is van belang vir hierdie deel van die skripsie omdat mynwerkers vir lang tydperke van hul eggenote, verloofdes en meisies geskei word.

In Berman en Krouse (1993) se <u>The Invisible Ghetto</u> gee die onderhoude deur Ndatshe en wa Sibuyi ons 'n groter insig in die tipe invloed wat geslagsafsondering op mynwerkers het. Die twee onderhoude vind in 1982 en 1987 onderskeidelik plaas.

Daar word gesprek gevoer met bejaarde mynwerkers wat hulself in die dertiger, veertiger en vyftiger jare in die myne bevind. Geskryf in onderhoud-styl, met aktuele boustof, word die leser geïnisieer tot 'n wêreld wat voorheen onsigbaar was.

Daniel se verhaal, in die onderhoud getitel "Love on the Mines - Two Miners" in Berman en Krouse (1993), is 'n tipiese mynwerkersverhaal. In sy strewe om lobola vir sy verloofde te betaal om sodoende 'n huisgesin soos al die ander mans te begin, word hy verplig om myn toe te gaan.

By die myn word die werkers aangeraai om nie die mynkamp tydens hulle indiensname te verlaat nie, omdat die mynbase nie verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige steftes en beserings in die nabygeleë lokasie nie. Op die mynperseel woon die werkers in hostelle, waar hulle volgens stam gegroepeer word om sodoende inter-stam konflik onder beheer te hou. Hulle meng wel met mekaar, maar slegs tydens werksure.

Terwyl hulle op die myn is, is dit vir die werkers die norm om 'n "boy" of manlike minnaar aan te skaf om vir die afwesige vrou te kompenseer. Daniel erken dat hy ook een gehad het, maar versoek die ondervraer om dit geheim te hou. Sy eerste "boy" was 'n jong Basotho man. Daar was verskeie redes waarom hy een wou hê. Hulle is eerstens nie toegelaat om vrouens in die lokasie te besoek nie. Hy was tweedens eensaam omdat hy vir lang tydperke sonder 'n vrou moes klaarkom. Hy was laastens verveeld en het na geselskap verlang. Hy het die verhouding met sy "boy" geheim gehou en

het dit nie in die openbaar uitgeleef nie. Selfs die "boy" het nie die geheim verklap nie. Die tyd wat hulle saam bestee het, het hulle byvoorbeeld in 'n ou gedeelte van die myn deurgebring waar mense nie meer gewerk het nie. Hul vrees was dat mans wat van dieselfde tuisland afkomstig was van die verhouding sou uitvind en dat die geheim tuis op die lappe sou kom. Die konsekwensies van hul aksies kan wees dat hulle beide hul aansien in die gemeenskap en hul geliefdes verloor.

Alhoewel die verhouding tussen die mynwerker en sy "boy" 'n alledaagse verskynsel op die myn is, is dit interessant dat dit nietemin geheim gehou word. Die geheim word nie net van die buitestaander weggehou nie, maar ook van die mede-mynwerkers weens die vrees dat familie en tuisgenote daarvan sal uitvind. Dit wil voorkom of hul stilswye deel uitmaak van 'n kode waaraan hulle gehoorsaam is.

Uit Daniel se onderhoud leer ons dat die verhouding tussen man en "boy" myn-spesifiek is, met ander woorde, hul verhouding vind slegs op die mynperseel plaas. Soos die mans die myn verlaat om na hul tuisland terug te keer, word hul verhoudings met hul "boys" oombliklik afgesny. Alle interaksie word gestaak en daar is selfs geen briewewisseling nadat hulle paaie skei nie.

Die buitestaander mag redeneer dat hierdie verskynsel voor-die-hand-liggend is omdat dit sodoende die mynwerker en sy vroulike geliefde se verhouding nie leed aandoen as hy weer tuis is nie. 'n Erkenning deur Daniel staaf hierdie

mening. Terwyl hy op Robertson Deep (een van die myne waar hy gewerk het) was, het hy daar ook 'n "boy" gehad. Hy was bevriend met 'n indoena met wie hy dikwels lokasie toe gegaan het, waar hulle na meisies gevry het. Hy vertel, "...when we went to the township we left our boys in the compound. But we never slept in the township, we just took a few hours with our girlfriends and then went back to our boys. We loved them better" - Ndatsche in Berman en Krouse (1993:48). Hierdie uitlating beklemtoon die intensiteit van homoseksuele verhoudings op die myn. Dit wil voorkom of die homoseksuele verhoudings binne die beskermende omgewing van die myn, heteroseksuele verhoudings in die tuisland ewenaar. Ons vind dat heteroseksuele verhoudings uiteindelik oorleef weens die norme van die samelewing en die moontlikheid van voortplanting. Wanneer die heteroseksuele verhouding in die tuisland voortgesit word, word daar nie weer na die homoseksuele verhoudings op die myn verwys nie. Die enigste oorblyfsel daarvan is 'n vae herinnering.

Nadat Daniel se verhaal vertel word is die leser simpatiek teenoor sy verloofde wat uiteindelik sy vrou word, omdat sy getrou na sy huishouding omgesien het en sy lande bewerk het terwyl hy weg was.

Die onderhoud met Themba lê klem op 'n verskillende aspek van homofiele verhoudings op die myn. Sy getuienis word gegee vanuit 'n waarnemersperspektief omdat hy nie self 'n "boy" gehad het nie. Toe hy vir die eerste keer op die Hartebeesfonteinmyn gaan werk het, was hy ontnugter deur die bedrywighede wat daar plaasgevind het. Binne die eerste paar

weke is hy sleg behandel en kon nie verstaan waarom sy voorman so teenoor hom opgetree het nie. Toe 'n ouer mede-werker aan hom verduidelik het dat die voorman hom as 'n "boy" wou hê, het hy sy humeur verloor en 'n geveg het losgebreek. Alhoewel hy die situasie gerapporteer het, het niks daarvan gekom nie en hy is slegs onder die toesig van 'n ander voorman geplaas. Hierdie ongevoelige reaksie deur die bestuur bevestig dat sulke situasies 'n alledaagse verskynsel op die myn is.

Toe hy van werkplek verander het, steeds in 'n myn, het hy die bedrywighede van *stabans* waargeneem. *Staban* is lokasie-sleng vir *gay* en beteken letterlik "hermafrodiet". Hy vertel dat mynwerkers om verskillende redes instem om hierdie rol te speel. Vanweë hul finansiële toestand word sommige mans gedwing om dié rol te speel. Omdat hulle finansiële vergoeding vir die *staban-rol* kry, word dit moontlik om op 'n vinniger tempo geld te spaar sodat dit gebruik kan word om lobola te betaal. Dit is gewoonlik die jonger mans wat hierdie rol vervul. Oor die algemeen word hierdie jong mans maklik oorreed om die rol van *staban* te vervul omdat hulle redeneer dat hulle net deur die transaksie kan baat en dat hulle hul nie oor swangerskap hoef te bekommer nie. Tuis vertel die "boy" nooit hoe hy daarin geslaag het om die geld so gou te spaar nie, omdat hul meisies of eggenotes niks te doen wil hê met mans wie se manlikheid bevraagteken word nie.

Mpande wa Sibuyi in Berman en Krouse (1993) se onderhoud met Philemon lê die klem op die aard van die verhouding tussen man en "boy". Philemon verduidelik dat die mynkamp waar hy gewerk het, uit verskillende huise bestaan het. Elke huis het ′n *xibonda* of kamer-verteenwoordiger gehad, wat deur die mynwerkers verkies is. Die *xibonda* was die hoof van die huishouding en het dikwels ′n "boy" vir homself gekies. In die *xibonda* se geval, word ′n "boy" aangeskaf om die afwesige vrou se rol te vervang. In die huis word die "boy" die *xibonda* se vrou en daar word van hom verwag om huishoudelike pligte na te kom soos byvoorbeeld die was van skottelgoed en die voorbereiding van kos. In ruil vir sy dienste word hy met verskillende dinge beloon, soos byvoorbeeld fietse, hemde, broeke en komberse. Nadat sy kontrak op die myn verval, sal hy sy betaling saam met hom neem na sy vrou of ouers.

Uit Philemon se getuienis wil dit voorkom of daar min ooreenkomste is tussen homofiele verhoudings op die myn en gewone homofiele verhoudings. In gevalle waar mans nie in afsondering is nie, met ander woorde, waar hulle nie van die vroulike geslag geïsoleer word nie, bepaal die gay man se seksuele oriëntasie dat hy tot sy eie geslag aangetrokke voel. Die verhouding is dus man tot man.

Op die myne is dit verskillend. Verskillende rolle word deur die *xibonda* en sy "boy" gespeel. Wanneer die *xibonda* sy "boy" die hof maak, kan die "boy" se ontwykende optrede met sy vroulike ewebeeld in heteroseksuele kringe vergelyk word. In dié verhouding word hy soos ′n vrou behandel. Alhoewel

die *xibonda* 'n verhouding met 'n man het, tref hy maatreëls om die "boy" so vroulik moontlik te laat lyk. Hy sal byvoorbeeld materiaal aanmekaar werk sodat dit nes vroueborste lyk. Hierdie "vroueborste" sal hy dan met toutjies aan die "boy" heg sodat dit eg kan lyk.

Dit is ook moontlik om die *xibonda* fisies van sy "boy" te onderskei. Terwyl hulle in 'n verhouding is, is die "boy" verplig om sy baard te bedek; in die meeste gevalle moet dit afgesny word. Sodra 'n persoon sy baard hou, is dit 'n teken van volwassenheid. Die persoon beoefen dan sy volwassenheid deur self 'n "boy" aan te skaf. Die aankweek van 'n baard is dus 'n uiterlike teken dat iemand gepromoveer het van 'n "boy" tot iemand wat 'n "boy" besit. Die verhouding tussen *xibonda* en "boy" is dus nie man tot man soos in die geval van die gewone gay verhouding nie, maar tussen man en vroulike plaasvervanger.

Die myn- en tronkverhale waarna ons gekyk het, het situasies uitgebeeld waar heteroseksuele mans van vrouens geïsoleer is. Dit het veral klem gelê op die homofiele verhoudings wat afsondering meebring. Op die tematiese vlak onderskei die *mans in afsondering* tema die gay-teks van die hoofstroom-teks omdat unieke homoseksuele verhoudings uitgebeeld word.

### 2.3.4 Gay Bedrywighede: Cruising, Hustling en Transvestisisme

In die eerste hoofstuk van hierdie skripse het ons reeds cruising, hustling en transvestisisme bespreek onder die afdeling *Bedrywighede van die gay-subkultuur*. Literêre tekste

het getoon dat hierdie bedrywighede verskeie rolle in die gay-subkultuur vervul en dat dit uniek is tot die gay belewenis. As gevolg van die eksklusiwiteit van hierdie bedrywighede kan ons dus sonder aarseling noem dat dit as tema die gay-teks van die hoofstroom-teks sal onderskei.

### 2.3.5 Die getroude gay

Inisiasie en homofiele oriëntasie is die prosesse wat plaasvind voor die homofiel se "coming-out". In sekere gevalle het die homofiel nie die durf om teen die norme van die samelewing te stry nie, met die gevolg dat sy "coming-out" vertraag word. In die tussentyd onderdruk hy sy homofiele spontaneïteit en assimileer met die verwagtinge van die heteroseksuele samelewing. Hierdie dilemma veroorsaak dat daar dikwels 'n dubbele lewe gelei word. In die literatuur is daar gevalle waar mans hul homofiliteit vermom binne die beskermende omgewing van 'n heteroseksuele huwelik. Die tema *die getroude gay* roep gewoonlik die vraag op waarom die homofiel besluit om in die huwelik te tree.

Die literatuur wys ons dat homofiliteit nie deur ras, geloof of sosiale klas beperk word nie. Vir homofiele wat 'n hoë sosiale status geniet, soos byvoorbeeld politici, is dit moeilik om hul ware identiteit in die openbaar uit te leef omdat daar van hulle verwag word om 'n morele voorbeeld te stel. Sommige individue gaan so ver om in die huwelik te tree om te verhoed dat die publiek agterdogtig raak met betrekking tot hul seksuele oriëntasie. In sulke gevalle word die huwelik 'n rookskerm waardeur hul status beskerm word.

Daar is gevalle waar mans die waarheid so goed versteek dat hul eggenotes verbyster staan as hulle uiteindelik die geheim ontdek. In die reeds genoemde "Mrs Tefillin", voel die hoofkarakter, Rivka Trout, gekul omdat sy eers na haar man, Peter, se dood ontdek dat hy vir jare ′n homofiele verhouding met sy beste "vriend" gehad het. Voordat sy deur sy geheime verlede ontnugter is, was daar min tekens dat hy ′n dubbele lewe gelei het. Die leser let wel op dat die aard van hul intieme verhouding dalk sy identiteit kon verraai. As sy na sy naakte liggaam kyk nadat sy hom dood in die stort aantref, lees ons, "In all their marriage, she had never really looked at his body. So this is what you look like. She poked the fat in his stomach with a finger. He rolled over onto his back and the sudden, unexpected movement startled her. He didn′t seem to have any genitals. They were hidden under layers of flesh. She was amazed that her fingers were poking under and lifting up the rolls of fat and fumbling around trying to find something she had never seen and pulling them into view as best she could. This is what you put into me, four, five, perhaps six times in all our life together?", Kramer in Leavitt en Mitchell (1994:315). In Peter se geval vind ons dat hy die huwelik as rookskerm gebruik. Terwyl hy aan die een kant ′n pretensieuse huwelikslewe lei, stil sy verhouding met Herman aan die ander kant sy homofiele begeertes.

Terwyl sommige homofiele die huwelik as rookskerm gebruik, is daar ander wat so sterk deur norme van die samelewing oortuig word dat hulle in die huwelik tree as beswering vir

hul aangetrokkenheid tot hul eie geslag. In Danie Botha (1995) se "'n Halwe man" vertel 'n jong hustler van sy ontmoeting met die getroude Frans. Frans se verlange is dat die "hustler" orale-genitale seks met hom beoefen, maar Frans laat hom nie toe om hom te penetreer of dat hy hom bokant sy heup liefkoos nie omdat hy nie 'n "fokken vrou" is nie, Botha (1995:116). 'n Groot deel van die verhaal se vertelling lê klem op die onmenslike wyse waarop die hustler behandel word. Frans is skuldig daaraan dat hy die hustler as 'n handelsartikel behandel. Omdat hy vir die hustler se dienste betaal, glo hy dat hy met hom kan maak nes hy wil. Dit wil voorkom of hy nie sy eie homofiliteit kan verwerk nie en hy misbruik dus die hustler sodat hy ten minste ontslae kan raak van sy opgekropte frustrasies. Alhoewel hy getroud is, skort daar iets in sy huwelik omdat hy keer op keer na die hustler terugkeer. Die hustler-verteller noem, "Dit het 'n ritueel geword. Die deurklokkie lui in die nag. Ek maak dit oop. Met die swaar kop wat hang, staan jy daar in jou swart klere. Sonder 'n sweem van 'n glimlag. Ek weet ek moet dadelik die lig afskakel en die gordyne toetrek. In die skemerte moet ek gereed wees vir jou", Botha (1995:116). Ondanks die feit dat hy blykbaar die hustler op 'n afstand wil hou, kry die leser tog die gevoel dat hy hom broodnodig het. Totdat hy sy homofiliteit aanvaar, sal hy nie die hustler toelaat om sy hele liggaam te besit nie, en sal hy dus 'n halwe man bly. Botha (1995) se verhaal belig ook die feit dat die huwelik nie die homofiele gevoel sal blus nie en dat daar steeds 'n behoefte aan homofiele kontak sal wees. In verhale waar die huwelik as rookskerm gebruik word, kan daar verwag word dat die verhaal sy klimaks sal

bereik wanneer die homofiel uiteindelik aan sy huweliksmaat moet beken dat hy sy homofiliteit nie langer kan onderdruk nie.

Alhoewel vaste homofiele verhoudings vir die gay die ideaal is, het dit tog een kenmerkende nadeel. Sulke verhoudings is steriel omdat prokreasie nie plaasvind nie. Om hierdie rede tree sommige homofiele doelbewus in die huwelik sodat hulle biologiese onsterflikheid deur middel van hul afstammelinge kan geniet.

Omdat *die getroude gay* tema soveel interessante fasette behels, kan daar verwag word dat skrywers in die toekoms meer aandag sal bestee aan hierdie aspek van die homofiele belewenis.

### 2.3.6 Gay politiek

Die gay-teks maak op sigself 'n politieke stelling. Waar die samelewing aan die een kant nog steeds krities staan teenoor homofiele verhoudings, bied die gay-teks 'n medium waardeur die skrywer sy sienswyse van die homofiele bestaan, gevoelens en ervarings op papier kan uitdruk. Die feit dat al hoe meer gay-tekste in kortverhaalbundels van die kanon opgeneem word bevestig dat dit op die vlak van goeie literatuur bestaansreg geniet.

Daar is verskeie redes waarom lesers nie 'n gay-teks wil lees nie. Weens die feit dat die gay-teks literatuur behels waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot

as 'n suggestie of sensibiliteit, word sekere lesers onmiddellik afgesit omdat dit bots met hul eie morele oortuigings. Die konserwatiewe leser word deur die gay-teks gewalg omdat dit dikwels kru taal gebruik en homofiele sekstonele uitbeeld. Ander sal die gay-teks nie koop of lees nie weens die vrees dat hulle dalk as gay bestempel gaan word.

Ondanks al hierdie negatiewe kritiek het die gay-teks ook die potensiaal om goeie literatuur te wees. Dit gebruik dikwels die bogenoemde kruhede om die samelewing van sy skynheiligheid bewus te maak. As antwoord op die opvatting dat die kru taalgebruik en die uitbeelding van homofiele sekstonele in die gay-teks afstootlik is, kan ons argumenteer dat dit gebruik word sodat dit die homofiele werklikheid so presies moontlik kan uitbeeld. Die totale blootlegging van die homofiele belewenis bevestig aan die leser dat daar niks is om weg te steek nie. Om hierdie rede word gay-literatuur ook eerlike literatuur. Weens die vryheid wat die gay-teks bied, word skrywers van gay-literatuur nie ingeperk nie en kan dus vrye teuels aan hul kreatiwiteit gee.

Literatuur wat aandag aan *gay politiek* skenk, kan op 'n reeks gebiede fokus. Die teks kan eerstens propagandisties van aard wees, met ander woorde, die teks mag poog om steun te werf vir die gay-teks self of vir die homofiele bestaan. Dit mag tweedens gebruik word om kommentaar te lewer op die onreëlmatighede binne die gemeenskap wat so krities teenoor homofiele staan. Die teks kan laastens verdedigend wees, waar kommentaar op verskeie geskilpunte gelewer word.

Johan Bruwer (1983) se satiriese kortverhaal " 'n Moffie chaff 'n Kaffer" is 'n voorbeeld van 'n politieke gay-teks. Die titel bevat twee pejoratiewe, naamlik, *moffie* en *kaffer*; die woorde word gewoonlik deur mense gebruik wat 'n hekel aan homofiele en swartmense het. Omdat albei pejoratiewe in die teks gebruik word, is dit 'n teken dat die twee sake op 'n gemene vlak gestel word.

'n Homofiel is aan die woord en soos die titel verklaar, is hy besig om by 'n swartman skoor te soek. Hy val die swartman aan met kras taalgebruik en is deur verskeie dinge gegrief. Sy grootste klag teen die swartman is dat hy meer politieke regte het. Hy wys hom wel daarop dat sy swart trots nie onafhanklik is nie en dat dié trots tot stand gekom het weens die onderdrukking deur sy mededingers, die wittes. Die leser se aanvanklike reaksie is dat die homofiel self 'n renons in swartmense het omdat hy so beledigend optree, maar ons vind dat sy eintlike protes teen die gesagstruktuur gemik is wat beide hom en die swartman in 'n minderwaardige posisie plaas. Later in die verhaal besef ons dat die homofiel eintlik jaloers op die swartman is. Anders as die swartman, kan hy nie 'n beroep doen op die ondersteuning van 'n etniese groep as hy veronreg word nie. Omdat hy as homofiel alleen staan teen die onderdrukker, is hy pessimisties dat daar binnekort 'n oplossing sal wees.

Die woord *chaff* in die titel beteken om skoor te soek. Skoorsoek se doel is gewoonlik om te terg of te pla, maar dit kan ook 'n vorm van hofmakery wees. Na al die

beledigings en nadat hy sy standpunte geopper het, eindig die verhaal waar die homofiel 'n seksuitnodiging aan die swartman rig. Met die emosionele uitreiking besef die leser ten slotte dat daar 'n weerlose mens skuil agter die oënskynlike dapper masker wat deur die homofiel gedra word.

Terugskouend vind ons dat die kru taalgebruik 'n funksie het in die verhaal. Met die gebruik van oordrywing en kru taalgebruik word die tekortkomings van die swartman en die homofiel bespotlik voorgestel met die doel om verbetering aan te spoor. Met betrekking tot *gay politiek* vind ons dat die teks die huidige gesagstruktuur uitdaag wat beide die swartman, maar veral die homofiel ondermyn.

### 2.3.7 VIGS en die dood

Terwyl sommige mense die dood blymoedig tegemoet gaan vanweë hul godsdienstige oortuiging, vrees ander die dood omdat hulle nie weet wat die hiernamaals behels nie. Alhoewel sommige mense die dood self nie vrees nie, is ek daarvan oortuig dat almal 'n vrees vir die konsekwensies van die dood het. 'n Persoon mag byvoorbeeld sy eie dood nie vrees nie, maar sodra die moontlikheid ontstaan dat hy een van sy geliefdes aan die dood mag verloor, word hy op die emosionele vlak beproef. Die dood veroorsaak vrees omdat dit die afwesigheid van lewe beteken. Vir diegene wat agterbly, word die ontslapene ontasbaar en al wat oorbly is soete herinnerings. Alhoewel die dood 'n universele verskynsel is, verskil die oorsaak van dood van persoon tot persoon.

In 'n era waar daar 'n toename in die aantal VIGS-slagoffers is, word al hoe meer aandag gevestig op hoe die siekte bekamp kan word. Gesondheidswerkers loods byvoorbeeld veldtogte teen VIGS waar hulle die publiek opvoed met betrekking tot hoe die siekte verhoed kan word. Op die vlak van die literatuur word 'n ander tipe aanval teen die dodelike siekte geloods. Deur middel van literatuur wat in sommige kringe as VIGS-literatuur bekend staan, reageer skrywers op verskeie aspekte van die siekte.

Alhoewel VIGS 'n algemene verskynsel is, vind ons dat wanneer dit in gay-literatuur weerspieël word, dit hoofsaaklik gay karakters is wat daaraan ly. Die rede daarvoor is dat die gay-teks grotendeels fokus op aspekte wat betrekking op die gay-belewenis het. Omdat die homofiel se seksuele intimiteit anale seks insluit, is die kanse groot dat VIGS opgedoen kan word as veilige seks nie beoefen word nie. Om hierdie rede word homofiele al hoe meer behoedsaam met betrekking tot hul intieme sake.

Terwyl sommige hul uiterste probeer om die siekte te vermy, word ander onvermydelik die prooi daarvan. Wanneer die gay-teks die kwessie van VIGS aanspreek, fokus dit op verskeie gebiede. In alle gevalle word daar beklemtoon dat die siekte met die dood gepaard gaan. Aspekte wat veral deur VIGS-verhale belig word, sluit die volgende in: die emosionele impak op die individu nadat hy uitvind dat hy deur die MIV besmet is; individue wat nuus ontvang dat familielede of geliefdes die siekte het; die verskillende stadia van die

siekte wat die slagoffers moet meemaak voordat hulle beswyk; waarskuwings wat daarop dui dat VIGS 'n dodelike siekte is en die konsekwensies daarvan.

Paul Monette (1990) se kortverhaal "Halfway Home" belig 'n paar van die bogenoemde aspekte. Dit is agtien maande na die hoofkarakter, Tommy, se ontdekking dat hy VIGS het. Die siekte is besig om sy tol te eis en hy besef dat sy dae op aarde getel is. Hy dink terug aan sy kinderdae waar hy gedurig met sy ouer broer, Brian, gestoei het en hoe hy dikwels afgeknou is. Hy onthou ook hoe Brian se verhouding teenoor hom verander het toe hy uitgevind het dat hy gay is, "As soon as Brian understood I was queer - and I swear he knew it before I did - he iced me out for good. No more roughhouse, no more nugies and body checks. I didn't exist anymore", Monette in Stambolian (1990:12). Na sy terugflits verskuif die fokus na die hede. Afgesien van sy twee vriende, Gray en Mona, wat gereeld by hom kom kuier, woon hy alleen in 'n afgeleë strandhuis. Hy word gedurig herinner aan sy verliese, naamlik die aantal vriende wat reeds aan VIGS gesterf het en ook sy familie wat hom verstoot het. Omdat Tommy kontak met sy familie verloor het, probeer Mona die situasie regstel deur Brian oor sy broer se kondisie in te lig.

Tommy is stomgeslaan wanneer sy broer onverwags opdaag. Brian se onmiddellike reaksie is om toenadering te soek, "'Tommy, we shouldn't be strangers. We never should've let all this time go by.' He turns to me full face, his arms beginning to reach toward me, and I have this flash that he is

going to drag me down...", Monette in Stambolian (1990:27). Tommy aanvaar egter nie sy broer se skielike verandering in houding nie weens die slegte wyse waarop hy in die verlede behandel is. Ten spyte daarvan poog Brian steeds om hom met sy broer te versoen, "I treated you terrible. I hated my own brother, just because he was gay. I don't want to be that way anymore," Monette in Stambolian (1990:27). Na sy mislukte poging besluit hy om huiswaarts te keer, maar as gevolg van motor-probleme word hy verplig om by die strandhuis te oornag.

Daar is nie veel interaksie tussen die broers na Brian se besluit om oor te slaap nie. Terwyl sy broer slaap, stap Tommy na sy kamer. Met opgekropte kwaadgevoelens vervloek hy die slapende figuur. Talle gedagtes kom by hom op elke keer as hy aan die verskriklike siekte dink. Die leser begryp waarom hy vroeër so kwetsend teenoor sy broer opgetree het. Hy word gefrustreer deur die wete dat sy liggaam deur siekte verwoes gaan word terwyl sy broer die plesier van 'n volle leeftyd gaan geniet. Sy grootste spyt is dat die dood gaan kom terwyl sy lewe onvervul is.

Direk daarna kom sy ware gevoelens egter te voorskyn. Soos sy broer se weerlose liggaam voor hom lê, waak hy daaroor, "But suddenly it's like I'm guarding him, watching over the last of my clan, the only one whose luck has held", Monette in Stambolian (1990:36). Voordat hy self gaan slaap, volg hy sy impulse en soen sy broer op die wang. Hierdie aksie bevestig dat hy sy broer uiteindelik vergewe vir al die pyn wat hy in die verlede moes verduur. Dit is ook 'n

teken van emosionele bevryding omdat hy in die verlede nie sy liefde vir Brian op ´n tasbare wyse kon betoon nie, "Tears are pouring down my face, silent and futile, without any reason. Crybaby. Finally I think I will sleep. I stand, creaking the chair again, and I´m superconscious of every broken thing in my body. My six lesions, my old man´s bladder, my nerved warped knee. I wrap my arms about myself, huddling in my smallness. I take a long last look at Brian, and on impulse I lean over him, hover over his face and brush my lips against his cheek, just where my own cheek bears the mark", Monette in Stambolian (1990:36).

Die verhaal eindig met die woorde, "I´ve never kissed my brother before. He doesn´t flinch, he doesn´t notice. Then I turn and stumble back to my room, pleading the gods to be rid of him", Monette in Stambolian (1990:36). Die feit dat hy nog nooit sy broer gesoen het nie is ´n fisieke teken van die emosionele afstand tussen die twee. Wanneer hy sy broer soen, gee dit dus te kenne dat hy op die emosionele vlak met hom verenig is. In die slotsin, waar hy die gode smeek om van Brian ontslae te raak, is dit ´n verwysing na sy aanvanklike begeerte om alleen te sterf. Dit sou makliker wees, want afgesien van Mona en Gray, het hy kind nog kraai gehad. Met die nuwe verwikkeling word sy planne omver gegooi, ou wonde word oopgekrap, maar as gevolg daarvan kry sy lewe nuwe betekenis.

"Halfway Home" fokus op ´n reeks elmente wat betrekking op VIGS het. Wanneer die verhaal die aftakelende aspek van die sindroom belig, met ander woorde, as daar verwys word na die

verskeie Vigs-verwante siektes waaraan die hoofkarakter reeds ly, skep dit ŉ onmiddellike effek van verval. Die verhaal toon egter dat VIGS nie in alle opsigte aftakel nie. As gevolg van sy gay-lewenstyl was Tommy byvoorbeeld van sy familie vervreem. Toe sy broer van die siekte hoor, het dit kommer gewek en uiteindelik tot versoening gelei. Sy dooie familie-verhouding voor sy toestand van siekte word dus herbore vanuit die werklikheid dat hy binne ŉ paar jaar gaan sterf. Die boodskap wat "Halfway Home" en ook ander VIGS-verhale oordra, is dat daar teen VIGS gewaak moet word omdat die konsekwensies daarvan verder as die dood strek.

Die algehele indruk van die *vigs en die dood* tema is dat daar min ander temas is wat so intiem en hartroerend is. ŉ Positiewe aspek van verhale met die bogenoemde as tema is dat dit medelye wek. Dit het selfs die vermoë om lesers wat sterk teen homofiliteit gekant is, te ontsenu sodat hulle seksuele oriëntasie miskyk en hulle met die kwynende karakters identifiseer.

In ons poging om die vernaamste gay-temas af te baken, het ons gevind dat hierdie temas eksklusiwiteit aan die gay-teks gee. Hiermee bedoel ons dat, as ons een van die bogenoemde temas in ŉ verhaal aantref, dit daarop sal dui dat ons met ŉ gay-teks te doen het. As teen-argument mag kritici na verhale verwys wat sterk as hoofstroom-teks beoordeel word, maar waar daar ook een of meer van die bogenoemde temas aangetref word. Die strikvraag wat volg is: Hoe word sulke verhale geklassifiseer of beoordeel? In die volgende hoofstuk waar ons die gay-teks teenoor hoofstroom-literatuur

plaas, sal ons probeer om die bogenoemde vraag te beantwoord.

# HOOFSTUK DRIE

## DIE GAY-TEKS EN HOOFSTROOM-LITERATUUR

Aan die begin van die skripsie het ons die gay-teks gedefinieer as 'n geordende opeenvolging van sinne wat as 'n samehangende eenheid geproduseer en/of geïnterpreteer word waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit. Omdat die gay-teks as apart van die hoofstroom-teks gedefinieer word, is dit voor-die-hand-liggend dat daar duidelike verskille tussen die twee tipes tekste is. Die feit dat die verskille opgemerk word, suggereer nie noodwendig dat die twee tipes tekste heeltemal apart van mekaar staan nie. Dit sal sinvol wees om die twee tipes tekste langs mekaar te plaas om vas te stel watter verhouding die een tot die ander het.

Die kern van die gay-teks lê in die uitbeelding van homofiliteit, en dit fokus op die rol wat homofiliteit speel, of dit primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit voorgestel word. Die kern van die hoofstroom-teks bestaan daarin dat die teks grotendeels op die uitbeelding van 'n menslike kondisie fokus. Hierdie menslike kondisie behels ervaringe wat alle mense met mekaar gemeen het. Sulke ervaringe kan eensaamheid, verlange, die mens se soeke na

liefde, die soeke na identiteit, die strewe na aanvaarding binne 'n gemeenskap, ensovoorts, insluit. Omdat hierdie ervaringe betrekking op alle mense het, moet dit op die homofiel ook betrekking hê. Daar is dus 'n reeks ervaringe wat die homofiel met die nie-homofiel gemeen het. Omdat daar 'n verbintenis van sekere ervaringe tussen die homofiel en die nie-homofiel is, moet daar 'n verbintenis tussen hoofstroom- en gay-literatuur wees. Die aard van die verbintenis tussen hoofstroom- en gay-literatuur is dat die laasgenoemde, van die hoofstroom-literatuur afwyk om 'n tipe literatuur te vorm wat unieke ervarings uitbeeld. Ter illustrasie van die bogenoemde, sal ons deur middel van Edmund White (1982) se A Boy's Own Story wys hoe een teks die menslike kondisie effektief uitbeeld, terwyl dit ook as 'n gay teks getipeer kan word.

As vertrekpunt, sal ons na die primêre leesvlak van die verhaal kyk. Dit is nie ons doel om die verhaal slaafs oor te vertel nie. Ons gebruik dit as ons vertrekpunt om verskeie redes: As gevolg daarvan dat die verhaal nie chronologies vertel word nie en omdat dit vanuit verskillende hoeke benader gaan word, is dit noodsaaklik dat die verhaal eerstens gekonstrueer word. Aangesien daar telkens na bepaalde gebeurtenisse verwys gaan word, is die primêre leesvlak tweedens informatief en rus dit die leser toe om ons bespreking sonder moeite te volg. Omdat die primêre leesvlak informatief van aard is, dien dit derdens as verwysingspunt. Nadat die verwysingspunt gevestig is, sal ons die verhaal afsonderlik as hoofstroom- en as gay-teks kan benader.

## 3.1 Primêre leesvlak van A Boy's Own Story

Soos die titel van die verhaal aandui, word 'n seun se verhaal vertel. Sy naam word deur die loop van die verhaal nie genoem nie. Die gebruik van die onbepaalde lidwoord in die titel skep dus die moontlikheid dat dit die verhaal van enige seun kan wees ten spyte daarvan dat 'n spesifieke verhaal vertel word.

Die vertelling van die verhaal neem 'n aanvang met die seun se pa wat sy gaste, die Corks se twee seuns, Kevin en Peter, met 'n middernagtelike bootrit trakteer. Tydens die normale gebeurtenisse rondom so 'n bootrit, openbaar hy verskeie persoonlike brokkies inligting aan die leser. Terwyl hy met die Corks se seuns en sy pa op die boot is, vertel hy dat hy homself as 'n "sissy" of meisieagtige seun beskou, omdat hy nie vryslag kan swem nie en dat hy nie soos sy sporthelde tennis en bofbal kan speel nie. Hy vertel dat hy aan minder inspannende sportsoorte soos ping-pong en vlugbal deelneem en dat hy slegs syslag kan swem. Sy sienswyse van sy pa was dat hy 'n tweeledige geaardheid geopenbaar het. Aan die een kant het hy verwyfde karaktertrekke getoon in die sin dat hy sy bene nes 'n vrou gekruis het, dat hy gesteld op sy naels was en dat hy 'n voorkeur vir klassieke musiek gehad het. Ten spyte van hierdie eienskappe het hy aan die ander kant sy pa as taai voorgestel. Hy vertel dat sy pa altyd 'n geveg moedig ingegaan het, dat hy 'n sterk, geoefende atleet was, dat hy vir min dinge geskrik het, dat hy 'n slegte humeur het en dat hy, by tye, soos 'n matroos kon vloek.

Terwyl hy die manlike eienskappe van sy pa se karakter opsom, noem hy in dieselfde asem dat Kevin 'n beter seun vir sy pa sou gewees het as wat hy kon, omdat Kevin dieselfde eienskappe as sy pa getoon het. Hy was byvoorbeeld die kaptein van sy junior bofballiga en het 'n sterk persoonlikheid gehad. As hy 'n bepaalde opinie gehad het en geglo het dat daardie opinie die regte een was, sou hy vir niks en niemand teruggestaan het by die verdediging daarvan nie. Wanneer die seun homself met Kevin vergelyk, besef die leser dat hy graag na sy pa wil uitreik en dat hy ook sy erkenning wil hê.

Tydens die Corks se besoek, word daar in die verhaal nie veel aandag aan die interaksie tussen hulle en die seun se familie geskenk nie. Die belangrikheid van die Corks se besoek lê egter daarin dat die seun hulle met sy eie familie, en meer spesifiek met sy pa kan vergelyk. Met al sy vergelykings, vind ons dat hy baie aandag aan die uitbeelding van sy pa skenk. Die wyse waarop hy sy karakter benader gee die leser die indruk dat sy pa 'n groot impak op sy lewe het. In een van die karaktersketse vertel hy dat sy pa groot waarde aan materiële dinge heg. As sy pa byvoordeeld die aanname maak dat iemand uit 'n goeie familie kom, dan bedoel hy eerstens dat die persoon welgesteld is en tweedens, maar ondergeskik, dat die persoon ordentlik en deugsaam is. Wat die teenoorgestelde geslag betref, het sjarmante dames, ongeag hul ouderdom, die mag gehad om die bedagsame kant van sy persoonlikheid na vore te bring. Die seun noem ook dat sy pa gaste as lasposte beskou wat oor

en oor getrakteer moes word. Die feit dat sy vader se daaglikse roetine ter wille van hul besoekers omvergegooi was, is 'n bevestiging hierdie aanname. Hy vertel dat as mevrou Cork meer betowerend was, hul besoek meer aangenaam vir sy pa sou wees. Een aspek van sy pa se roetine wat nie verander het nie, was dat hy gedurig na klassieke musiek geluister het. Die musiek wat deur die huis geweergalm het, was vir die seun die onsigbare band wat hy met sy pa gehad het. Ten spyte daarvan dat albei van klassieke musiek gehou het, het hulle nie hul gemeenskaplike belangstelling gebruik om hul persoonlike verhouding te bevorder nie.

Op 'n aand besluit die twee gesinne om uit te eet. Tydens die maaltyd en selfs op pad huis toe hou die seun die volwassenes se gedragspatrone dop en kom tot die gevolgtrekking dat hy nie met hulle kan identifiseer nie omdat hulle volgens hom nie ware eienskappe van vriendskap en liefde toon nie. Soos hulle huis toe ry, dink hy terug aan die tyd toe hy net so oud soos Kevin was en waar hy die verlange gehad het dat sy pa hom innig moes liefhê. Een tipe liefde wat hy graag van sy pa wou hê was die tipe liefde waarvan hy in die roman <u>Death in Venice</u> gelees het, waar 'n ouer man vir die liefde van 'n seun gesterf het. Die mag wat aan daardie liefdesverhouding verbonde was, is waarna hy gesmag het.

Dit is ironies dat die seun in die eerste hoofstuk seksuele kontak met Kevin het en dat dit oënskynlik plaasvind as gevolg van die onbereikbare liefde waarna hy smag. Tydens die seksuele kontak lyk dit asof Kevin 'n bepaalde mag oor hom

het en dat hy die punt bereik waar hy dalk vir Kevin se liefde sal sterf. Die aanvanklike fantasie wat hy van die liefde gehad het, laat hy vaar en hy maak dan die volgende stelling, "Most of the time I had dreamed of an English lord who'd kidnap me and take me away forever; someone who'd save me and whom I'd rule. But now it seemed that Kevin and I didn't need anyone older, we could run away together, I would be our protector", White (1983:19). Alhoewel dit lyk asof die fantasie vanuit sy oogpunt laat vaar word, leef dit tog voort, omdat hy nou die ouer persoon is wat deur die liefde van iemand jonger betower word.

In die tydperk wanneer die seuns seksueel verkeer, is die seun tot op 'n sekere punt die dominante party. Die rede hiervoor is dat hy ouer as Kevin is en dat Kevin hom bewonder as gevolg van die feit dat hy al seksuele ervaring met die teenoorgestelde geslag gehad het. Kevin het hulle verhouding nie as 'n homoseksuele liefdesverhouding beskou nie, want dit lyk asof hy seks met die seun beoefen weens die afwesigheid en onbereikendheid van die vroulike geslag. Hierdie aanname word bevestig wanneer hy die seun tydens seksuele kontak afstoot as hy probeer om hom in die nek te soen.

Kevin se bewondering vir die seun was van korte duur. Die dag toe die seun, Kevin en Peter in 'n bootjie vis gaan vang het, het die verandering ingetree. Terwyl die seun vir 'n byt aan sy lyn gewag het, het Peter en Kevin in die boot te kere gegaan. In sy poging om hulle stil te maak, het die twee broers sy reaksie as pretbederwery beskou. Dit

is veral Kevin wat hom in 'n ander lig begin beskou het. Die bewondering wat hy voorheen vir die seun gehad het, het vervaag en hy het hom al hoe meer as meisieagtig begin beskou. Die verandering wat in Kevin se gemoed plaasgevind het, het 'n verandering in die seuns se verhouding meegebring. Die seun se fantasie om 'n romantiese houvas op Kevin te hê, was verpletter en die werklikheid van verwerping het hom in die oë gestaar.

In die tweede hoofstuk word die leser deur middel van die seun se vertelling na die vorige jaar teruggevoer, naamlik die jaar voordat hy met Kevin kennis gemaak het. Tydens hierdie jaar het hy op sy pa se aandrang vir hom gewerk om sodoende die waarde van die dollar te besef en ook om 'n aanvoeling vir die kommersiële werklikheid te kry.

Soggens ry hy met sy stiefma vanaf sy pa se huis in die platteland na sy werksplek in die dorp. Een oggend dink hy terug aan een van hul vorige wonings, waar hy tussen 'n aantal swart bediendes grootgeword het. Hy vertel dat hy niks anders behalwe hul liefde wou hê nie. Die verwerwing van hul liefde was vir hom as kind noodsaaklik en hy wou graag deel van hul vriendekring uitmaak. Die skeidsmuur wat hom van die bediendes geskei het, was as gevolg van die materiële gaping wat deur sy pa se weelde veroorsaak is. Hy het geglo dat hy hul liefde kon verower deur sekere dinge vir homself te doen, soos byvoorbeeld om sy bed op te maak en om self ontbyt voor te berei. Ten spyte van sy pogings het dit vir hom gelyk asof hul haatdraendheid te groot was om te oorweldig. Omdat hy die bogenoemde terugflits kry

terwyl hy op pad werk toe is, kan ons aflei dat daar ooreenkomste is tussen die rede vir die werk wat hy vir die bediendes doen en die werk wat hy vir sy pa op kantoor doen. Terwyl hy in die diens van sy pa is, is daar die onderbewuste begeerte om sy pa se begunstiging en liefde deur middel van harde werk te geniet. Hy besef terselfdertyd dat terwyl hy in die diens van sy pa is, hy altyd op ʼn afstand van hom sal wees omdat hul verhouding in terme van geld gemeet word.

Die situasie waarin hy homself bevind, maak hom bewus van die kringloop wat voltrek word. Toe sy ouers van mekaar geskei het, is daar ooreengekom hoeveel geld aan sy ma, sy suster en aan hom, deur sy pa verskuldig was. Omdat hy nog steeds sy familie moes onderhou, het hy ʼn finansiële houvas op hulle gehad. As gevolg daarvan is die verhouding tussen die pa, en die ma en kinders volgens geld gemeet. Die geldelike houvas op hulle was so sterk dat die kinders herhaaldelik deur hul ma gewaarsku is dat hulle daarna moes streef om ʼn goeie verhouding met hul pa te handhaaf. Sy het gevrees dat as hulle nie bedagsaam opgetree het nie, hy hul onderhoud sou besnoei. Op ʼn later stadium het sy pa ʼn lewensrekening aan sy suster toegeken. Dit was ʼn lys van uitgawes wat hy na haar mondigwording op haar bestee het. Die toekenning van die lewensrekening keer die vorige situasie om en is simbolies van die finansiële naelstring tussen pa en dogter wat uiteindelik gesny word. Die seun bevind homself in ʼn soortgelyke situasie met sy indiensname.

Terwyl sy pa onderhoud betaal, geskied die betaling sonder enige meriete, maar wanneer die seun vir sy pa werk, is sy salaris die beloning vir werk wat hy gedoen het.

Nadat hy bedags klaar gewerk het, vertoef hy dikwels in die dorp terwyl sy stiefma vir sy pa wat nog op kantoor is, geselskap hou. Om ongeveer middernag ry hy en sy stiefma alleen huis toe as sy pa nog werk het om te doen. Op ´n tipiese aand, terwyl hy op sy pa gewag het, wou hy die dorp se naglewe ervaar. Vanaf ´n afstand gewaar hy die plaaslike hillbillies, van wie baie dronk is en ook jong hustlers wat deur motoriste opgelaai word. Toe hy skynbaar probeer om onder ´n lamppaal ´n boek te lees, word hy deur ´n hillbilly genader. Die hillbilly knoop ´n gesprek met hom aan. Deur middel van die geselskap leer die hillbilly dat die seun van die huis wil wegloop en dat hy per bus New York toe wil ry. Die hillbilly beraam toe ´n plan om die seun se reisgeld te steel. Hy bied aan om die kaartjie vir die seun te koop en spreek af dat hulle mekaar op ´n bepaalde tyd ontmoet. Die seun stem in, maar leer later dat hy ingeloop is. Op nog ´n aand, gewaar hy weer die hillbilly, maar konfronteer hom nie oor die geld wat hy verduister het nie. Toe die hillbilly hom sien, stap hy nader. As hy besef dat die seun hom nie gaan aanspreek oor sy verraad nie, bied hy aan om hom ´n hustler van sy keuse te kry. Met die "aankoop" van die hustler, kry hy uiteindelik eerstehandse ervaring van die naglewe wat hy graag wou verken.

In die derde hoofstuk neem die vertelling 'n sprong terug in die tyd. Die seun is sewe jaar oud, en sy ouers is van plan om van mekaar te skei. Terwyl die egskeiding aan die gang is, verhuis die kinders met hul ma na die stad, waar hulle in 'n hotel woon. Die seun is diep geraak deur sy ouers se egskeiding en loop bedags na skool dwalend deur die stad. Hy kom op 'n kerk af, gaan dit binne en bespreek sy probleem met die predikant. Die feit dat hy bedags ronddwaal, bevestig dat hy op soek na iets is en dat die bepaalde ding waarna hy soek nie in sy lewe teenwoordig is nie. Wanneer sy soektog hom na die kerk lei, en hy met die predikant 'n gesprek voer, besef die leser dat hy na 'n herderfiguur verlang. Net soos die predikant die verantwoordelikheid het om na sy gemeente se geestelike nood om te sien, hoop die seun dat die predikant ook sy sielkundige nood sal vervul. Hy het ook die hoop dat die predikant tydelik die leemte sal vul wat deur sy ouers se egskeiding veroorsaak is. Die vaderlike wyse waarop die predikant beskryf word, suggereer dat die seun hom as 'n surrogaat-pa wil beskou.

Alhoewel die seun bewustelik uitwys dat daar talle eienskappe in sy pa se karakter is waarvan hy nie hou nie, skemer dit onbewustelik deur dat hy tog 'n hoë agting vir sy liefde het en dat dit vir hom 'n noodsaaklikheid is. Ten spyte daarvan dat hy verkies om met sy ma te woon, het hy onbewustelik sy pa ook nodig sodat hy 'n gebalanseerde lewe kan lei. Dit word dus duidelik waarom hy probeer om sy probleem deur middel van die kerk op te los.

Sy ma se aanvanklike reaksie op die egskeiding was dat die lewe moes voortgaan. Sy het een kêrel na die ander gehad om as plaasvervanger vir haar geskeide man te dien. Die verhoudings wat sy met hulle aangeknoop het, was van korte duur. Die kortstondige liefdesverhoudings het geweldige emosionele druk op haar geplaas omdat sy oor haar bekoorlikheid getwyfel het. Sy het begin om geslepe planne te beraam, nie net om mans te lok nie maar ook om hulle te behou. Ten spyte van haar tegnieke, het haar pogings dikwels misluk, wat daartoe gelei het dat sy telkemale, met verlange, op die lui van die telefoon gewag het. Toe sy suster oud genoeg was om met seuns uit te gaan, het die seun daardie selfde verlange in haar geïdentifiseer toe sy ook op seuns se oproepe gewag het. In hul toestand van verlange het hy hulle dikwels bejammer, maar hy kon niks daaromtrent doen nie. Die lyding wat sy ma en suster ervaar het, het hy met betrekking tot die vroulike geslag veralgemeen. Hy het telkemale gewens dat hy al 'n volwassene was sodat hy die Eva-geslag uit hul ellende kon red. Aan die ander kant wou hy ook 'n man hê, want hy het geglo dat anders as sy ma en suster, hy nie net daarin sou slaag om met 'n man te flikflooi nie, maar ook om hom te hou. Hy het selfs geglo dat hy 'n emosionele houvas op die man sou hê en dat hy hom sielkundig sou straf vir sy verwaarlosing van die vroulike geslag.

In die tyd wat hy met sy ma in die hotel gewoon het, het hy emosioneel aan haar geheg geraak. Omdat hy nie 'n manlike rolmodel gehad het wat hy kon navolg nie, het hy later besef dat sy ma se ywer om weer te trou gespruit het uit

haar vrees dat hy abnormaal sou ontwikkel. Samevattend fokus die derde hoofstuk dus op die afwesige manlike figuur in die gesin en die gevolge van die egskeiding op hul sielkundige ontwikkeling.

Waar die vorige hoofstuk 'n terugsprong geneem het tot die seun op tienjarige ouderdom, bou die vierde hoofstuk daarop voort. As elfjarige, woon hy nog steeds met sy ma in die hotel. In sy vertelling noem hy dat hy 'n liefhebber van boeke was en dat hy hom dikwels in 'n nabygeleë boekwinkel bevind het. As kind word hy deur Marilyn, 'n dame wat in die boekwinkel werk, betower. Mettertyd leer hy vir haar en Fred, die winkeleienaar, beter ken. Op aandrang van Marilyn en Fred, loop hy Duitse klasse, sodat hy die romans van Hermann Hess kan lees. Die wyse waarop hy die twee volwassenes beskryf, gee te kenne dat hulle deel van sy lewe wil uitmaak en dat hulle tot sy opvoeding wil bydra. Toe sy ma van hul vriendskap uitvind, het sy hom verbied om met hulle te assosieer, omdat daar 'n gerug was dat die twee Kommuniste was. In sy laat tiener en vroeg twintigerjare het hy weer vir Marilyn raakgeloop en hy het toe uitgevind dat sy en Fred gay was. Omdat hy self as gay ontwikkel het, het dit vir hom duideliker geword waarom die twee soveel aandag aan hom geskenk het.

Op twaalfjarige ouderdom word die seun deur sy ma na 'n somerkamp vir seuns gestuur. Die kamp, wat op die gronde van 'n bekende militêre akademie gehou word, word vir die seuns

op 'n militêre wyse aangebied. By die kamp word hulle opgevoed in netheid, gehoorsaamheid en dissipline. Inspeksies word dikwels gehou en oortreders word gestraf.

In kontras met die harde militêre beeld wat deur die kamp geskep word, lyk dit of daar ook voorsiening vir die emosionele behoeftes van die seuns gemaak word, omdat die kaptein saans van tent tot tent omgaan om te sien of dit met hulle goed gaan. Op 'n aand vra die seun sy kamermaat waarom die kaptein saans altyd langer by hom vertoef. Wanneer hy uitvind dat die kaptein daardie tyd gebruik om hom te bevoel, lig hy sy kamermaat in dat daardie gedrag onbetaamlik is. As die seun so optree, besef die leser dat hy die homofiele toenadering as abnormaal beskou en dat hy homself daarvan wil distansieer.

Die volgende somer kul sy ma hom om nog 'n kamp by te woon. Hier leer hy die kamp se raadgewer, meneer Stone, ken. Meneer Stone nooi hom na sy kamer waar hy sy mening oor "kuns" fotograwe wil hoor. Terwyl hy na die foto van 'n naak manlike model op 'n idilliese strand kyk, maak Stone sy toenadering tot hom. Die seun ontduik hom, maak 'n verskoning en verlaat die kamer. Alhoewel hy nie positief teenoor Stone se toenadering reageer het nie, het die foto's wat hy van die naak model gesien het, in sy geheue vasgebrand.

Voordat die seun op die kamp gegaan het, het sy ma hom teen die tienerseun Ralph gewaarsku. Hy het die reputasie gehad dat hy jonger seuns tot seksuele dade inisieer. In sy

vrye tyd het die seun gewoonlik deur die bosse gaan stap. Na sy ervaring met Stone, kom hy tydens een van sy stappies op Ralph af. Van 'n afstand, sien hy hoe Ralph sy orent penis bekyk. Toe Ralph hom gewaar, roep hy hom nader en maak die suggestie dat die seun hom oraal bevredig. Voor hierdie ontmoeting was hy al talle homofiele prikkels toegedien, maar hy het nog nie positief daarteenoor reageer nie. Voordat hy aan Ralph se beheer toegee, wonder hy onder andere of hy met sy instemming gay sal word. Ralph se hipnotiese aanmoediging lei uiteindelik tot 'n ontmoeting wat hy nooit sou vergeet nie.

In die vyfde hoofstuk verhuis die seun met sy suster en geskeide ma na 'n weelderige woonstel. Ten spyte daarvan dat hulle 'n nuwe woning het, kry hulle geen besoekers nie. Net soos enige ander persoon van sy ouderdom, moes hy by sy nuwe omgewing aanpas. Sy nuwe vriendekring het onmiddellike aandag geniet. Waar vriendskap voorheen ondergeskik was, het dit nou voorkeur geniet. Met behulp van sy suster, probeer hy om gewild op skool te word. Hy het geen vriende nie, en die hulp wat sy suster hom aanbied, laat hom besef dat hy 'n eensame mens is. Sy eensaamheid wat deur 'n gebrek van vriende veroorsaak is, dui aan dat hy van hul potensiële liefde beroof is. In teenstelling met sy begeerte om spontane liefde te geniet, leer sy suster hom dat vriendskap en liefde iets is wat gelok moet word en dat daar 'n aantal bekwaamhede is wat hy moet aanleer sodat hy dit kan doen.

Die seun se primêre soeke op skool was na aanvaarding. Hy het geleer dat party kinders mekaar aanvaar het omdat hulle in dieselfde buurt grootgeword het en dat aanvaarding vir hulle 'n natuurlike proses was. Ander het weer aanvaarding gekry deur op verskeie gebiede, soos byvoorbeeld sport en akademie, te presteer. Die seun het geglo dat hy die aanvaarding van die skoolgemeenskap sou kry deur goed bevriend te raak met Tommy, die gewildste seun op skool. Sy poging om Tommy as vriend oor te wen het geslaag en in daardie vriendskap kon hy vir die eerste keer probeer besef wat ware vriendskap behels. Toe hy vir 'n naweek by hom oorgeslaap het, noem Tommy terloops dat hy nie vir homoseksuele gedrag te vinde is nie. In sy vrees om Tommy as vriend te verloor, ondersteun hy sy uiting.

Die seun wat die indruk gehad het dat homoseksualiteit 'n siekte is, besef in Tommy se kamer dat hy hom lief het. Wat sy skynbare abnormale gedrag betref, is hy onder die indruk dat daar 'n universele homoseksuele fase is wat seuns moet deurgaan en dat hy waarskynlik in daardie fase is. In hierdie stadium van ontwikkeling glo hy dat die homofiele gevoelens wat hy teenoor Tommy voel, slegs tydelik is en dat hy dit later sal ontgroei.

'n Belangrike gebeurtenis in enige seun se lewe, wat sy puberteitsjare betree, is die afgesonderde ontmoeting met iemand van die teenoorgestelde geslag. Tot en met sy eerste ontmoeting met Tommy het die seun nog nie met 'n meisie uitgegaan nie. In die belang van sy vriend reël Tommy 'n afspraak tussen Helen Paper, een van die gewildste meisies op

skool, en die seun. Hy het gereël dat Helen en die seun vir hom en sy meisie Sally na die bioskoop vergesel. Daarna sou elke paartjie hul eie weg gaan. Nadat Tommy die reëlings aan die seun bekend maak, is hy met opgewondenheid gevul.

As die seun uiteindelik die afspraak nakom, staan hy verstom voor sy metgesel se beeldskoonheid, nes iemand wat verbaas voor 'n nuwigheid staan. Die hele ervaring verkwik sy gemoed omdat dit alle verwagtinge te bowe gegaan het. Vir Helen voel hy iets wat hy nog nie voorheen gevoel het nie en hy is daarvan oortuig dat dit romantiese liefde is. Wanneer hy vir Helen na die fliek voor haar voordeur afsien, is hy met blydskap gevul. Sy blydskap ontwikkel tot hoop omdat hy daarvan oortuig is dat die homoseksuele fase wat hom vir so lank geteister het, uiteindelik tot 'n einde gekom het.

Die tyd wat hy met Helen deurgebring het, het so 'n geweldige impak op hom gemaak dat hy 'n brief aan haar skryf waarin hy sy liefde aan haar betuig. In sy brief vra hy ook dat sy vas met hom moet uitgaan. In antwoord op sy brief verklaar sy dat sy 'n hoë agting vir sy vriendskap het, maar voeg terselfdertyd by dat sy nie romanties met hom betrokke wil raak nie. Haar verwerping van die seun se ideaal vul hom met teleurstelling en veroorsaak dat niks meer vir hom saak maak nie.

Tydens sy verdriet sonder hy homself af en doen in hierdie tyd mononukleose op, wat ironies in Engels as the "kissing disease" bekend staan. Met sy siekte sonder hy homself ook

van Tommy af omdat hy voel dat hulle niks gemeen het nie. In sy toestand van isolasie keer die greep wat homoseksualiteit op hom gehad het terug. Dit voel vir hom asof hy nie teen sy gevoelens kan stry nie. Sy morele opvoeding het hom geleer dat homoseksualiteit 'n siekte is. Hy het besef dat as hy homself daaraan skuldig sou maak, hy nie deel van die normale gemeenskap sou uitmaak nie. As gevolg daarvan probeer hy iemand anders die skuld vir sy abnormale ontwikkeling te gee. Hy blameer sy suster daarvoor dat sy gedurig met sy ontwikkeling aan sy selfvertroue weggevreet het en beskou sy skuheid as 'n vorm van homoseksualiteit. Hy het ook sy ma die skuld gegee dat sy hom troetelend grootgemaak het, en behandel sy homoseksualiteit asof dit 'n vorm van verlengde kind-wees is.

Met die aanvang van die sesde hoofstuk soek die seun 'n geneesmiddel vir sy toestand. In 'n poging om van sy isolasie ontslae te raak, soek hy skuiling in die godsdiens. Hy is daarvan oortuig dat Boeddhisme 'n antwoord vir sy kwellinge sal aanbied en begin om dit te ondersoek. Sy homofiele probleem spreek hy aan deur homself by 'n seunskool in te skryf. Hy het geredeneer dat as sy homofiele probleem dalk veroorsaak is deur te veel in die geselskap van die vroulike geslag te wees, naamlik sy ma en sy suster, hy die wanbalans kon regstel deur deel van 'n slegs manlike gemeenskap uit te maak.

Op die seunskool Eton raak hy bevriend met meneer Pouchet, 'n onderwyser wat liggaamlike opvoeding aanbied. Die homofiele gevoelens wat hy vir so lank onderdruk het, maak weer 'n

verskyning. As gevolg daarvan dat hy meer tyd met Pouchet as met ander onderwysers spandeer, voel hy sterk tot hom aangetrokke. Hy druk sy gevoelens teenoor hom uit deur 'n liefdesgedig vir hom in vermomde handskrif te stuur. Die gevoel wat die seun vir Pouchet het is een van innige liefde, en spruit uit sy fantasie om die mag oor die liefde van 'n ouer man te hê. Sy grootste verlange is nie om 'n seksuele verhouding met hom te hê nie, maar dat Pouchet hom ook moet liefhê.

As die seun besef dat hy op homoseksualiteit afgestem is, besluit hy uit kommer om 'n sielkundige te raadpleeg. Gedurende een van sy sessies noem hy dat hy mans wil liefhê en dat hy daarna verlang dat hulle sy liefde moet beantwoord, maar dat hy nie 'n homoseksueel wil wees nie. Die sessies wat hy met die sielkundige John Thomas 'O Reily gehad het, het hom subjektief na sy eie ontwikkeling laat kyk. Sy behandeling wat vele sessies geverg het, het 'n hoë rekening tot gevolg gehad. Sy pa het geweier om nog geld aan sy behandeling te bestee omdat hy geglo het dat hy dit nie nodig gehad het nie. Hy rig dan 'n brief aan sy pa waarin hy sy homoseksuele probleem aanspreek en waardeur hy verdere finansiële steun van hom kry. Die seun besef dat hy met sy brief nog 'n item op sy pa se lys byvoeg van dinge in sy karakter waarvoor sy pa nie te vinde is nie. Dit is sy gevoel dat sy pa nie van sy karakter hou nie omdat hy meer belangstelling in kuns toon as in besigheid, in mense eerder as dinge, sy moeder liewer het as sy vader, vir mans liewer is as vrouens, in boeke meer belangstel as sport en liefde verkies bo geld. Die belangstellings wat sy

voorkeur geniet het, was almal dinge wat in teenstelling met sy pa se karakter was. Hy verstaan dus waarom sy suster meer aandag as hy geniet het en die rede waarom sy pa nie spontane liefde aan hom getoon het nie.

In aansluiting met die sielkundige herstel wat hy probeer bewerkstellig, poog hy ook op skool om aan sy sosiale ontwikkeling aandag te gee. Hy sluit by 'n rookgroep aan wat hulself die "Butt Club" noem. Die enigste voorvereistes om 'n lid by hierdie klub te word, is dat die kandidaat 'n roker en 'n mislukking moet wees. Omdat die klublede hierdie twee eienskappe gemeen het, aanvaar hulle mekaar oombliklik. By die klub raak die seun met Chuck bevriend. In Chuck se geselskap doen hy dinge wat hy nie normaalweg sou doen nie. Op 'n naweek vervals Chuck byvoorbeeld die seun se ma se handtekening in 'n brief aan die hoof, wat hom toestemming verleen om daardie naweek by Chuck se ouers se strandhuis te spandeer. In die afwesigheid van ouers bring hulle die naweek in besopenheid deur. Op nog 'n geleentheid reël Chuck dat hulle en vier vriende 'n besoek by 'n bordeel gaan aflê. Die seun stem in, maar wanneer dit sy beurt is, word hy met impotensie geteister. Sy onvermoë om die geslagsdaad te verrig word die manifestasie van sy vergeefse stryd om deel van die heteroseksuele gemeenskap uit te maak.

Toe die seun die volgende jaar tot 'n hoër standerd geslaag het, het hy op Eton na 'n aangrensende slaapsaal getrek om ruimte vir die jonger studente te maak. In die nuwe slaapsaal maak hy met die huisvader, meneer Scott, en sy

vrou kennis. Omdat hy telkemale kinderoppasser vir hul seun Tim was, leer hy hulle goed ken. As gevolg van sy frekwente besoeke aan hulle, kry hy die spesiale voorreg om later as die ander studente te gaan slaap. Hoe meer hulle aan die seun geheg raak, hoe meer vertrou hulle hom met persoonlike inligting. Wanneer meneer Scott van sy verlede vertel, hoor die seun dat ook hy talle sielkundiges geraadpleeg het, en dat hy na ´n depressiewe stryd ´n senuwee-ineenstorting gehad het. Twee dinge wat tot sy redding gekom het, was dat hy sy vrou Rachel ontmoet het en dat hy hom tot die Anglikaanse Kerk bekeer het. Soos die seun se vertroue in hulle groei, beken hy sy stryd met homoseksualiteit. Na sy bekenning voel die egpaar simpatie teenoor hom en bied hom sekuriteit met hul ondersteuning aan. Wat meneer Scott betref, het die seun se bekenning self-openbaring as gevolg. Voordat meneer Scott tot bekering gekom het en vir Rachel ontmoet het, hoor die seun dat hy vir ´n kort tydjie ´n homoseksueel was. Hy noem egter dat hy van sy probleem genees is en dat dit aan Christus en Rachel te danke is. Op haar beurt vertel Rachel dat sy haar van Judaïsme tot Christendom bekeer het, nadat sy van Christus se perfekte opoffering gehoor het. Ten spyte daarvan dat die Scott egpaar poog om ´n godsdienstige oplossing vir hom aan te bied, wys hy dit van die hand en noem dat hy ´n agnostikus is.

Soos tyd die verhouding tussen die seun en die Scott egpaar saamsnoer, voel hulle meer gemaklik in mekaar se geselskap. Na ´n aand van te veel drank, verklap meneer Scott dat dit sy vrou se seksuele fantasie is om met twee mans in die bed te wees. Met die egpaar se suggestiewe aanmoediging

stem die seun in tot hul "orgie". Waar ware Christendom die Christen beveel om van die dinge van die wêreld afstand te doen, lyk dit vir die seun asof meneer Scott en sy vrou probeer om die dinge van die wêreld aan te hang. Kort na hul aand van seksuele losbandigheid probeer hulle weer om geestelik na die seun uit te reik. As hulle hul persoonlike vriend, die priester vader Burke, oornooi om die seun geestelik te oortuig, kan selfs hy nie tot die seun deurdring nie. Na die aand van sy afswering van die Christenskap is die verhouding tussen die seun en die egpaar nooit weer dieselfde nie, en Rachel vra hom om hulle minder te kom besoek.

Eton stel meneer Beattie, 'n musiekonderwyser, aan wat Jazz vir belangstellendes aanbied. Beattie is glad nie 'n model-onderwyser nie, omdat hy eienskappe toon wat vir die "Butt Club" aanneemlik is. In sy musiekklasse is daar geen dissipline nie en die studente word selfs toegelaat om tydens klas-ure te rook. Chuck, wat met Beattie beïndruk is omdat hy dieselfde traak-my-nie-agtige houding as hy het, vertel die seun dat Beattie beplan om oor 'n naweek 'n beroemde jazz-kunstenaar oor te nooi. Hy noem ook dat marijuana by die byeenkoms beskikbaar sal wees. Met hierdie inligting beplan hy om die onderwyser te verraai. In die klaskamer, as hulle alleen is, vra hy vir Beattie oor die byeenkoms uit en kry bevestiging daarvan. In dieselfde asem maak hy ook 'n afspraak vir 'n seksuele ontmoeting. Die seun is daarvan oortuig dat Beattie hom na die afspraak nie sal kan afpers nie, omdat hy hom dan ook aan homoseksualiteit skuldig sal maak. Sy verloëning van Beattie behels eerstens

dat hy met hom verkeer en dan die skoolhoof van die dwelmpartytjie inlig. In ruil vir die inligting wat hy aan die skoolhoof verskaf, wil hy hê dat Beattie afgedank word.

Na sy seksuele ontmoeting met Beattie het hy uiteindelik die hef in die hand. Alhoewel Beattie persoonlik niks aan hom gedoen het nie, besef hy dat sy ideaal verwesenlik is. Hy het daarin geslaag om seks met ´n man te hê en daaarna beide die seks en die man te verloën, die onmoontlike begeerte om ´n man lief te hê, maar nie om homoseksueel te wees nie. Beattie word uiteindelik die sondebok, wat die straf vir al die seun se mislukte verhoudings moet dra, naamlik, sy pa, meneer Pouchet en Tommy. Met Beattie se verloëning, het hy die voorreg om seksuele genot aan ´n heteroseksuele man te verskaf en hom terselfdertyd te straf vir liefde wat nie met gelyke munt terugbetaal is nie. Die siklus word dus voltooi, waar hy oënskynlik die heteroseksuele samelewing terugbetaal vir die stryd wat hy moes deurgaan.

## 3.2 A Boy´s Own Story as Hoofstroom-teks.

Aan die begin van hierdie hoofstuk het ons daarop gewys dat die kern van die hoofstroom-teks se identifikasie in die uitbeelding van die menslike kondisie lê. In ons bespreking van A Boy´s Own Story, sal ons dus poog om na te gaan hoe effektief die menslike kondisie uitgebeeld word om sodoende die verhaal as hoofstroom-teks te kwalifiseer.

### 3.2.1 Uitbeelding van menslike kondisie in A Boy´s Own Story.

As ons A Boy's Own story met 'n enkele tema moet opsom, sal ons vind dat groot klem op die seun se soeke na ware liefde geplaas word. Die tema wat dus baie aandag geniet, is die menslike kondisie van liefde. In die verhaal, word daar aan verskeie aspekte van die liefde aandag geskenk. Soos die seun met verskillende karakters in aanraking kom, so word die spesifieke tipe liefde waarna hy hunker, ontbloot. 'n Tweede tema wat aansluiting met bogenoemde vind, is die menslike kondisie van eensaamheid. In ons bespreking daarvan, sal ons ook wys hoe dit met die menslike kondisie van liefde aansluit.

### 3.2.1.1 Menslike kondisie van liefde in A Boy's Own Story.

Ons het reeds genoem dat verskeie tipes liefde in A Boy's Own Story uitgebeeld word. In die verhaal word die liefde in drie vorms aan die seun gemanifesteer, naamlik, in die vorm van filiale liefde, romantiese liefde en vriendskaplike liefde. Die paragrawe wat volg sal op die bogenoemde tipes liefde fokus. Dit sal ook wys hoe elkeen die ontwikkelende seun affekteer.

#### 3.2.1.1.1 Filiale liefde in A Boy's Own Story.

Filiale liefde beskryf kinderlike liefde of die liefde wat tussen ouers en kinders bestaan. As gevolg daarvan dat die kind hierdie tipe liefde vanaf geboorte ervaar ontstaan dit voor romantiese en vriendskaplike liefde. Dit word as vanselfsprekend aanvaar dat die liefde tussen ouer en kind onvoorwaardelik is. In A Boy's own Story sal ons slegs fokus

op die verhouding tussen pa en seun omdat die afwesigheid van die pa in die seun se opvoeding vele konsekwensies meegebring het.

In A Boy's Own Story kom bogenoemde onvoorwaardeklike liefde nie sterk na vore nie, omdat die seun steeds probeer om deur sy pa erken te word. Die feit dat hy na erkenning strewe, suggereer dat sy pa se liefde nie vryelik beskikbaar is nie, of dat hy nie spontane uiting aan sy gevoelens gee nie. Toe die seun sewe jaar oud was, het sy ouers van mekaar geskei. Die gevolge van die egskeiding was dat dit die familie-eenheid verwoes het en dat dit 'n wanbalans veroorsaak het met betrekking tot die liefde wat aan hom betoon is. Die egskeiding het die familie-eenheid verwoes omdat die seun nie meer sy ouers se gesamentlike liefde kon ervaar nie; hy kon dit slegs apart ervaar. As gevolg daarvan dat hy ná die egskeiding, by sy ma gaan woon het, het hy meer aandag en liefde van haar onvang. Onder haar leiding is hy indirek geleer dat liefde in terme van geld gemeet word. Wanneer die seun en sy suster byvoorbeeld besoek by hul pa gaan aflê, word hulle deur hul ma herinner dat hulle bedagsaam teenoor hom moet wees uit vrees dat onmanierlike gedrag die staking of besnoeiing van sy finansiële ondersteuning as gevolg sal hê.

Wanneer hy op veertienjarige ouderdom vir sy pa in die kantoor werk, glo hy dat sy rol as werknemer hom op 'n afstand van sy pa plaas en dat die verhouding tussen hulle in terme van geld gemeet word. Die werkgewer-werknemer verhouding verklaar dus dat hy slegs erkenning sal kry as hy

in sy werk uitblink. Buiten sy werksverhouding met sy pa, verlang hy om die tipe persoon te wees waarop sy pa trots kan wees. Omdat hy 'n tekort aan selfvertroue en 'n lae dunk van homself het, kan hy sy pa weinig beïndruk. Met die Corks se besoek maak hy byvoorbeeld die aanname dat Kevin 'n beter seun vir sy pa sou wees omdat hy trots op al sy prestasies sou wees. Hy is selfs van mening dat sy pa sy suster bo hom verkies. Hy skryf sy pa se oënskynlike afkeer van sy karakter toe aan die botsing van hul teenstrydige belangstelling. Hy het byvoorbeeld meer belangstelling vir kuns as vir besigheid, 'n voorkeur vir sy ma bo sy pa, hy verkies mans bo vrouens, boeke bo sport en liefde bo geld. Die gebrek aan gemeenskaplike belangstellings het die gevolg dat sy pa nie spontane liefde aan hom betoon nie.

Die rol wat die seun se pa dwarsdeur die verhaal speel, is een van finansiële ondersteuner. Dit is merkbaar dat hy nie veel meer as dit is nie. Wanneer hy die standpunt inneem dat hy nie meer die sielkundige, John Thomas O'Reily se gelde gaan betaal nie omdat die rekening te hoog is, rig die seun 'n brief aan hom waarin hy die stelling maak dat hy homofiel is en dat hy dit graag deur middel van sielkundige behandeling wil afsweer. Na sy pleit, word verdere finansiële ondersteuning toegestaan, maar sy pa vra nie verder uit oor sy homofiele probleem nie. Hy moet dus sy stryd alleen voortsit en daar is geen sprake dat sy pa hom op 'n emosionele vlak ondersteun nie.

Alhoewel hy nie ʼn gebrek aan materiële dinge gehad het nie, was daar steeds ʼn leemte in die seun se lewe. Wanneer hy die stelling maak dat hy dalk homoseksueel is weens die afwesigheid van ʼn manlike rol-model, gaan dit nie soseer oor die afwesigheid van ʼn manlike rol-model nie, maar eintlik oor die gebrek aan vaderlike liefde. As hy byvoorbeeld op sewejarige ouderdom dwalend deur die stad loop, bevestig dit dat hy deur sy soeke iets wil vind wat sy leemte sal vul. As hy uiteindelik met die priester in gesprek is, wil dit voorkom of hy vaderlike eienskappe in hom identifiseer. Die priester wat die beeld van ʼn herder moet voorhou, is vir die seun aansienlik. Nadat hy die seun se probleem aangehoor het, vra hy vir hom of daar enigiets is wat hy kan doen om die probleem op te los. Die seun antwoord dat hy vir sy gesin moet bid, maar sy eintlike verlange is dat die priester hom moet optel en met beskermende arms moet omhels. Strydig met sy swyende begeerte, begelei die priester hom na die deur, nooi hom uit om hom weer te spreek en steek sy hand uit om hom te groet. Wanneer die priester hom met ʼn handdruk groet, in plaas van die omhelsing waarna hy verlang, beklemtoon sy fisieke gebaar die feit dat hy die seun op ʼn emosionele afstand van hom af hou. Sy begeerte om tydelik die priester vir ʼn surrogaat pa te hê, is dus verpletter. Die leser word terselfdertyd daarop attent gemaak dat die seun se begeerte om deur ʼn volwasse man vertroetel te word, spruit uit sy pa se gebrek om ten volle aan sy vaderlike liefde uiting te gee.

In kontras met onbevlekte, onvoorwaardelike kinderliefde, waar die kind geen foute in sy ouers raaksien nie, vind ons dat die seun wel foute in sy pa se karakter raaksien. Hy noem byvoorbeeld dat sy pa mense volgens hul rang in die samelewing oordeel. Vir hom is iemand wat uit 'n goeie gesin kom eerstens welgesteld en tweedens, maar ondergeskik, ordentlik en deugsaam. Hy gee verder te kenne dat sy pa meer aandag aan materiële dinge gee as aan liefde. Ten spyte van sy oënskynlike negatiewe kommentaar op sy pa se karakter, lyk dit nogtans of hy 'n hoë agting vir sy liefde het. Agter die negatiewe kommentaar wat hy op sy pa se karakter lewer, verskuil die liefde waarna hy graag verlang.

Met die uitbeelding van die seun se pa se karakter, vind ons dat hy geensins onvoorwaardelike liefde betoon nie. In die hele verhaal is daar geen verwysing dat hy trots op sy seun is nie. Afgesien van hul gesamentlike liefde vir klassieke musiek, het hulle geen ander belangstellings gedeel nie. In plaas daarvan dat hy sy seun stimuleer om in dinge te presteer waarin hy uitblink, laat hy sy seun toe om daardie dinge op sy eie te ondervind. Die gevolg daarvan is dat dit 'n groter skeiding in hul verhouding veroorsaak.

Net soos enige kind sensitief vir sy omgewing is, so is die seun ook sensitief vir die afwesigheid van vaderlike liefde. Die effek wat dit op hom het, is dat sy lewe gekenmerk word deur sy soeke na ware liefde. In sy soektog kom hy op romantiese en vrienskaplike liefde af. Daar is talle kere waar hy een vorm van liefde met 'n ander verwar. Partykeer

gebruik hy selfs een vorm as plaasvervanger vir 'n ander. Ons bespreking van romantiese en vriendskaplike liefde sal lig werp op bogenoemde.

### 3.2.1.1.2 Romantiese liefde in A Boy's Own Story.

Romantiese liefde word gekenmerk deur die intensiteit van gevoelslewe en verbeelding. In A Boy's Story het dit betrekking op al die persone met wie die seun graag 'n liefdesverhouding wil aanknoop, soos byvoorbeeld sy pa, Kevin, Tommy, Helen Paper en meneer Pouchet.

Die tipe liefdesverhouding waarna hy smag, is een waarvan hy in die novelle Death in Venice gelees het, waar 'n ouer man vir die liefde van 'n seun sterf. Hy noem ook later in die verhaal dat, "Most of the time I had dreamed of an English lord who'd kidnap me and take me away forever, someone who'd save me and whom I'd rule", White(1983:19). Die satisfaksie wat hy uit so 'n verhouding wil put, is dat hy mag oor die liefde van die ouer man wil hê. Sy algemene fantasie word in die verhaal op spesifieke karakters toegespits. Hy vertel byvoorbeeld, "Once, when I was Kevin's age, I wanted my father to love me and take me away. I had sat night after night outside his bedroom in the dark, crazy with fantasies of seducing him, eloping with him, covering him with kisses as we shot through space against a night field flowered with stars", White(1983:27). Ons vind eerstens dat sy algemene fantasie op die spesifieke, naamlik, sy pa toegespits is. Dit is tweedens ooglopend dat sy vertelling besaai is met gevoelslewe en verbeelding, wat

kenmerkend van die romantiek is. Ons let op dat die liefde wat hy aan sy pa wil toeken, nie filiale liefde is nie, maar wel romantiese liefde. Dit wil voorkom of daar verwarring by die seun intree, omdat hy sy gebrek aan vaderlike liefde in romantiese liefde omskep.

Die seun besef dat sy ideaal nie verwesenlik gaan word nie en spits sy aandag op Kevin toe. In hul kortstondige verhouding speel hy die rol van die ouer man, wat as beskermheer van die jonger seun optree. Kevin beskou nie hul verhouding as 'n liefdesverhouding nie, maar put slegs genot uit hul seksuele kontak. Wanneer Kevin vir die seun uitspel dat hy hom nie in die nek moet soen nie, omdat hy nie daarvoor te vinde is nie, besef ons dat seksuele kontak vir hom slegs as plaasvervanger vir heteroseksuele seks dien. Vir die seun is hul verhouding egter 'n inversie van sy fantasie, juis omdat hy die rol van die ouer man speel. Hy beskou hul seksuele kontak meer as net seks, want vir hom gaan dit gepaard met die uitoefening van liefde. As Kevin hom nie toelaat om hom in die nek te soen nie, word dit die bevestiging dat sy liefde nie beantwoord word nie. Sy poging om 'n romantiese verhouding met Kevin aan te knoop misluk wanneer Kevin besef dat hy nie die bewonderenswaardige persoon is wat hy voorgestel het nie. Ná elke mislukte poging tot romantiese liefde duur sy soeke voort in sy verhoudings met ander karakters.

Sy verlange om met sy pa 'n liefdesverhouding aan te knoop word nie verwesenlik nie, omdat dit slegs 'n fantasie is. Sy verhouding met Kevin ontwikkel nie as liefdesverhouding nie,

omdat sy karakter ontmasker word en omdat hul liefde nie wedersyds is nie. As hy met Tommy bevriend raak in 'n poging om op skool gewild te word, ontwikkel sy vriendskaplike gevoelens tot romantiese gevoelens. In sy vrees om nie vir Tommy as vriend te verloor nie, maak hy nie sy gevoelens aan hom bekend nie. As gevolg daarvan koester hy opgekropte emosies. Ten spyte daarvan dat hy aangetrokke tot Tommy voel, stry hy teen die feit dat hy 'n homoseksueel is. Hy verklaar sy toestand as 'n homofiele fase waardeur elke seun moet gaan en dat sy gevoelens teenoor Tommy slegs tydelik is.

Wanneer Tommy 'n afspraak tussen die seun en Helen Paper reël, is die seun daarvan oortuig dat sy homofiele fase tot 'n einde gekom het. Die wyse waarop hy Helen beskryf, "Of course her allure - the sudden rise and fall of her breasts, the dilation of her perfume on the cool night air, the smile of a saint who points, salaciously toward heaven - this allure had seduced me entirely. I loved her...", White (1982:131), gee te kenne dat hy tot haar aangetrokke voel. Die seun se aanvanklike fantasie word weereens laat vaar, maar hierdie keer vir die meer tradisionele vorm van romantiese liefde. In die verlede wou hy 'n onmoontlike ideaal nastreef, naamlik, om 'n man lief te hê, maar nie homoseksueel te wees nie. Sy belangstelling in Helen bied hom die geleentheid om heeltemal van sy homofiele gevoelens ontslae te raak. Op die aand van sy afspraak met Helen voel hy heeltemaal bevry as hy sê, "I was more than ready to give up my attraction to men for this marriage to Helen Paper ... To be sure, I'd continue to love Tommy but as he

loved me: fraternally", White (1982:133). Die hoop wat hy op sy liefde vir Helen plaas, word verpletter wanneer die seun uitvind dat Helen nie romanties tot hom aangetrokke voel nie. Sy verwerping lei daartoe dat hy depressief raak en het die gevolg dat hy homself van almal afsonder. Hy word depressief, waarskynlik omdat hy soos 'n verstoteling voel wat nêrens behoort nie. Sy neerslagtigheid word geregverdig omdat pogings tot beide homofiele en heteroseksuele liefde op mislukking uitloop. Tydens sy depressie gaan sy emosionele afsondering oor in fisieke afsondering wanneer hy mononukleose opdoen. Omdat hy in hierdie tydperk baie kwesbaar is, keer die greep wat homoseksualiteit op hom gehad het, terug. In sy tyd van swakheid stry hy nie teen sy gevoelens nie, maar probeer redes vir sy homofiele neigings soek.

Op Eton maak hy kontak met die onderwyser, meneer Pouchet. Dit is ooglopend dat hy nog nie sy fantasie laat vaar het nie, omdat hy tot Pouchet, wat 'n ouer man is, aangetrokke voel. Terwyl hy een aand in sy bed lê, probeer hy 'n beeld oproep wat vir Pouchet 'n fantasie sou wees. Omdat hy weet dat Pouchet heteroseksueel is, is die fantasie wat hy oproep ook heteroseksueel van aard. Alhoewel hy hom verbeel hoe Pouchet met sy meisie, Julie, omgang het, word hy ook geprikkel omdat hy hom met Julie vereenselwig. Sodoende herlei hy die vertroeteling wat op Julie afgestem is, tot homself. Ten spyte daarvan dat die fantasie wat hy in sy verbeelding oproep seksueel van aard is, is sy hoofsaaklike doel nie om daardeur geprikkel te word nie. Dit is ook nie sy verlange dat Pouchet in mans moet belangstel nie, maar slegs dat hy hom sy liefde moet beantwoord.

In die geval van die seun se seksuele kontak met en verloëning van meneer Beattie, is daar nie sprake van romantiese liefde nie. Dit is tog nodig om die geval te noem, omdat die uitoefen van die seksuele daad simbolies is van die seun se ideaal wat gedeeltelik verwesenlik word. Hy slaag daarin om seks met ´n man te hê en dan hom en dit te verloën. Sy verraad word dus die uiting van sy ideaal om ´n man lief te hê, maar nie om homoseksueel te wees nie. Omdat hy misluk het om ander se liefde te verower, word Beattie die sondebok, wat die straf vir al die mislukte romantiese liefdesverhoudings moet dra.

Samevattend vind ons dat die seun slegs een aspek van romantiese liefde met sukses ervaar, naamlik, geprojekteerde verhoudings wat hy deur middel van sy aktiewe verbeelding beleef. Die praktiese en belangriker aspek van romantiese liefde, naamlik, die fisieke aspek daarvan, geniet egter geen sukses nie. Met die verraad teen Beattie slaag hy tog daarin om die druk wat die heteroseksuele samelewing op hom plaas, hok te slaan.

### 3.2.1.1.3 Vriendskaplike liefde in A Boy´s Own Story.

Vriendskaplike liefde verwys na die liefde wat vriende vir mekaar het en dit wat hulle aan mekaar in ´n vriendskaplike verhouding betoon. In ons bespreking van vriendskaplike liefde in A Boy´s Own Story, sal ons ons aandag aan etlike

vriendskapsbande skenk. Ons sal die kwaliteit van die verhoudings ondersoek en dan probeer vasstel watter effek elkeen op die seun gehad het.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal gee ´n aantal omskrywings van die woord vriend. ´n Vriend word beskryf as ´n persoon met wie iemand vertroulik en intiem omgaan; ´n persoon verbonde aan ´n ander met bande van liefde, geneentheid en vertroue; iemand wat in tye van moeilikheid ´n helpende hand uitsteek. Dit is ook ´n persoon met wie ´n mens op ´n goeie voet is. Bogenoemde omskrywings suggereer dat vriendskap nie sonder liefde kan bestaan nie. As ons in ons ondersoek na vriendskaplike liefde in A Boy´s Own Story na ware vriendskap verwys, dan veronderstel ons dat dit met liefde gepaard gaan.

In A Boy´s Own Story is daar talle verwysings na vriendskaplike verhoudings. Ons sal slegs kyk na die seun se verhouding met sy Pa, met Marilyn en Fred, met Tommy en met Chuck. In ons ondersoek sal ons veral op die liefde-aspek van die verhoudings klem lê.

Net soos in die gevalle van filiale en romantiese liefde, smag die seun ook na ´n vriendskaplike verhouding met sy pa en dus ook na die liefde wat daaruit spruit. In die eerste hoofstuk van A Boy´s Own Story vertel die seun van die Cork gesin se besoek en maak ´n vergelyking tussen hulle en sy eie gesin. Oor Kevin en sy pa wat een oggend gaan swem, sê hy, "In the morning he went swimming with his father. I watched the two of them joking with each other. Kevin gave

his father a hand and pulled him up on the deck. They were obviously friends, and I felt all the more rebuffed...", White (1982:30). Die rede waarom hy soos 'n verwerpeling voel, is omdat hy eienskappe in Kevin se verhouding met sy pa identifiseer, wat afwesig is in sy verhouding met sy pa. Soos Kevin en sy pa in die water baljaar, is dit merkbaar dat die twee duidelik met bande van liefde en vertroue aan mekaar verbonde is en dat hulle op 'n goeie voet met mekaar verkeer. Dit is duidelik dat die seun na 'n soortgelyke verhouding met sy pa verlang.

Ten spyte daarvan dat die seun se pa nie fisiek uitgedruk het dat daar 'n vriendskaplike verhouding tussen hulle bestaan nie, was daar tog die medium van musiek wat 'n onsigbare band tussen hulle gevorm het. Die seun noem byvoorbeeld, "I mention the constant music because, to my mind at least, it served as an invisible link between my father and me...for him music was emotion, and he did not believe in discussing feelings...I never showered with my dad, I never saw him naked, not once, but we did emerse ourselves, side by side, in those passionate streams every night. As he worked at his desk and I sat on his couch, reading or daydreaming, we bathed in music ... I like to think that music spoke to us in similar ways and acted as the source and transcript of a shared rapture", White (1982:21). Alhoewel beide die seun en sy pa na klassieke musiek geluister en dit geniet het, het hul gemeenskaplike liefde daarvoor nie die geleentheid vir 'n vriendskaplike verhouding geskep nie. Die rede daarvoor lê dalk in die feit dat beide nie die vrymoedigheid gehad het om daardie

belangstelling met mekaar te deel nie. Wat die seun se vriendskaplike verhouding met sy pa betref, vind ons dat hulle nie vertroulik en intiem met mekaar was nie. Dit is dus voor die hand liggend daar nie sigbare tekens van vriendskaplike liefde in hul verhouding is nie.

Op elfjarige ouderdom woon die seun met sy ma in 'n hotel. In 'n boekwinkel wat naby die hotel geleë is, leer hy Marilyn ken. Hy maak ook kennis met Fred, die winkeleienaar. Omdat daar iets omtrent Marilyn se karakter is wat hy betowerend vind, keer hy dag na dag na die winkel terug. Dit is ooglopend dat Marilyn en Fred belangstelling in hom toon, omdat hulle gereeld, sonder enige aanmoediging, met hom gesprek voer. As hulle hom aanraai om Duitse lesse te neem sodat hy die werk van Hermann Hesse kan lees en sodoende sy kennis van die literatuur uit te brei, wil dit voorkom of hulle ook 'n rol in sy opvoeding wil speel. Hierdie gegewens gee te kenne dat hulle 'n filiale verhouding teenoor hom openbaar. Wanneer dit later in die verhaal bekend gemaak word dat Marilyn en Fred gay was, en dat hulle die voorspelling gemaak het dat die seun as gay sou ontwikkel, word dit duidelik waarom hulle so besorg oor hom was. Homoseksualiteit word dus die aanvanklike band wat Marilyn en Fred met die seun verbind. Afgesien van die filiale liefde wat hulle aan hom betoon, is daar ook 'n vriendskaplike kant aan hul verhouding. Die literêre tekste waaraan hy in die boekwinkel blootgestel word, vorm dikwels die basis van 'n gespreksonderwerp. Die kennis wat hy deur middel van die letterkunde opdoen, word onder mekaar in 'n vriendskaplike gees bespreek.

Ten spyte daarvan dat hy tot Marilyn aangetrokke was omdat sy hom betower het, ontwikkel sy aanvanklike aangetrokkenheid tot vriendskap soos hy vir haar en Fred beter leer ken. Wanneer hy sonder enige aarseling instem om Duitse lesse te neem, lyk dit of hy die volwassenes in sy vertroue neem en dat hy hulle belangstelling in hom waardeer. Hy het hulle as ware vriende beskou omdat hulle op goeie voet met mekaar was en omdat hulle 'n spontane verhouding gehad het. Hy gee ook te kenne dat die vriendskaplike verhouding wat hy met hulle gehad het, die meeste verhoudings wat hy met volwassenes gehad het, oortref het, "...I knew you both liked me and that I felt good with you, better than with most grown-ups", White (1982:88). Terwyl die seun saam met sy ma in die hotel gewoon het, het hy geen vriende gehad nie. Toe hy op sy eie sy vriendskap met Marilyn en Fred geïnisieer het, het hy dus groot waarde daaraan geheg. Toe sy ma hom verbied om enige kontak met hulle te maak omdat sy die gerug gehoor het dat hulle kommuniste was, was hy van hul vriendskap en dus ook van hul liefde beroof.

Ná hul verblyf in die hotel het die seun met sy ma en suster na 'n weelderige woonstel verhuis. In daardie nuwe omgewing het hy geen vriende gehad nie. Met sy suster se hulp het hy probeer om iets daaraan te doen. Sy aanvanklike persepsie van vriendskap word in die volgende sinne opgesom, "...friendship for me had been more a minor pleasure than a science. Friends had been people to sit with in the cafeteria, people who had the same hobbies or the same study hall, boy's equally hopeless in gym class or girls in

assembly whose last names started with the same letter as mine. I hadn't courted those acquaintances. I made no effort to draw them out, to elicit or reflect on their confidences, or to advise them. I required almost nothing of them, for if I wasn't attentive neither was I demanding. Practically anyone could be my friend. For me friendship was an innocent, unconscious habit that didn't confer prestige on anyone, that led nowhere, that scarcely bore thinking about, unremarkable as breath...", White (1982:109,110). Dit is duidelik dat sy aanvanklike siening van vriendskap oppervlakkige verhoudings meegebring het. Aangesien menseverhoudings in hierdie oppervlakkige relasies nie hoog op prys gestel is nie, was dit nie 'n weerspieëling van ware vriendskap nie.

Nadat sy suster hom geleer het dat vriendskap gelok moes word, het hy daarin geslaag om met Tommy, die gewildste seun op skool bevriend te raak. Hy erken dat Tommy sy beste vriend was en dat hy hom baie lief gehad het. Soos die verhaal vorder, besef die leser dat die seun vriendskaplike liefde met romantiese liefde verwar omdat hy aangetrokke tot Tommy voel. Ten spyte daarvan dat hy homofiele gevoelens vir Tommy gehad het, het hy nie daarop reageer nie, uit vrees dat hy vir hom as vriend sou verloor. In sy kortstondige verhouding met Helen het hy tydelik sy homofiele neigings verloor en het toe slegs 'n vriendskaplike belangstelling in Tommy gehad. Toe Helen nie sy liefde met gelyke munt terugbetaal het nie, het hy homself van almal, Tommy inkluis, afgesonder. Sy reaksie op sy verwerping gee te kenne dat dit wat hy met Tommy gedeel het, nie ware vriendskap was nie.

Alhoewel hy op goeie voet met hom was, het hy hom nie in sy vertroue geneem nie. Daar is ook geen sprake daarvan dat Tommy 'n helpende hand uitgesteek het tydens die seun se depressie nie. Ons vind dus dat die seun se verwarring van vriendskaplike liefde met romantiese liefde daartoe bygedra dat hy nie ware vriendskap kon ervaar nie.

Die seun se verhouding met Chuck is myns insiens een van ware vriendskap. Beide Chuck en die seun was lede van 'n rokersklub, die "Butt Club". Soos ons reeds in verband met die primêre leesvlak van die verhaal genoem het, was die enigste voorvereistes om lid van hierdie klub te word, dat die belangstellende party 'n roker en 'n mislukking moes wees. Omdat die "Butt Club" se lede mekaar oombliklik aanvaar het, het Chuck die seun onvoorwaardelik aanvaar. Hoe meer hul vriendskaplike verhouding gegroei het, hoe sterker het hul vertroue en intimiteit geword. Chuck het byvoorbeeld gereël dat hulle 'n naweek by sy ouers se vakansiehuis in besopenheid deurbring. Die seun wat voorheen rasioneel opgetree het, stem byvoorbeeld in tot Chuck se suggestie dat hulle en vier vriende 'n bordeel gaan besoek. In sy verhouding met Chuck is daar geen sprake dat hy aangetrokke tot hom voel nie, wat suggereer dat die liefde wat hy vir hom voel vriendskaplik van aard is. Chuck geniet klaarblyklik die seun se geselskap omdat omdat hy geen eise stel nie en omdat hy die seun vrywillig by afgesproke aktiwiteite wil betrek. In Chuck se geval, ervaar die seun dus spontane, wedersydse liefde.

Wat vriendskaplike liefde in A Boy's Own Story betref, vind ons dat hy weens verskeie redes nie ware vriendskap kon ervaar nie. Omdat sy verhouding met sy pa nie spontaan was nie, kon hy nie op 'n vriendskaplike vlak met hom kommunikeer nie. Omdat sy ma hom beveel het om kontak met Marilyn en Fred te verbreek, is hy van 'n potensiële, langdurige vriendskaplike verhouding beroof. Alhoewel hy aanvanklik weens verwarring onder die indruk was dat hy 'n ware vriend in Tommy gehad het, besef hy na sy ontnugtering dat hy slegs op 'n fisieke vlak tot hom aangetrokke was en dat hul liefde nie wederkerig was nie. Met Chuck egter, ervaar hy ware vriendskap. In hul verhouding is daar geen verwarring tussen vriendskaplike en romantiese liefde nie, omdat hy nie fisiek tot hom aangetrokke voel nie en omdat hy slegs in sy vriendskap belangstel.

### 3.2.1.1.4. Gevolgtrekkings met betrekking tot die menslike kondisie van liefde in A Boy's Own Story.

Die ondersoek na die menslike kondisie van liefde in A Boy's Own Story, het ons na drie vorms van liefde gelei, naamlik, filiale, romantiese en vriendskaplike liefde. Dit is ooglopend dat die seun 'n groot deel van sy lewe aan die soeke na liefde bestee het. Ons het gevind dat sy verhouding met sy pa van groot belang was omdat hy al drie vorms van liefde in daardie verhouding wou vind. Sy primêre verlange was om 'n sterk filiale band met sy pa te verwesenlik. As gevolg daarvan dat dit op 'n mislukking uitgeloop het, het hy ook nie daarin geslaag om 'n goeie vriendskaplike verhouding met hom te handhaaf nie. Ten spyte daarvan dat hy baie

negatiewe kommentaar op sy pa gelewer het, het hy hom nog steeds onbewustelik lief gehad. Die feit dat hy as jong seun na 'n geheime romantiese verhouding met hom gesmag het, dien as bevestiging daarvan.

In sy soeke na liefde met ander karakters, het die meerderheid van sy verhoudings ook op mislukking uitgeloop. Dit wil voorkom of sy mislukte pogings tot liefde hom tot enkeling laat ontwikkel het.

### 3.2.1.2 Die menslike kondisie van eensaamheid in A Boy's Own Story

As ons in die algemeen na eensaamheid as verskynsel kyk, vind ons dat 'n individu grotendeels eensaamheid ervaar omdat hy/sy geen geselskap het nie en omdat dit vir hom/haar voel asof hy/sy van die res van die wêreld afgesonder is.

Ná die noukeurige lees van A Boy's Own Story vind ons dat die seun sonder enige twyfel eensaamheid ervaar. Hy erken byvoorbeeld, "When my sister taught me ways to be popular she was teaching me something I hadn't known about. She filled a need the instant she created it. Or perhaps should I say she taught me that the loneliness I felt like a bad burn could be soothed. I most certainly had been lonely. I had ached and writhed with loneliness, twisting around and smearing it on me as though it were a tissue of shame pouring out of my body: shameful, familiar, the fell of shame. And yet the company I longed for, the radiant face smiling onto mine, the arm around my shoulders (an arm so

lean every vein could be read through it, as light can be seen between marks on vellum) - in my daydreams this company came to me unbidden...", White (1982:110). Vanuit die aangehaalde teks kan ons aflei dat die seun nie bewus was van die omvang van sy eensaamheid totdat sy suster dit vir hom uitgewys het nie. Sy het hom laat besef dat die eensaamheid wat hy gevoel het, deur vriendskaplike verhoudings genees kon word. Alhoewel sy hom verskillende maniere gewys het hoe om vriende te wen, het hy na ongevraagde geselskap verlang en het geglo dat hierdie tipe geselskap hom van sy eensaamheid sou red. In ons bespreking van die seun se soeke na liefde, het ons gevind dat onsuksesvolle verhoudings eensaamheid meegebring het.

Omdat hy nie suksesvolle menseverhoudings kon handhaaf nie, was die gevolg dat hy soos 'n verworpeling gevoel het. 'n Belangrike faktor wat sy verhouding met ander bepaal het, is die feit dat hy gay was. Vanaf 'n jong ouderdom was hy bewus van sy homofiele neigings. Hy het daardie neigings telkemale afgesweer omdat sy heteroseksuele opvoeding hom geleer het dat homoseksualiteit abnormaal is. Omdat hy aanvanklik nie aanvaar het dat hy gay is nie, het hy as't ware sy identiteit ontken. Ten spyte daarvan dat hy sy ware identiteit afgesweer het, het hy nie by die heteroseksuele samelewing ingepas nie. Hy het homself nogtans as 'n meisieagtige seun beskou omdat hy nie in sportsoorte uitgeblink het waarin seuns tradisioneel moes uitblink nie. Hy het ook nie daarin geslaag om 'n heteroseksuele liefdesverhouding te handhaaf nie. Omdat hy nie heeltemal as gay ontwaak het nie, was hy nie bewus van die gay-subkultuur

nie. Die kennis wat hy in die subkultuur sou opgedoen het, sou hom toegerus het om sy gay bestaan tegemoet te gaan. As gevolg daarvan dat 'n gay persoon hom nie ingelig het oor die druk wat die samelewing op die homofiel plaas en hoe om daardie druk te hanteer nie, het hy nie 'n suksesvolle gay bestaan gevoer nie. Aangesien hy as seun gesukkel het om 'n heteroseksuele en homofiele lewe te lei, word dit duidelik waarom hy soos 'n verstoteling gevoel het. Dit gee ook 'n verklaring vir die eensaamheid wat hy gevoel het.

Sy stryd teen eensaamheid toon ooreenkomste met sy soeke na liefde omdat albei na ideale verhoudings streef. Die verband tussen sy soeke na liefde en sy toestand van eensaamheid is dat sy onsuksesvolle soektog na stabiele verhoudings (filiaal, romanties en vriendskaplik) tot laasgenoemde bydra.

### <u>3.2.2 Die evaluasie van A Boy's Own Story as Hoofstroom-teks</u>

As ons 'n studie van die seun se lewe moet maak, sal ons vind dat die stryd wat hy meemaak nie uniek is nie. Ons vind dat die seun sekere dinge ervaar waarmee ons as lesers ook kan identifiseer, soos byvoorbeeld die mens se ervaring van eensaamheid en die emosionele impak daarvan, of die mens se verlange dat ander hom/haar wederkerig lief moet hê. Omdat die leser met die seun se stryd kan identifiseer, kan ons nie net aflei dat dat White (1982) daarin slaag om die werklikheid deur middel van die seun se vertelling uit te beeld nie, maar ook dat hy die menslike kondisie effektief aanspreek. In die begin van die hoofstuk het ons genoem dat

die kern van die hoofstroom-teks se identifikasie in die uitbeelding van die menslike kondisie lê. Aangesien White (1982) die menslike kondisie in A Boy's Own Story effektief uitbeeld, kwalifiseer die verhaal dus as 'n hoofstroom-teks.

## 3.3 A Boy's Own Story as Gay-teks

Ons het die gay-teks gedefinieer as 'n geordende opeenvolging van sinne wat as 'n samehangende eenheid geproduseer en/of geïnterpreteer word waarin homofiliteit 'n rol speel, primêr, sekondêr of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit. As ons wil vasstel of A Boy's Own Story as gay-teks slaag, sal ons moet vasstel of homofiliteit in die verhaal uitgebeeld word. As dit wel die geval is, sal ons ook moet uitwys in watter mate dit uitgebeeld word.

Met die uitbeelding van die menslike kondisie in A Boy's Own Story, is die seun se ervarings universeel omdat die leser daarmee kan identifiseer. As daar egter na die seun se gay-bestaan verwys word, word sy ervarings meer persoonlik. Dit het die gevolg dat slegs 'n beperkte aantal lesers wat daardie selfde ervarings meegemaak het, met hom kan identifiseer. Die feit daar telkens in die verhaal na homofiliteit verwys word en dat die seun uiteindelik as gay ontwikkel, stel ons in staat om die aanname te maak dat homofiliteit wel 'n rol in die teks speel. Dit is dus vanselfsprekend dat ons die roman as 'n gay-teks kan bestempel. In die paragrawe wat volg, sal ons na

kern-gebeurtenisse verwys waar homofiliteit of die suggestie daarvan voorgestel word om sodoende vas te stel in watter mate dit uitgebeeld word.

### 3.3.1 Die seun se gay-ontwikkeling in *A Boy's Own Story*

As ons die aanname maak dat iemand in 'n bepaalde rigting ontwikkel, dan veronderstel ons ten minste twee dinge. Ons veronderstel eerstens dat die proses wat die individu deurgaan nie staties is nie en tweedens dat die persoon een of ander vorm van metamorfose ondergaan. Die seun se gay-ontwikkeling was beslis nie staties nie, omdat hy 'n volkome psigologiese metamorfose ondergaan het.

As ons die verhaal chronologies benader, met ander woorde, as ons die seun se ontwikkeling moet bestudeer vanaf sewejarige ouderdom tot op vyftienjarige ouderdom, sal ons ons aanname kan staaf. Op sewejarige ouderdom, waar sy ouers in die proses is om van mekaar te skei, is die seun in 'n staat van onskuld. Alhoewel hy diep deur die egskeiding geraak word, het hy nie kennis van die impak wat dit later op sy lewe sal hê nie. Sy fisiese skeiding van sy pa dra daartoe by dat hy in die afwesigheid van 'n manlike rol-model groot moet word. In hierdie stadium van sy ontwikkeling is sy grootste leemte dus die afwesige vaderfiguur en die filiale liefde wat daarmee gepaard gaan. Ten spyte daarvan dat hy nie met albei ouers woon nie, is sy emosionele behoeftes dieselfde as dié van enige ander sewejarige kind.

Tot op tienjarige ouderdom woon hy nog steeds by sy ma in 'n hotel. Die verhouding wat hy op hierdie stadium met sy suster het, is een van liefde, maar nie 'n tipe liefde wat hy openlik aan haar openbaar nie. As gevolg daarvan dat hy vier jaar jonger as sy is, knou sy hom gedurig af en dit lei daartoe dat hy 'n sekere mate van vrees vir haar het. Wanneer die twee eendag alleen in die hotelkamer is, terg sy hom soos dit die gewoonte by haar is. Hy onthou duidelik hoe haar tergende houding hom afgekraak het, "You smell bad and I hate you. Wherever you go you smell bad, you stink up the place, how do you think I like having people think you're my brother? ... And you're such a big sissy, you can't even throw a baseball, you throw like a girl, you cant even walk right, youre a gimp", White (1982:78). Sy suster se persoonlike aanval op hom gee te kenne dat hy sekere eienskappe openbaar wat duidelik merkbaar is. Alhoewel hy nog nie daarvan bewus was dat hy as gay sou ontwikkel nie, merk ander, in hierdie geval sy suster op dat hy verwyfde eienskappe toon. Die verwyfde eienskappe wat hy onbewustelik aan ander openbaar, is slegs 'n uiterlike teken vir die rigting waarin hy gaan ontwikkel. Wat sy seksuele oriëntasie betref, is daar nog nie tekens dat hy aangetrokke tot sy eie geslag voel nie.

Op elfjarige ouderdom maak die latente homofiele gevoelens egter hul verskyning. In sy vertelling beeld die seun hierdie gevoelens baie subtiel uit. Wanneer hy op hierdie ouderdom Duitse klasse neem, raak hy versot op sy leermeester. Hy het egter nie van die begin af tot hom aangetrokke gevoel nie. Eers toe die professor op 'n dag versuim het om hul

afspraak na te kom, het sy afwesigheid die seun laat besef hoe geheg hy aan hom geraak het. Sy betrokkenheid by die professor veroorsaak ook dat hy van die werklikheid van homofiele gevoelens bewus raak.

Op twaalfjarige ouderdom word die seun vir die eerste keer aan homofiele gedrag blootgestel. Sy ma stuur hom na 'n somerkamp wat op die terrein van 'n militêre akademie gehou word. By die kamp ontdek hy dat die kaptein, wat na die emosionele welsyn van die kampeerders moet omsien, sy kamermaat molesteer. Ten spyte daarvan dat hy die vorige jaar op sy Duitse leermeester versot was, het sy morele opvoeding hom geleer dat liefde tussen mans taboe is. As hy sy kamermaat inlig dat die kaptein se gedrag onsedelik is, bevesting dit dat hy die molestering, en meer spesifiek die homofiele gedrag as abnormaal beskou. Sy afkeer van die molestering wys ook dat hy as twaalfjarige homself van homofiliteit distansieer.

Die seun se inisiasie tot homofiele dade vind op dertienjarige ouderdom plaas. Hy was daarvan bewus dat daar iets soos homofiele bedrywighede is, maar het weens sy morele afkeer daarvan, nog nie daarmee kennis gemaak nie. Net soos sy blootstelling aan homofiliteit 'n geleidelike proses is, so word hy ook geleidelik aan die verheerlikte manlike liggaam en homoseksuele kontak blootgestel. Sy inisiasie vind ook in 'n kampomgewing plaas. Wanneer meneer Stone 'kuns'-foto's van 'n naakte manlike model vir hom wys, wakker dit sy latente bewondering vir die manlike liggaam aan. Alhoewel hy deur die foto's opgewek word, verraai hy nie sy

gevoelens wanneer meneer Stone toenadering soek nie. Dit is egter die 'seksgek' Ralph wat die seun fisiek tot homofiele dade inisieer. Voordat hy tot Ralph se hipnotiese suggesties instem, is hy huiwerig om homself aan sy liggaamlike begeertes oor te gee, uit vrees dat hy as gay sou ontwikkel. Ná sy homofiele kontak met Ralph, word die gedagte van daardie eerste homofiele kontak in sy geheue vasgebrand. Ten spyte daarvan dat hy homself aan homofiele kontak skuldig gemaak het, het hy homself nogtans nie as 'n gay bestempel nie. Op hierdie stadium is hy reeds fisiek en psigies verskillend van die naïewe sewejarige wat hy eens was. Die verandering in sy psigiese toestand kan toegeskryf word aan die verskeie homofiele prikkels wat hy ervaar het.

Ná sy inisiasie bevind hy homself in talle ander homofiele situasies. Op veertienjarige ouderdom, tydens die vakansie wanneer hy vir sy pa werk, kry hy 'n voorskou van die stad se naglewe. Van 'n afstand sien hy hoe 'n gedeelte van die gay subkultuur funksioneer. Dit is veral die jong "hustlers" wat sy aandag trek soos hy nuuskierig probeer vasstel wat hul saans doen en hoe hul binne die subkultuur funksioneer. Wanneer 'n hillbilly hom uit sy geld verneuk, kompenseer dié later vir sy oneerlikheid deur aan te bied om hom 'n "hustler" van sy keuse te kry. As die seun instem om van die "hustler" se dienste gebruik te maak, gee dit te kenne dat hy met die onbekende wil eksperimenteer. In die verhaal word daar slegs genoem dat hy 'n "hustler" vir homself uitgekies het. Die besonderhede van die eintlike

ontmoeting word nie gegee nie. Dit wil dalk suggereer dat dit deel van sy oriëntasie uitmaak, maar dat hy nie die oriënteringsproses ten volle ondergaan het nie.

Dit is ook op veertienjarige ouderdom dat hy 'n vriendskap met Tommy aanknoop. Alhoewel hy wil voorgee dat hy 'n vriendskaplike verhouding met hom wil handhaaf, word die leser daarvan bewus dat hy fisiek tot hom aangetrokke is. Die seun erken aan homself dat hy aangetrokke tot Tommy voel. Hy erken ook dat hy 'n homofiel is, maar is onder die indruk dat hy slegs deur 'n homofiele fase gaan en dat hy sy aangetrokkenheid teenoor mans sal ontgroei. Die feit dat hy 'n verduideliking vir sy homofiliteit wil gee, suggereer dat hy nie gemaklik in sy huidige toestand voel nie en dat hy nie deur middel van sy seksuele voorkeur van die res van die samelewing afgesonder wil word nie.

As hy die sielkundige John Thomas O'Reilly raadpleeg, dien dit ook as bevestiging dat hy nie deur die samelewing as 'n homofiel bestempel wil word nie. Die feit dat hy O'Reilly raadpleeg, gee te kenne dat hy erken dat hy 'n probleem het. Dit lyk egter of die seksuele norme wat die samelewing op hom afdwing, veroorsaak dat hy sy ware identiteit ontken. Hy maak byvoorbeeld die aanname, "I see now that what I wanted was to be loved by men and to love them back but not to be homosexual. For I was possessed with a yearning for the company of men, for their look, touch and smell, and nothing transfixed me more than the sight of a man shaving and dressing, sumptuous rites. It was men, not women, who struck me as foreign and desirable and I disguised

myself as a child or a man or whatever was necessary in order to enter their hushed, hieratic company, my disguise so perfect I never stopped to question my identity. Nor did I want to study the face beneath my mask, lest it turn out to have the pursed lips, dead pallor and shaped eyebrows by which one can always recognize the Homosexual", White (1982:169,170). Die seun se begeerte om mans lief te hê maar nie om homoseksueel te wees nie is paradoksaal omdat dit juis die omskrywing van 'n homofiel is. Dit is ooglopend dat hy gefrusteer met sy dilemma is en dat hy ook die vrees het om sy ware identiteit te verken. Frustrasie word deur onvervulde begeertes meegebring. Die seun het daarna gestreef om as 'n heteroseksuele jong man te ontwikkel omdat dit die norm was. Inherente dringe het egter veroorsaak dat hy tot sy eie geslag aangetrokke was. Ten spyte daarvan dat die teenwoordigheid van mans hom geprikkel het, kon hy die ervaring nie ten volle geniet nie, omdat dit in stryd was met die model wat hy nagestreef het. Frustrasie is dus die gevolg, omdat sy begeertes nie verwesenlik word nie.

Met die seksuele kontak wat hy met Kevin op vyftienjarige ouderdom het, lyk dit of hy meer op sy gemak met die homofiele daad is. Voordat hy tot wedersydse anale seks instem, is hy huiwerig uit vrees dat Kevin hom as 'n "sissy" sal beskou. As Kevin egter noem dat die seuns in sy buurt dit beoefen om hul seksuele frustrasies te verlig, gee die seun voor dat hy dit vir dieselfde rede wil doen. Uit die beskrywing van die seksdaad kan die leser aflei dat die seun die meeste genot daaruit put as dit sy beurt is om te penetreer. Hy noem byvoorbeeld, "I didn't particularly

like getting cornholed, but I was peaceful and happy because we loved each other", White (1982:19). Dit wil voorkom of liefde en die seksdaad op hierdie stadium vir die seun sinoniem is. Kevin heg egter geen intimiteit aan die seks nie en beoefen dit slegs sodat hy genot daaruit kan put. Dit is duidelik dat Kevin nie as 'n gay gaan ontwikkel nie, omdat hy byvoorbeeld dikwels sy afkeer toon as die seun probeer om hom te liefkoos. Wanneer hy die seun se ware identiteit ontmasker, kom hul seksuele ontmoetings tot 'n einde. Omdat hy blykbaar seksuele ondervinding met die teenoorgestelde geslag gehad het, was hy voorheen as ouer seun die dominante party in die verhouding. Sy ontmaskering bring verandering mee en veroorsaak dat Kevin uiteindelik die hef in die hand het. Die potensiaal wat hy in sy verhouding met Kevin raakgesien het, word oombliklik verpletter as hy besef dat dit nêrens heen gaan lei nie. Sy mislukte verhouding beklemtoon weereens dat hy 'n gevangene van homofiliteit is.

Voordat hy met die Scott-egpaar op die seunskool Eton kennis gemaak het, het hy nog nie sy stryd teen homofiliteit aan ander behalwe sy ouers en sy sielkundige bekendgemaak nie. Die vertroulikheid wat tussen hulle ontwikkel, gee hom die vrymoedigheid om sy probleem met hulle te bespreek. Hulle vertrou hom ook met konfidensiële inligting, onder andere dat meneer Scott ook gay was, maar dat hy dit klaarblyklik ontgroei het. Die verhouding wat hy met hulle het, is nie net vriendskaplik nie, maar ook filiaal van aard. Hulle is oënskynlik besorg oor sy homofiele neigings en roep die "godsdienstige" vader Burke in om hom aan te moedig om teen

sy homofiliteit te stry. Dit word later aan hom geopenbaar dat meneer Scott, sonder sy vrou se wete, hul huwelik as 'n rookskerm gebruik het en dat hy vir jare sy homofiele verhouding met vader Burke geheim gehou het.

Al die ervaringe wat hy met die Scott-egpaar meegemaak het, vind op vyftienjarige ouderdom plaas. Alhoewel hy aan hulle beken dat hy aangetrokke tot sy eie geslag voel, het hy nog steeds die vrees om met sy ware identiteit vrede te maak. Hy sê byvoorbeeld, "Perhaps by framing this ideal and funereal homosexual marriage in a prospect of poisonous flowers, I was making it more and more remote, thereby putting off the day when I'd have to decide whether I myself was homosexual or not. Of course I wanted to love a man and to be heterosexual; the longer I could delay sorting out this antinomy the better", White (1982:199). Die aanname suggereer dat hy weet dat hy gay is, maar dat hy nie die feit wil aanvaar nie. Die rede vir sy vrees hou dalk verband met die feit dat hy in 'n vasgestelde rigting ontwikkel en dat hy bewus is dat die eindresultaat onvermydelik is.

Die laaste gay voorval wat in die verhaal genoem word, is die seun se verloëning van meneer Beattie. Alhoewel hy nie tot hom aangetrokke is nie, dwing hy homself om omgang met hom te hê. Die verhouding wat hy met Beattie het, is dus homoseksueel en nie homofiel van aard nie, omdat daar geen sprake van liefde tussen die twee is nie. Seks word die element waarvolgens hul "verhouding" gedefinieer word, omdat die uitoefen van seks veroorsaak dat die seun 'n bepaalde

mag oor die ouer meneer Beattie het. As gay individu was hy deur die samelewing psigies ingehok, maar met sy verraad van meneer Beattie word hy bevry omdat hy gedeeltelik die onmoontlike ideaal verwesenlik het, naamlik, om 'n man "lief" te hê maar nie homofiel te wees nie.

Die verhaal sluit ook met die seun se verraad van meneer Beattie. Omdat hy daarin slaag om Beattie die sondebok te maak wat vir al sy mislukte verhoudings moet betaal, besef ons dat hy nie meer daardie naïewe sewejarige seuntjie is wat hy eens was nie. Sy inisiasie en gedeeltelike oriëntasie het daartoe bygedra dat hy ontwikkel het van 'n staat van onskuld tot 'n staat van kennis. Aan die einde van die roman besef die leser dat slegs 'n gedeelte van die seun se lewensverhaal vertel is en dat daar sekere aspekte van sy lewe is wat nog nie onthul is nie. Een aspek is byvoorbeeld die oomblik wanneer hy uiteindelik aanvaar dat hy gay is. Omdat bogenoemde nog nie onthul is nie, gee dit te kenne dat sy verhaal nog voortgaan. Dit beklemtoon dus dat hy as individu nog steeds ontwikkel en dat daardie proses nie staties is nie.

### 3.3.2 Gay temas in A Boy's Own Story

As ons ons aandag op al die gay voorvalle in die verhaal vestig en dan die verhaal slegs as 'n gay-verhaal lees, vind ons dat 'n aantal temas identifiseer kan word. Die sentrale tema is die **seun se stryd om vrede met sy homofiele identiteit te maak**. Soos die seun met ander karakters kontak maak, identifiseer ons ook ander subtemas wat

die gay-teks van die hoofstroom-teks onderskei. Ons sal nie die subtemas in diepte bespreek nie, omdat dit sal verg dat ons nog 'n interpretasie van die verhaal moet maak. Omdat ons reeds die verhaal uit verskeie hoeke benader het, sal ons slegs die subtemas noem en met behulp van voorbeelde verduidelik waarom ons dit as sulks identifiseer.

**Inisiasie** is een van die eerste gay subtemas waarmee ons in die verhaal kennis maak. Dit is ook vanselfsprekend dat ons dit in die verhaal sal vind omdat dit die hooftema ondersteun. Ons het reeds genoem dat die seun se inisiasie 'n geleidelike proses was en dat dit uiteindelik Ralph was wat hom seksueel geïnisieer het. As ons na al die gebeurtenisse kyk wat tot sy seksuele inisiasie lei, naamlik, die kaptein se molestering van sy kamermaat en Stone se toenadering tot hom, vind ons dat dit in 'n kampmilieu plaasvind, waar die afsondering van slegs seuns die perfekte klimaat daarvoor skep.

**Homofiele oriëntasie** is die natuurlike opvolging van die inisiasie-proses. As subtema vind dit ook 'n plek in die verhaal, maar dit word nie in al sy fasette beskryf nie. Na sy inisiasie, kry die seun byvoorbeeld 'n voorsmakie van die gay subkultuur wanneer hy op aandrang van die hillbilly besluit om 'n "hustler" vir homself te "koop". Die oriënteringsproses word nie in al sy fasette beskryf nie omdat die seun homself nie onmiddellik aan die werklikheid van sy homofiele bestaan oorgee nie.

Die **getroude gay** subtema word nie in diepte behandel nie, maar die werklikheid daarvan word tog genoem. In die verhaal word dit byvoorbeeld aan Rachel openbaar dat haar man DeQuincey jare lank 'n geheime verhouding met die priester, vader Burke gehad het. Die leser besef dat DeQuincey dalk in sy puberteitsjare dieselfde stryd as die seun meegemaak het. Vir hom het die oplossing in die huwelik gelê, omdat dit vir die samelewing 'n bevestiging was dat hy deel van die heteroseksuele gemeenskap uitmaak. Omdat hy getroud was, kon hy sy verhouding met vader Burke sonder verdenking voortsit. Die *getroude gay* subtema vind ook aansluiting by die hooftema in die sin dat dit as oplossing kan dien vir die homofiel wat sukkel om sy ware identiteit te aanvaar. Die uitbeelding van bogenoemde subtema in die verhaal beklemtoon tog dat die gay se toevlug tot die heteroseksuele huwelik gevolge dra.

In die subtema wat **gay politiek** (maar meer spesifiek die politiek van seks) aanspreek, word die mag wat seks oor 'n individu kan hê, beklemtoon. Gay-verhale wat die "closet" bestaan uitbeeld, handel dikwels oor die gay individu se vrees dat ander hom sal ontdek en dat hy daarna as 'n verworpeling behandel sal word. Aan die einde van A Boy's Own Story waar die seun seks met meneer Beattie het en hom direk daarna veraai, het ons 'n voorbeeld waar mag van een individu na 'n ander deur middel van seks oorgedra word. Voor sy verraad was die mag in die hande van meneer Beattie, die verteenwoordiger van die heteroseksuele samelewing. Ná die seksdaad vind ons dat dit egter van hom ontneem word en dat dit dan in die hande van die seun verplaas word,

wat 'n verteenwoordiger van die gay-samelewing is. In bogenoemde geval, word die verbode seks wat hy met meneer Beattie het uiteindelik die hefboom waarmee hy hom kan manipuleer. Weens sy vrees dat sy aksies vorendag sal kom, kan hy nie die seun voor die Eton-gemeenskap as gay brandmerk nie. Die mag wat die seun oor hom het, is van so 'n aard dat dit die stem kan stil wat hom leed kan aandoen.

### 3.3.3 Die mitologiese model waarna A Boy's Own Story streef

In die eerste hoofstuk van die skripsie het ons genoem dat die gay teks ten minste drie mitologiese modelle nastreef. Dit is ooglopend dat A Boy's Own Story ooreenkomste met een van daardie mites toon, naamlik, die Narcissus-mite.

As ons die aanname maak dat A Boy's own story ooreenkomste met die Narcissus-mite toon, sal die leser instinktief aanneem dat die seun die Narcissus-figuur is omdat hy die hoofkarakter in die verhaal is. Slegs wanneer die verhaal deurgelees word, vind ons dat hy alles behalwe die Narcissus-figuur is. As ons die seun se karakter in terme van die Narcissus-mite moet beskryf, kan ons hom as 'n Echo-figuur definieer. 'n Vergelyking tussen die mite en kerngebeurtenisse in die verhaal sal aantoon waarom hy as sulks gedefinieer word.

Narcissus is daarvoor bekend dat hy as jong man so beeldskoon was dat talle minnaars na hom gevry het. Omdat hy van sy beeldskoonheid bewus was, het hy meerderwaardig teenoor

ander opgetree en het dikwels die liefde verag. Dit is uiteindelik sy swakheid, naamlik, sy verwaandheid, wat tot sy ondergang lei.

Die seun se aantreklikheid was daarenteen nie noemenswaardig nie. Sy persoonlikheid en fisieke beeld was nie bekwaam om ander na hom toe te lok nie. Waar Narcissus die liefde verag het, word die seun as Echo-figuur die objek van veragting. Binne die konteks van die verhaal kan die liefde as metafoor vir die Narcissus-figuur beskou word. In die Narcissus-mite word dit vir Echo ´n obsessie om Narcissus se liefde te wen. As gevolg daarvan dat sy deur hom verwerp word en geen plaasvervanger wil aanvaar nie, onttrek sy haar na ´n eensame plek waar sy wegkwyn. As gevolg van een van sy swakhede, naamlik sy lae selfbeeld, kon die seun nie sy gevoelens met eerlikheid en selfvertroue aan ander openbaar nie. In sy strewe na ware liefde, loop sy pogings telkens uit op mislukking. As hy byvoorbeeld ná ´n mislukte verhouding met Helen Paper homself van almal onttrek en tydens sy depressie mononukleose opdoen, toon die gebeurtenis duidelike ooreenkomste met die lot van die kwynende Echo. In kontras met Echo wat haarself aan haar lot oorgegee het, styg die seun uit bo sy omstandighede. Alhoewel hy met sy siekte ´n emosionele laagtepunt in sy lewe bereik het, slaag hy tog daarin om van sy depressie los te ruk. Sy verraad van meneer Beattie, wys dat sy vasberadenheid en geslepenheid hom in staat stel om teen sy lot te veg.

Die feit dat A Boy's Own Story ooreenkomste met die Narcissus-mite toon, bevestig dus dat dit een van die drie mitologiese modelle volg wat die gay-teks as geheel nastreef.

### 3.3.4 Evaluasie van A Boy's Own Story as gay-teks

In ons bespreking van A Boy's Own Story as gay teks, het ons die verhaal op drie vlakke benader, naamlik, in terme van die definisie, in terme van 'n tematiese ondersoek en laastens, ten opsigte van die mitologiese modelle waarna die gay-teks streef.

Met betrekking tot die definisie van die gay-teks het ons gevind dat die verhaal aan die hoofvereiste beantwoord, naamlik dat dit homofiliteit uitbeeld. Die tematiese ondersoek het ook positiewe vondse opgelewer in die sin dat ons 'n aantal temas kon identifiseer wat die gay-teks van die hoofstroom-teks isoleer. Ons het laastens gevind dat die teks die Narcissus-mite nastreef, wat ons 'n aanduiding gee dat die verhaal dalk as 'n gay-teks benader kan word.

Alhoewel ons A Boy's Own Story as gay-teks op drie onderskeie vlakke benader het, vind ons dat White(1982) se vernuf as skrywer dit in die verhaal effektief 'n eenheid laat vorm.

## 3.4 Opmerkings met betrekking tot die gay-teks en hoofstroom-literatuur

Die tweede hoofstuk van hierdie skripsie eindig met die vraag: Hoe word tekste geklassifiseer wat sterk as hoofstroom-teks beoordeel word, maar waar daar ook een of meer gay-temas aangetref word? Op die agterkant van A Boy's Own Story se stofomslag lees ons verskeie reaksies op die verhaal. Thomas Disch (van The Washington Post Book World) se reaksie op die verhaal is, "With A Boy's Own Story American literature is larger by one classic novel". Susan Sontag se reaksie is, "A large and happy accomplishment...full of pungent observations, wonderful language, and convincing sensuality...Edmund White is one of the outstanding writers of prose in America today." Bogenoemde reaksies deur kritici wat 'n groot invloed op die leser-publiek het, beskou die verhaal eerstens as 'n uitmuntende hoofstroom-verhaal, weens die skrywer se vernuf. Die teks word met ander woorde, openlik aanvaar binne die literêre kanon. Afgesien van die feit dat die verhaal as hoofstroom-teks kwalifiseer, is daar talle homofiele verwysings. Hierdie gegewens kan nie misgekyk word nie. Ongeag van die hoeveelheid homofiele verwysings, moet die verhaal per definisie, sonder huiwering as gay-teks bestempel word. Die beoordeling van A Boy's Own Story het op verskeie vlakke plaasgevind. Toe dit as hoofstroom-teks beoordeel is, was die kriterium dat die verhaal 'n menslike kondisie effektief moes uitbeeld. 'n Verskillende maatstaf was gebruik toe die verhaal as gay-teks beoordeel is. Ons het onder andere gekyk of homofiliteit 'n rol in die verhaal speel, dit wil sê, primêr, sekondêr of bloot as 'n suggestie of sensibiliteit. Die feit dat A Boy's Own Story as beide hoofstroom- en gay-teks beoordeel is, is as gevolg daarvan dat dit die kriteria van beide hoofstroom- en gay-literatuur

beantwoord het. Die bogenoemde bevinding belig 'n belangrike aspek van die gay-teks. Dit het die potensiaal om enige hoofstroom-teks te wees, met die voorvereiste dat dit eers aan die kriterium van die gay-teks moet beantwoord.

# HOOFSTUK VIER

## SLOT

In die voorafgaande hoofstukke, het ons die gay-teks vanuit ´n teoretiese oogpunt benader. Ons het ´n model voorgelê van hoe ´n teks beoordeel moet word as daar onsekerheid ontstaan met betrekking tot die aard van die teks. Teoretiese modelle het dikwels baie min impak op konserwatiewe lesers en hulle beoordeling van bepaalde tekste vind instinktief plaas.

Een aspek wat veral die leser se oordeel affekteer is wie die skrywer is. Dit gebeur dikwels dat gevestigde gay skrywers se werk moeiliker as hoofstroom-literatuur beoordeel word as nie-gay skrywers s´n. Om hierdie punt beter te belig, sal ons ´n scenario skets. Veronderstel daar is twee skrywers, een gay en die ander, nie-gay. Laat ons vir argumentshalwe name aan hierdie skrywers gee. Die gay-skrywer sal as Billy Buys bekendstaan en die nie-gay skrywer sal Fanie Fritz heet. Veronderstel dat Billy Buys reeds ´n gevestigde gay-skrywer is en dat hy ´n aantal romans en kortverhale agter sy naam het. Fanie Fritz is daarvoor bekend dat hy uitmuntende speurverhale skryf waarmee lesers maklik kan identifiseer omdat hy altyd ´n menslike kondisie effektief uitbeeld. As Buys op ´n dag besluit dat hy nog

steeds gay karakters wil gebruik maar dat hy hulle slegs wil gebruik om 'n menslike kondisie uit te beeld, mag talle lesers sy werk as gay beskou weens hul voorkennis dat hy 'n gay-skrywer is. Ten spyte van sy pogings om aanvaarding binne hoofstroom-kringe te geniet, ontsê die leser se vooroordeel die teks van sy hoofstroom-status. As Frits volhou om speurverhale te skryf, maar in een verhaal besluit om een of meer gay karakters te gebruik sodat hy 'n groter verskeidenheid aan sy karakters kan gee, vind ons dat lesers sy werk vanuit 'n ander oogpunt benader. Omdat hy reeds 'n gevestigde speurverhaalskrywer is, is die leser tevrede om die werk as sodanig te klassifiseer. Ten spyte daarvan dat die gay karakters se seksuele oriëntasie 'n groot bydrae mag lewer tot spanning en onverwagte onthullings in die verhaal, word die teks nie so maklik as gay-teks bestempel nie. Waar soortgelyke gevalle in die praktyk voorkom, vind ons dat die gay-teks se meriete dikwels ondermyn word omdat die leser die gay-teks en hoofstroom-literatuur as aparte entiteite beskou.

Vanuit 'n skrywersperspektief noem Leavitt (1994) dat die publiek hom dikwels vra of hy homself as 'n *gay skrywer* beskou. Sy antwoord is dat die vraag irrelevant is. Omdat die kultuur waarin hy leef hom reeds as 'n gay skrywer beskou en dat dit ander skrywers wat kies om oor die gay onderwerp te skryf ook as gay skrywers bestempel, maak dit nie saak wat sy opinie is nie. Alhoewel hy as 'n gay-skrywer beskou wil word, glo hy dat as die kultuur volhou om sy seksuele oriëntasie te belig, die titel *gay*

*skrywer* aan hom sal bly kleef. Hy onderskei dus tussen 'n *gay skrywer* en 'n *gay-skrywer*, waar eersgenoemde op die skrywer se seksuele oriëntasie dui.

Leavitt (1994) voer verder aan dat verskeie aspekte van die gay-skryfkuns dikwels bevraagteken word. Mense vra byvoorbeeld vrae soos waarom gay-skrywers altyd oor gay karakters skryf. As ons, soos Leavitt (1994) tereg aanwys, 'n welbekende hoofstroom-skrywer moet vra waarom hy net oor heteroseksuele karakters skryf, besef ons hoe onsinnig die vraag werklik is. Omdat dit die norm is, kan skrywers ongehinderd die nuanses van heteroseksualiteit verken. Sodra skrywers dieselfde met homofiliteit probeer, word die wenkbroue gelig. Wanneer skrywers sonder enige bybedoelings kies om gay karakters te gebruik, verwag die leser gewoonlik dat die skrywer 'n stelling gaan maak. Resensente word dikwels gekwel deur die feit dat gay-skrywers van te veel gay karakters gebruik maak. Hierdie kwelling kan deur die volgende teen-argument uitgeskakel word. Daar word byvoorbeeld nooit kapsie gemaak teen skrywers wat 'n oorvloed heteroseksuele karakters gebruik nie. As die bogenoemde vrae (waar die gay-teks gekritiseer word) instinktief by ons opkom, loop ons die gevaar dat ons sal begin glo dat 'n karakter deur sy seksualiteit gedefinieer word.

Afgesien van die toenemende erkenning wat individuele gay-tekste in die hoofstroom-pers geniet, versuim resensente om die teks te plaas binne die breër konteks van eietydse literatuur. As daar nie verwys word na die aspirasies en prestasies van die gay-teks nie, loop kritici die gevaar om

die betekenis van 'n bepaalde literêre werk te verdraai en om die skrywer van sy plek binne die literêre geskiedenis te ontsê. Stambolian (1988:3) verklaar, "Literature does not exist in a cultural vacuum. It is born from specific social and historical conditions; it reflects those conditions, and directly affects the way our lives are perceived and transformed. The term 'gay fiction' refers not only to an impressive body of work but to the liberation of a complex subject, and an entire community's right to the free use of it's imagination".

In kontras met sy teenhanger, is daar onder andere nie 'n literêre skool van gay-fiksie nie. Om hierdie rede kan ons nie praat van 'n tipiese gay-teks of gay-verhaal nie. Gay-skrywers is individualisties, met ander woorde, hulle het hul eie styl en artistieke belangstellings en hierdie feit kan daartoe bydra dat hulle met skrywers gegroepeer word wat dieselfde belangstellings het en wat self nie gay is nie. Stambolian (1988) se benadering tot die gay-teks (maar meer spesifiek tot gay-fiksie) is dat dit 'n dubbelledige entiteit is. Vanuit 'n historiese perspektief kan gay-fiksie (en ook die gay-teks) as 'n kollektiewe verskynsel beskou word. Aan die praktiese kant, dra die individualistiese aard van die gay-teks daartoe by dat dit verskeidenheid meebring en dat dit dus nie tot 'n beperkte kategorie beperk hoef te word nie.

Die sukses van gay-literatuur lê in die resepsie daarvan. Die wyse waarop die gay-teks in die verlede ontvang is, kan skrywers toerus om hulself vir die toekoms voor te berei.

Daar is gemengde gevoelens met betrekking tot die toekomstige ontwikkeling van die gay-teks. Sommige kritici (hoofsaaklik gay) voel dat gay-skrywers na 'n groter leserskring moet mik. Hulle redeneer dat as skrywers dit nie doen nie, dit sal ontwikkel tot literatuur wat te introspektief is. Teenhangers voel dat die bogenoemde argument gevare inhou. Hulle redeneer dat skrywers die besonderheid van die homofiele ervaring en hul vermoë om mites met betrekking tot homofiliteit aan te spreek, sal prysgee ter wille van kommersiële sukses. 'n Aanhaling deur Jewelle Gomez in Stambolian (1990:3) beklemtoon hierdie punt, "As the work we do as gay and lesbian writers begins to take on value in the larger society, we run the risk of forgetting how vital our willingness to be outsiders, to be tough, has been to our ability to express ourselves". As ons die twee argumente teenoor mekaar stel, word ons herinner aan '' debat wat in die groter homofiele gemeenskap plaasvind tussen diegene wat met die dominante kultuur wil assimileer en diegene wat 'n afsonderlike gay-identiteit wil bekragtig. Die aard van bogenoemde debat maak ons attent op die wyse waarop die werklikheid in die literatuur gestalte vind. Toe Edmund White die Bill Whitehead-toekenning in 1989 verwerf het, het hy die volgende opmerking gemaak met betrekking tot die gay-teks, "what gay fiction does best is to describe our differences, pinpoint our individualities, express our conflicts and desires, no matter how ill-sorted they may be". Hy noem verder dat die gay-skryfkuns die potensiaal het om 'n invloedryke kulturele instrument te wees, want wanneer dit die hedendaagse seksuele konvensies bevraagteken, spreek dit essensiële morele en sielkundige geskilpunte aan. White se

voorstel is dat as skrywers die gay-belewenis, deur middel van die literatuur genoegsaam ondersoek, hulle (d.w.s. gay-skrywers) ook die breër samelewing (die heteroseksuele samelewing) met al hul konflikte en verskille sal bereik. Anders gestel, as skrywers diep genoeg in die gay-belewenis delf, sal hulle aspekte aanraak wat die breër heteroseksuele gemeenskap sal interesseer. Gay-skrywers sal hierdie punt bereik wanneer hulle kwessies aanspreek wat betrekking het op alle mense. As hierdie punt uiteindelik bereik word, sal daar nie geargumenteer word dat gay-literatuur nie universele literatuur is nie. White se mening is in lyn met dit wat ons in die vorige hoofstuk bespreek het in terme van hoe die menslike kondisie die verhouding tussen die gay-teks en hoofstroom-literatuur bepaal.

Aan die bemarkingskant vind ons dat daar van verskeie strategieë gebruik gemaak word om die gay-teks aan lesers bekend te stel. Die gewone roete wat die leser volg as hy/sy gay-literatuur wil aankoop, is om ´n gay-boekwinkel te besoek en die leesstof daar te koop. ´n Ander opsie is om ´n hoofstroom-boekwinkel te besoek, die gay-rak te besigtig en dan die gekose boek te neem. Alhoewel die bogenoemde rangskikking van gay-literatuur in boekwinkels die gay-teks op ´n effektiewe wyse aan die leser bekendstel, voel talle skrywers dat hulle deur dié indeling ondermyn word. As hul werk slegs op gay-rakke gevind kan word, impliseer dit dat dit ´n beperkte aantrekkingskrag op lesers sal hê en dat dit die kanse sal verminder om ´n breër leserskring te

bereik. Nog ´n nadeel is dat dit potensiële heteroseksuele lesers sal afskrik weens hul vrees dat hulle as gay bestempel sal word as ander hul voor die gay-rak sien staan.

´n Alternatiewe strategie wat deur verskeie boekwinkels aangewend word, is om gay-boeke met die nie-gay boeke te assimileer. Waar sommige boekwinkels nog steeds gay-rakke het, stal hulle die werk uit van lesers se gunstelingskrywers tussen die gay-literatuur. Gay-literatuur wat deur gevestigde uitgewerye gepubliseer is, word dikwels sonder aarseling tussen hoofstroom-literatuur vertoon. Hierdie strategie dra daartoe by dat talle gay-tekste toenemend publisiteit geniet. Bogenoemde is ´n teken dat daar ´n afname is in die skeiding tussen hoofstroom- en gay-literatuur. Dit belig die assimilasie van die gay-kultuur met die heteroseksuele samelewing, maar dit beklemtoon ook die progressiewe transformasie van die heteroseksuele kultuur.

Ten slotte vind ons dat die gay-skrywer se verlange om hoofstroom-status te verkry, bewaarheid sal word as hy daarna streef om sy plek vol te staan in die geskiedenis van die ontwikkeling van die gay-teks, maar ook as hy morele en sielkundige kwessies aanspreek wat alle mense raak. Die uitdaging wat verder bestaan, is dat daar aan die kritiese leser se vooroordeel gewerk moet word. Omdat die geskiedenis van die gay-teks ons leer dat die werklikheid in die literatuur gemanifesteer word, sal hierdie hindernis oorbrug word sodra die gay-kultuur geheel en al met die heteroseksuele samelewing geassimileer is.

# BIBLIOGRAFIE

**AANGEHAALDE TEKSTE**


Andros, Phil. 1982. *Below the belt and other stories.* Boston: Perineum Press.

Aucamp, Hennie. 1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die afrikaanse verhaalkuns.* Kaapstad: Human en Rousseau.

Botha, Danie. 1995. "'n Middag langs die voor" en "Die halwe man". In: *Die Soft Rock Klub.* Kaapstad: Tafelberg.

Bruwer, Johan. 1983. "'n Moffie chaff 'n Kaffer". In Aucamp, Hennie. 1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die afrikaanse verhaalkuns.* Kaapstad: Human en Rousseau.

Grant, Michael and Hazel, John. 1993. *Who's Who in Classical Mythology.* London: J.M. Dent.

Grimal, Pierre. 1990. *The Penguin Dictionary of Classical Mythology*. London: Penguin Books.

Haasbroek, P.J. 1990. "Swepe" In: Aucamp, Hennie. 1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die afrikaanse verhaalkuns.* Kaapstad: Human en Rousseau.

Hambidge, Joan. 1992. "Genre". In: Cloete, T.T.(red). 1992. *Literêre terme en teorieë.* Kaapstad: Haum-Literêr.

Isaacs, G. and McKendrick B. 1992. *Male Homosexuality in South Africa.* Cape Town: Oxford University press.

Kellogg, Stuart. 1985. *Essays on Gay Literature.* New York: Harrington Park Press.

Krouse, Matthew and Berman Kim. 1993. *The Invisible Ghetto: Lesbian and Gay Writing from South Africa.* Johannesburg: Cosaw Publishing.

Kramer, Larry. 1994. "Mrs Tefillin". In Leavitt, David and Mitchell, Mark.(red). *The Penguin Book Of Gay Short Stories.* London: Penguin.

Leavitt, David. 1994. *The Penguin Book Of Gay Short Stories.* London: Penguin.

Monette, Paul. "Halfway Home". In Stambolian, G. (red). 1990. *Men on men 3: best new gay fiction.* New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Mordden, Ethan. 1984. "Interview with the Drag Queen". In: Denneny, Michael, Ortleb, Charles, Steele, Thomas.(red). 1985. *First Love Last Love: New Fiction from Christopher Street.* New York: Perigee Books.

Mordden, Ethan. 1994. *Waves: An Anthology of New Gay Fiction.* New York: Vintage Books.

Ndatshe, Vivienne. 1993. "Two Miners". In: Krouse, Matthew and Berman Kim. 1993. *The Invisible Ghetto: Lesbian and Gay Writing from South Africa.* Johannesburg: Cosaw Publishing.

Odendaal, Welma. 1978. "Barrie". In: Aucamp, Hennie. 1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die afrikaanse verhaalkuns.* Kaapstad: Human en Rousseau.

Odendal, F.F. *HAT: Verklarende Handwoordeboek Van Die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor.

Rechy, John. 1977. *The Sexual Outlaw.* New york: Grove Weienfeld.

Saayman, F. 1982. Teksanalise van die ringkomposisies van Aiskhulos se Koorsange - ´n ondersoek na ´n bepaalde patroon van gedagte ontplooiing teen die semiotiese agtergrond van simboliek en etiek. D.Lit.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Sollers, Philippe. 1968. In Fowler, A. 1982. *Kinds Of Literature: an introduction to the theory of genres and modes.* Oxford: Clarendon.

Stambolian, G.(red). 1988. *Men on men 2: best new gay fiction.* New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Stambolian, G.(red). 1990. *Men on men 3:best new gay fiction.* New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Todorov, Tzvetan.(red). 1982. *French Literary theory today.* Cambridge: Cambridge University Press.

Van Gorp. In: Cloete, T. T.(red). 1992. *Literêre terme en teorieë.* Kaapstad: Haum-Literêr.

Van Tonder, Jan. "Laaities" en "Jare". In: Aucamp, Hennie. 1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die afrikaanse verhaalkuns.* Kaapstad: Human en Rousseau.

Wa Sibuyi, Mpande. 1993. "Tinkoncana Etimayinini:'the wives of the Mines'". In Krouse, Matthew and Berman Kim. 1993. *The Invisible Ghetto: Lesbian and Gay Writing from South Africa.* Johannesburg: Cosaw Publishing.

Weir, John. 1992. "Homo in Heteroland". In: Mordden, Ethan(red). *Waves: An Anthology of New Gay Fiction.* New York: Vintage Books.

White, Edmund. 1982. *A Boy's Own Story.* London: Plume.

**GERAADPLEEGDE TEKSTE**

Ackroyd, Peter. 1979. *Dressing up.Transvestism and drag: the history of an obsession.* London: Thames & Hudson.

Bal, M.(red). 1981. *Literêre genres en hun gebruik.* Muiderberg: Couthino.

Bal, M., Van Luxemburg, J. en Weststeijn, W. 1981/1987. *Inleiding in de literatuurwetenschap.*(5e herz. druk). Muiderberg: Couthino.

Cirlot, J.E. 1971. *A Dictionary of Symbols.* London: Routledge.

Dubrow, H. 1982. *Genre.* London: Methuen.

Edelman, Lee. 1994. *Homographesis: essays in gay literary and cultural theory.* London: Routledge.

Kielwasser, Alfred en Woolf, Michelle. 1991. *Gay People and the Media.* London: Harrington Park Press.

White, Edmund.(red). *The Faber Book of Gay Short Fiction.* London, Boston: Faber and Faber.

Wilcox, Michael.(red). 1984. *Gay Plays.* London: Methuen.

Wolverton, Terry and Drake, Robert.(red). 1991. *Indivisible.* New York: Plume, Penguin Books USA Books Inc.